# Evaluering van forensiese assesseringstegnieke tydens onderhoudsvoering van die seksueel misbruikte kind

Cathrina Gezina Johanna Phillips

November 2011

# Evaluering van forensiese assesseringstegnieke tydens onderhoudsvoering van die seksueel misbruikte kind

**CATHRINA GEZINA JOHANNA PHILLIPS**

Artikels voorgelê ter nakoming van die vereistes vir die graad

**MAGISTER ARTIUM**

**(MAATSKAPLIKE WERK)**

in die

Fakulteit Gesondheidswetenskappe

aan die

NOORDWES-UNIVERSITEIT

(POTCHEFSTROOM KAMPUS)

**Studieleier: Prof CC Wessels**

**Potchefstroom**

**November 2011**

**Opgedra aan die belangrike mans in my lewe**

**My man Andrew Phillips omdat ons kinders so onbevange by jou is.**

**My pa Hennie van der Merwe by wie ek onbevange kon groot word.**

**My twee broers Heinrich en Jaco by wie ’n kleinsussie veilig kon voel.**

**My eie seun Leo vir die broer, man en pa wat jy nog gaan word.**

**As ek aan julle dink, weet ek dat daar nog normale mans, pa’s,**

**broers en seuns is.**

**Ek is dankbaar dat julle in my lewe gekom het.**

# DANKBETUIGINGS

*Die allerhoogste dank en lof aan my Hemelse Vader wat my gebede verhoor het. Hy het my op hierdie pad geplaas om die wêreld van die seksueel misbruikte kind te verstaan. Ek bid dat Jesus elke kind met sy liefde sal toevou en beskerm*

**My opregte dank aan almal wat op die een of ander wyse bygedra het tot die voltooiing van hierdie artikels.**

**Spesiale dank aan die volgende mense:**

* Baie dankie aan Prof CC Wessels vir haar wysheid, geduld, waardevolle leiding, sagmoedigheid en aanmoediging tydens elke gesprek.
* Baie dankie aan my man Andrew wat onvoorwaardelik in my bly glo het, selfs wanneer ek gedink het dat my eie vermoëns tekortskiet.
* Baie dankie aan my twee liefling kinders Leo en Clareas wat soms spesiale tye moes opoffer vir my studies.
* Baie dankie aan my ouers vir 'n voorsprong van sorgvrye en kommerlose kinderjare.
* Baie dankie aan almal wat aan die onderhoude deelgeneem het.

# VOORWOORD

Die artikelformaat is gekies ooreenkomstig regulasie A7.5.7.4 van die Noordwes Universiteit vir die graad MSW. Die artikels voldoen aan die vereistes van die vaktydskrif Carsa.

# OPSOMMING

**Evaluering van forensiese assesseringstegnieke tydens die onderhoudsvoering van die seksueel misbruikte kind**

**Sleutelterme:** Forensiese assesseringstegnieke, seksuele misbruik, sistematiese aanrakingseksplorasie en deskundige getuie

Forensiese assesseringstegnieke wat tydens ondersoeke na kinder seksuele misbruik benut word, het in ŉ hoë mate mettertyd ontwikkel. Navorsing het ŉ waardevolle bydrae gelewer tot effektiewe en geskikte assesseringstegnieke. Verdere navorsing is egter nodig om die bestaande tegnieke te ondersoek. Die persoon wat by forensiese assesserings betrokke is, kan baat vind by die leiding wat navorsing bied.

Op grond hiervan het die navorser ondersoek ingestel na die forensiese assesseringstegnieke wat tans in die praktyk deur forensiese maatskaplike werkers benut word. Gedurende die ondersoek is verskeie tegnieke wat tydens forensiese assesseringsonderhoude benut word, geïdentifiseer en bespreek. Die sistematiese aanrakingseksplorasie is vir die doel van hierdie studie deur die navorser uitgesonder. Hierdie tegniek is aan die hand van ŉ gevallestudie bestudeer en bespreek.

Ondersoek is ook ingestel na die menings van maatskaplike werkers wat in die forensiese veld werksaam is, asook dié van justisie-amptenare, onder wie landdroste en staatsaanklaers, wat in die hof vir seksuele misdrywe werksaam is, ten opsigte van die benutting van die sistematiese aanrakingseksplorasie. Die justisie-amptenare was aanvanklik nie vertroud met die tegniek nie. Nadat literatuur vir bestudering aan hulle beskikbaar gestel is, is vasgestel dat hulle ontvanklik is vir en positief staan teenoor die benutting van die sistematiese aanrakingseksplorasie.

Die ondersoek het ten doel gehad:

* Om deur middel van ŉ literatuurstudie die forensiese assesseringstegnieke wat tans in die praktyk benut word, te identifiseer en te bespreek; en
* Om die sistematiese aanrakingseksplorasietegniek aan die hand van ŉ literatuurstudie en empiriese navorsing te evalueer.

Samevattend kan gestel word dat die tegnieke, soos in hierdie navorsing bespreek, deel behoort uit te maak van die protokol van die professionele persoon wat die seksueel misbruikte kind assesseer. Hierdie navorsing het bevind dat die sistematiese aanrakingseksplorasie ʼn waardevolle forensiese assesseringstegniek is ten opsigte van die seksueel misbruikte kind.

# SUMMARY

**Evaluation of forensic assessment techniques during the interview of the sexually abused child**

**Key terms:** Forensic assessment techniques, sexual abuse, Touch Survey and expert witness.

Forensic assessment techniques utilized during child sexual abuse investigations have evolved greatly through the years. Research has provided valuable information regarding effective and appropriate assessment techniques. However, more research is needed to further explore these techniques. The forensic interviewer can benefit considerably from the guidance provided by research.

Based on the above, the researcher investigated the forensic assessment techniques currently utilized by forensic social workers in practice. During the research, several techniques utilized during forensic assessment interviews were identified and discussed. The Touch Survey was selected by the researcher for the aim of this study. This technique was studied and discussed by means of a case study.

The researcher also investigated the opinions of social workers working in the forensic field regarding the Touch Survey, as well as the opinions of Judicial Officials, amongst others magistrates and state prosecutors working in the sexual offence courts. Initially, the Judicial Officials were not familiar with the technique, but after literature had been made available to them to study it, it was established that they are receptive to and positive about the mentioned forensic assessment technique.

The aim of the investigation was:

* To identify and discuss the forensic assessment techniques currently used in practice, by means of a literature study; and

* To evaluate the Touch Survey technique based on a literature study and empirical research.

In conclusion, it can be said that the techniques as discussed in this research should form part of the professional person’s protocol when assessing the sexually abused

child.  This research has proved that the Touch Survey can be used with great value as a forensic assessment technique regarding the sexually abused child.

# VOORSKRIF VAN TYDSKRIF

CARSA is a national journal that promotes academic and professional discourse amongst professionals involved in child-care work in South Africa. It publishes high quality, peer-evaluated, applied, multidisciplinary articles focusing on the theoretical, empirical and methodological issues related to child abuse in the light of the current political, cultural and intellectual topics in South Africa. Authors of articles submitted for review will remain anonymous. The comments of the reviewers and peer evaluators should be constructive and helpful and designed to aid the authors to produce articles that can be published. The authors may then use these comments to revise their articles. However, the final decision on whether or not to publish an article rests with the editor. There should be an interval of at least two issues between articles published by the same author.

**<u>Preparing articles for submission</u>**

The submitted articles should always conform to CARSA's house style. As the journal develops, it is envisaged that it will contain full-length articles, shorter debates, book reviews and software reviews. The following information is provided regarding the length of articles:

- full-length articles should not exceed a word count of 8000 (tables excluded)
- shorter articles (in the form of shorter debates) should not exceed a word count of 3000 (tables excluded)
- book reviews should not exceed a word count of 1000
- software reviews should not exceed a word count of 3000

Tables, figures, illustrations and references are excluded from the word count. Book reviews and software reviews will be initiated by the editor and review editors. They will commission individuals to do the reviews. Prospective authors are expected to abide by language guidelines regarding issues of gender and race and disability.

Empirical research should adhere to acceptable standards of descriptive and inferential statistics and empirical data should be manipulated statistically using an acceptable statistical program such as the Statistical Package for the Social

Sciences (SPSS) or SAS. The inferences regarding qualitative analysis should also be accompanied by an explanation of the techniques used or should utilise statistical packages such as SQR.NUD.IST which are recognised for this type of analysis.

## Copyright policy and author's rights

Once an article has been accepted for publication, the author automatically agrees to the following conditions. All work published in CARSA is subject to copyright and may not be reproduced, in whole or in part, in any manner or in any medium without the written consent of the editor, unless no charge is made for the copy containing the work, and provided the author's name and place of first publication appears in the work. Authors assign copyright to CARSA.

Non-exclusive rights for contributions to debates and comments to articles are requested so that these may also appear in CARSA. The moral right of the author to his or her work remains with the author. Where applicable, contributors should indicate sources of funding. It is the duty of the author to clear copyright on empirical, visual or oral data. Simultaneous submission to other electronic or printed journals is not allowed.

## Notes for contributors

Articles that appear in CARSA are subject to the usual academic process of anonymous peer reviewing. The articles that are written by the editorial staff will be refereed by independent referees. Electronic submission of articles by E-mail should be done in one of the following:

(A) MS Windows, Word (B) WordPerfect (C) Plain ASCII File format.

Figures, maps, and photographs should be submitted on disk in any standard format.

Authors should submit their work to SAPSAC.

Authors who are unable to submit their work electronically should despatch three copies to the postal adress. Before submission, articles should have been corrected for errors, edited and should be accurate.

***It is the responsibility of the author that articles should be language and technically edited, before submission.***

## Style

Main headings should be typed in upper case and begin at the left margin. No indentation is allowed. Dates should be written as follows: 9 January, 2000. Bold, italics and underscore should be formatted as such in the original document. The recommended style for reference purposes is the abbreviated Harvard technique, for example, "Child abuse is rising (Author 1999:10)" OR "According to Author (1999:10), child abuse is rising". In the case of legal articles, footnotes will be allowed.

To work toward uniformity in the alphabetical bibliography at the end of an article, the following examples of format are given:

**Books:**

Kuehnle, K. 1996. Assessing allegations of child sexual abuse. Sarasota: Professional Resource Press.

**Articles:**

Collings, SJ & Payne, MF. 1991. Attribution of causal and moral responsibility to victims of father-daughter incest: an exploratory examination of five factors. Child Abuse and Neglect (15)4:513-521.

Where applicable, contributors should indicate sources of funding. It is the duty of the author to clear copyright on empirical, visual or written data. Simultaneous submission to other electronic or printed journals is not allowed.

## Non-sexist language

Gender specific nouns and pronouns should not be used to refer to people of both sexes. The guidelines on sexist, racist and other discriminatory language should be observed. The following is intended to assist contributors to refrain from sexist language by suggesting non-sexist alternatives.

**Sexist:** Each respondent was asked whether he wanted to participate. The child should have enough time to familiarise himself with the test.

**Non-sexist:** Respondents were asked whether they wished to participate. Enough time should be allowed for the child to become familiar with the test

# INHOUDSOPGAWE


**DANKBETUIGINGS** ..... I

**VOORWOORD** ..... II

**OPSOMMING** ..... III

**SUMMARY** ..... V

**VOORSKRIF VAN TYDSKRIF** ..... VII

**INHOUDSOPGAWE** ..... X

**AFDELING A** ..... 1

**1. PROBLEEMSTELLING** ..... 1

**2. MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP** ..... 4

**3. DOELSTELLING EN DOELWITTE** ..... 5

3.1 DIE DOELSTELLING VAN DIE ONDERSOEK ..... 5
3.2 DIE DOELWITTE VAN DIE STUDIE ..... 5

**4. SENTRALE TEORETIESE STELLING** ..... 5

**5. NAVORSINGSMETODOLOGIE** ..... 5

5.1 LITERATUURSTUDIE ..... 5
5.2 EMPIRIESE STUDIE ..... 6
*5.2.1 Navorsingsontwerp* ..... *6*
*5.2.2 Deelnemers* ..... *7*
*5.2.3 Prosedures* ..... *8*
*5.2.4 Etiese aspekte* ..... *9*
*5.2.5 Dataverwerking* ..... *9*
*5.2.6 Beperkinge en leemtes van die ondersoek* ..... *10*

**6. AANDUIDING VAN SLEUTELTERME** ..... 11

**7. UITEENSETTING VAN DIE VERSLAG** ..... 12

**8. BIBLIOGRAFIE** ..... 13

**AFDELING B** ..... 17

**ARTIKEL 1** ..... 18

**1. INLEIDING** ..... 18

**2. PROBLEEMSTELLING** ..... 19

**3. DOELSTELLING EN DOELWITTE** ..... 21

**4. SENTRALE TEORETIESE STELLING** ..... 22

**5. NAVORSINGSMETODOLOGIE** ..... 22

5.1 LITERATUURSTUDIE ..... 22

6. BESPREKING VAN TEGNIEKE WAT TYDENS DIE FORENSIESE ASSESSERINGS VAN DIE SEKSUEEL MISBRUIKTE KIND BENUT KAN WORD .......... 23
6.1 INLEIDING .......... 23
6.2 GEHEUE .......... 23
6.3 VERSKILLE TUSSEN FORENSIESE EN KLINIESE BENADERING .......... 24
7. SISTEMATIESE AANRAKINGSEKSPLORASIE-TEGNIEK .......... 26
7.1 INLEIDING .......... 26
7.2 HEWITT SE LOODSSTUDIE .......... 26
7.3 DIE SISTEMATIESE AANRAKINGSEKSPLORASIE-TEGNIEK, SOOS BESKRYF DEUR HEWITT EN ARROWOOD (1994:31) .......... 27
7.4 DIE MENING VAN ANDER PROFESSIONELE PERSONE OOR DIE BENUTTING VAN DIE SISTEMATIESE AANRAKINGSEKSPLORASIE-TEGNIEK .......... 28
7.5 SLOTSOM .......... 29
8. KOGNITIEWE ONDERHOUD .......... 30
8.1 INLEIDING .......... 30
8.2 DIE VIER KOMPONENTE VAN DIE KOGNITIEWE ONDERHOUD .......... 30
8.3 DIE MENING VAN ANDER PROFESSIONELE PERSONE OOR DIE BENUTTING VAN HIERDIE TEGNIEK .......... 31
8.4 SLOTSOM .......... 32
9. TEKENINGE .......... 32
9.1 INLEIDING .......... 32
9.2 DOEL EN FUNKSIE VAN DIE BENUTTING VAN TEKENINGE AS FORENSIESE ASSESSERINGSTEGNIEK .......... 33
9.3 DIE MENING VAN ANDER PROFESSIONELE PERSONE OOR DIE BENUTTING VAN TEKENINGE .......... 34
9.4 SLOTSOM .......... 36
10. SELEKTIEF ANATOMIES GEDETAILLEERDE TEKENINGE .......... 36
10.1 INLEIDING .......... 36
10.2 FUNKSIES VAN DIE SELEKTIEF ANATOMIES GEDETAILLEERDE TEKENINGE .......... 37
10.3 DIE MENING VAN ANDER PROFESSIONELE PERSONE OOR DIE BENUTTING VAN SELEKTIEF ANATOMIES GEDETAILLEERDE TEKENINGE .......... 37
10.4 SLOTSOM .......... 38
11. SELEKTIEF ANATOMIES GEDETAILLEERDE POPPE .......... 39
11.1 INLEIDING .......... 39
11.2 DIE MENING VAN ANDER PROFESSIONELE PERSONE OOR DIE BENUTTING VAN SELEKTIEF ANATOMIES GEDETAILLEERDE POPPE .......... 39
11.3 SLOTSOM .......... 42
12. BESPREKING .......... 42
13. GEVOLGTREKKING .......... 44
14. AANBEVELINGS .......... 45
15. BIBLIOGRAFIE .......... 46
AFDELING C .......... 50
ARTIKEL 2 .......... 51
1. INLEIDING .......... 51
2. PROLEEMSTELLING .......... 52
3 DOELSTELLING EN DOELWITTE .......... 53
3.1 DOELSTELLING .......... 53
3.2 DOELWITTE .......... 54

4. SENTRALE TEORETIESE STELLING ........ 54
5. NAVORSINGSMETODOLOGIE........ 54
5.1 LITERATUURSTUDIE........ 54
5.2 EMPIRIESE ONDERSOEK........ 55
*5.2.1 Navorsingsontwerp ........ 55*
*5.2.2 Deelnemers........ 55*
*5.2.3 Insameling van die inligting........ 56*
*5.2.4 Analisering en interpretering van inligting........ 57*
*5.2.5 Etiese aspekte ........ 60*
6. BESPREKING VAN DATA VERKRY UIT DIE EMPIRIESE ONDERSOEK ........ 61
6.1 WAT IS DIE KENNIS- EN OORTUIGINGSVLAK VAN MAATSKAPLIKE WERKERS WAT IN DIE FORENSIESE VELD WERK RAKENDE DIE BENUTTING VAN DIE SISTEMATIESE AANRAKINGSEKSPLORASIE AS 'n FORENSIESE ASSESSERINGSTEGNIEK? ........ 61
*6.1.1 Dra die deelnemers kennis van die sistematiese aanrakingseksplorasie as 'n forensiese assesseringstegniek? ........ 62*
*6.1.2 Wat is die oortuigings van maatskaplike werkers wat in die forensiese veld werk, rakende die benutting van die sistematiese aanrakingseksplorasie as 'n forensiese assesseringstegniek? ........ 63*
6.2 WAT IS DIE KENNIS- EN OORTUIGINGSVLAK VAN JUSTISIE-AMPTENARE TEN OPSIGTE VAN DIE SISTEMATIESE AANRAKINGSEKSPLORASIE AS 'n FORENSIESE ASSESSERINGSTEGNIEK? ........ 66
*6.2.1 Wat is die justisie-amptenare se kennisvlak ten opsigte van assesseringstegnieke? ........ 67*
*6.2.2 Wat die oortuigings van die justisie-amptenare is rakende die benutting van die sistematiese aanrakingseksplorasie as 'n forensiese assesseringstegniek ........ 69*
6.3 DIE EVALUERING VAN DIE SISTEMATIESE AANRAKINGSEKSPLORASIE AS FORENSIESE ASSESSERINGSTEGNIEK DEUR MIDDEL VAN 'n GEVALLESTUDIE........ 72
GEVALLESTUDIE: TESSA........ 72
*6.3.1 Inleiding........ 72*
*6.3.2 Agtergrond........ 73*
*6.3.3 Ondersoekproses ........ 74*
7. SAMEVATTING........ 77
8. GEVOLGTREKKINGS........ 78
9. AANBEVELINGS ........ 80
10. BIBLIOGRAFIE ........ 80
AFDELING D ........ 85
SAMEVATTENDE BEVINDINGE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS ........ 86
1. INLEIDING ........ 86
2. SAMEVATTING........ 86
3. GEVOLGTREKKINGS........ 86
4. AANBEVELINGS ........ 89
5. SLOTSOM........ 90
SAMEVATTENDE BIBLIOGRAFIE........ 91

# AFDELING A

## 1. PROBLEEMSTELLING

Die seksuele misbruik van kinders is nie ŉ nuwe verskynsel in die hedendaagse samelewing nie. Dit is egter steeds een van die mees kontroversiële vorme van kindermishandeling. Aangesien die seksuele misbruik van kinders kommerwekkende afmetings aanneem, beskou die Suid-Afrikaanse regering die bekamping van misdade teen kinders as ŉ prioriteit (Fouché & Joubert, 2009:41).

In die Suid-Afrikaanse Polisiediens se misdaadstatistiek-verslag vir 2009-2010 is dit beklemtoon dat seksuele misbruik die oorheersende misdaad is wat teen kinders gepleeg word (Keppler & Fourie, 2010:1). In die 2010/2011-verslag lyk die prentjie nie veel anders nie en word daar aangetoon dat die sosialekontak-misdaad wat hoofsaaklik teen kinders gepleeg word, teen 51.9% steeds seksuele misdrywe is (Annual Crime Report of the SAPD, 2010/2011:11). Ten spyte van die Suid-Afrikaanse Polisiediens se bewusmakingsveldtogte en misdaadvoorkoming-strategieë is daar steeds ŉ toename in die gerapporteerde seksuele misdade teen kinders (Fouché & Joubert, 2009:41).

Die Suid-Afrikaanse Regstelsel verwag van hierdie kinders om ŉ verbale verklaring van die seksuele misbruik af te lê. In die geval van seksuele misbruik rus die onus op die kind om bekend te maak wie vir die seksuele misbruik verantwoordelik was. Om ŉ verbale verklaring by die seksueel misbruikte kind deur middel van onderhoudvoering te bekom bly ŉ veeleisende proses as gevolg van die sensitiwiteit van die onderwerp (Fouché, 2000:3).

Volgens Pipe en Salmon (2009:365) is dit noodsaaklik dat kinders wat vermoedelik die slagoffers van seksuele misbruik was, spesifieke en gedetailleerde inligting moet oordra. Tydens forensiese assesserings wend die professionele persoon soms tegnieke as hulpmiddel aan om die kind se verklaring te ondersteun. Indien tegnieke deel uitmaak van die forensiese ondersoek, moet die standaard duidelik en onbuigsaam wees. Die assessering van kinders wat moontlik aan seksuele misbruik blootgestel is, is ŉ komplekse taak wat vaardigheid en ervaring vereis. Die ervare onderhoudvoerder moet verskeie tegnieke met bekwaamheid kan aanwend om die nodige inligting vir hofdoeleindes by slagoffers te bekom (Fouché, 2006:216).

Hierdie onderhoudvoerder benodig gespesialiseerde kennis van kinderontwikkeling. Dit sluit onder andere inligting in oor die kinders se geheue, suggestievatbaarheid, normale seksuele ontwikkeling asook wat die impak van die seksuele misbruik op die kind was. Die mediese bewyse in hofsake wat handel oor seksuele misbruik, die proses van bekendmaking en nagevorste assesseringstegnieke is volgens Myers (2011:394) belangrike kennis waaroor die onderhoudvoerder verder behoort te beskik.

Wanneer ŉ klag van seksuele misbruik ondersoek word, word die kind se gedrag en ouderdom tydens die afneem van die verklaring in ag geneem. Hiervolgens kan evaluering dan gedoen word om te bepaal in watter kognitiewe ontwikkelingsfase die kind verkeer. Empiriese navorsing het bevind dat kinders dikwels anders as volwassenes optree en dink (Kuehnle, 1996:49). Die professionele persoon behoort konstant rekening te hou met die kind se kognitiewe ontwikkelingsvlak. Om hierdie rede behoort die professionele persoon ŉ reeks ouderdom toepaslike tegnieke te benut om inligting by die slagoffer te bekom (Fouché, 2006:218).

As gevolg van die kompleksiteit van so ŉ assessering is hoogs gespesialiseerde persone vir die taak nodig. Die professionele persone wat die forensiese assessering onderneem, moet oor toepaslike vaardighede beskik. Daar word van hierdie professionele persone verwag om die hof as deskundige getuie by te staan ter identifisering en bevestiging van seksuele misbruik.

ŉ Deskundige getuie word deur Schmidt en Rademeyer (2010:17-9) soos volg beskryf: "There is one consideration that places the opinion of an expert witness in a special category: it is that because of his experience and knowledge, he is more competent than the court to reach a conclusion in his particular field of expertise. While a lay person's opinion is normally irrelevant, that of the expert is relevant because he can give the court information to which it does not have access."

Volgens Zeffertt et al*.* (2003:299) is die mening van deskundige getuies toelaatbaar en geoorloof as gevolg van hulle gespesialiseerde kennis en vaardighede. Dit is die hof se taak om vas te stel of ŉ getuie oor genoegsame vaardigheid, opleiding of ondervinding beskik. Die feit dat daar tans in Suid-Afrika geen riglyne geld ten opsigte van wie as ŉ professionele persoon by die assessering van kinders wat seksueel misbruik is, betrokke mag wees nie, is volgens die navorser ŉ leemte.

Dit is baie belangrik dat die professionele persoon opgelei moet wees in die kuns van onderhoudvoering met die kind. Slegs persone wat verder ook oor 'n grondige kennis beskik wat betref forensiese assesseringstegnieke behoort hierdie onderhoude te voer. Inligting kan verlore raak of data verkeerdelik geïnterpreteer word. Die impak van swak assessering kan verreikende gevolge hê. Om negatiewe gevolge te voorkom moet forensiese assesseringstegnieke wat tans gebruik word, voortdurend ondersoek, hersien en verbeter word (Cronch et al., 2005:196).

Carnes et al. (2001:239) is van mening dat indien kinders wel inligting oor seksuele misbruik gee, dit dikwels beperk is. Die forensiese assessering van die jonger seksueel misbruikte kind is 'n groot uitdaging as gevolg van die kind se beperkte kommunikasievaardighede, suggestievatbaarheid, angstigheid of kognitiewe beperkinge (Faller, 2007:ix).

Carnes et al. (2001:239) is van mening dat kinders eerder inligting sal weglaat as om die misbruik-inligting tydens verbale oordrag weer te gee. As die voorafgaande in ag geneem word, behoort die onderhoudvoerder die kind sinvol te kan ondersteun deur verskillende tegnieke as geheueleidrade toe te pas. Verskeie tegnieke bestaan wat benut kan word om grafies gedetailleerde inligting te bekom ten einde die kind se verklaring van seksuele misbruik vollediger en geloofwaardiger te maak. "Relatively unbiased retrieval aids can be developed to help children overcome the incompleteness of their spontaneous free recall" (Saywitz et al., 2002:362).

Faller (2007:111) is van mening dat die benutting van forensiese assesseringstegnieke grondig beproefde en praktiese voordele inhou. Hierdie tegnieke maak dit vir die kind makliker om eerder deur middel van demonstrasie te kommunikeer as met woorde. Demonstrasies saam met die verbale vertelling kan die kind se verklaring versterk. Onduidelikhede kan ook deur die gebruik van verskillende tegnieke makliker opgeklaar word. Die uitsluitlike benutting van vraagstelling kan die moontlikheid versterk dat die kind gelei word of dat inligting gekontamineer kan word. Dit is derhalwe beter om die kind deur middel van gepaste tegnieke in staat te stel om inligting te kommunikeer (Faller, 2007:111).

Volgens Faller (2007:111) dien sekere tegnieke as geheueleidrade ten einde die kind in staat te stel om gebeure op te roep en dit te kommunikeer. Tegnieke kan ook die kind help wat huiwer om 'n volledige onthulling te maak. By sommige kinders kan dit minder spanning meebring as hulle oor die seksuele misbruik kan skryf en dit

demonstreer, eerder as om die gebeure verbaal te beskryf. Tegnieke kan doeltreffend toegepas word om valse verklarings van seksuele misbruik te identifiseer. As daar valse verklarings afgelê is, sal die kind nie oor die vermoë beskik om seksuele misbruik met behulp van tegnieke te kan demonstreer nie. Die gebruik van tegnieke tydens forensiese assessering moet egter volgens ŉ protokol geskied. Volgens Faller (2007:113) is daar meer voordele as nadele verbonde aan die benutting van tegnieke. Die mees prominente nadeel is dat die benutting van forensiese assesseringstegnieke in die hof verdedig moet word.

Tydens hierdie navorsing is die verskillende forensiese assesseringstegnieke wat tans deur forensiese maatskaplike werkers benut word, geïdentifiseer en bespreek. Hierdie navorsing fokus ook op die evaluering van een van hierdie tegnieke, naamlik sistematiese aanrakingseksplorasie. Die navorser is van mening dat daar ŉ behoefte bestaan aan ŉ aanvanklike, noukeurige siftings- en ondervragingstegniek om seksuele misbruik van kinders te bevestig. Sistematiese aanrakingseksplorasie kan moontlik so ŉ tegniek wees. Voordat so ŉ tegniek vir gebruik tydens onderhoude met misbruikte kinders aanbeveel kan word, is dit belangrik dat die bruikbaarheid daarvan eers ondersoek moet word. Die doel van hierdie navorsing is om sistematiese aanrakingseksplorasie as forensiese assesseringstegniek te evalueer.

Uit die voorafgaande kom die volgende navorsingsvrae na vore:

- Watter forensiese assesseringstegnieke word tans in die praktyk deur forensiese maatskaplike werkers benut?
- Kan sistematiese aanrakingseksplorasie doeltreffend tydens onderhoudvoering met die seksueel misbruikte kind as ŉ forensiese assesseringstegniek aangewend word?

## 2. MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP

In die praktyk bestaan daar verwarring oor watter tegnieke reeds wetenskaplik getoets is en met veiligheid in die praktyk toegepas kan word. Volgens Faller (2007:112) is daar onbeantwoorde vrae rakende die gebruik van tegnieke wat verdere navorsing vereis. Daar bestaan ŉ behoefte by forensiese maatskaplike werkers aan doeltreffende, nagevorste en geregtelik verdedigbare forensiese assesseringstegnieke wat in Suid-Afrikaanse howe aanvaar sal word.

## 3. DOELSTELLING EN DOELWITTE

### 3.1 DIE DOELSTELLING VAN DIE ONDERSOEK

Die oorhoofse doel van hierdie ondersoek is om assesseringstegnieke wat in die praktyk benut word, te identifiseer en te bespreek, asook om deur middel van kwalitatiewe navorsingsmetodes die sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek te evalueer.

### 3.2 DIE DOELWITTE VAN DIE STUDIE

Ten einde bogenoemde doel te bereik word die volgende doelwitte gestel:

- Om deur middel van ʼn literatuurstudie die forensiese assesseringstegnieke wat tans in die praktyk benut word, te identifiseer en te bespreek; en
- Om die sistematiese aanrakingseksplorasie aan die hand van ʼn literatuurstudie en empiriese navorsing as ʼn forensiese assesseringstegniek te evalueer.

## 4. SENTRALE TEORETIESE STELLING

Riglyne ten opsigte van die benutting van sistematiese aanrakingseksplorasie sal geformuleer kan word na die evaluering van genoemde tegniek.

## 5. NAVORSINGSMETODOLOGIE

Die navorsing is aan die hand van ʼn literatuurstudie en empiriese ondersoek onderneem.

### 5.1 LITERATUURSTUDIE

Die bestudering van literatuur het volgens Creswell (2003:29) verskeie funksies. Die literatuurstudie deel met die leser die resultaat van ander studies wat verband hou met die navorser se eie studie. Dit voorsien ʼn raamwerk waarvolgens vasgestel kan word hoe belangrik hierdie navorsing is, asook ʼn vertrekpunt vir die vergelyking van die resultate met die bevindinge van ander studies.

Suid-Afrikaanse sowel as internasionale literatuur is hoofsaaklik in hierdie studie ontleed om kennis in te win rakende forensiese assesseringstegnieke wat tans in die praktyk benut word. Die literatuurstudie is gedoen om die beskikbaarheid van

wetenskaplike literatuur na te vors en te bepaal of die ondersoek wel lewensvatbaar en geregverdig is. Literatuur uit maatskaplike werk, psigologie, sosiologie, kriminologie, regte, genees- en verpleegkunde is tydens hierdie ondersoek bestudeer. Inligting is ook uit gepubliseerde wetenskaplike bydraes in boeke, wetenskaplike tydskrifartikels asook navorsingsprojekte verkry. Verskeie databasisse soos Ebscohost, Internet en Ferdikat van die Ferdinand Postma Biblioteek is vir die ondersoek benut.

## 5.2 EMPIRIESE STUDIE

Hierdie navorsing is uitgevoer volgens die aspekte wat vervolgens uitgelig word:

### 5.2.1 Navorsingsontwerp

Die navorsingsontwerp verwys volgens Babbie en Mouton (2005:72) na die beplanning van die wetenskaplike ondersoek – die ontwerp van 'n strategie om iets vas te stel. Die twee hoofaspekte van 'n navorsingsontwerp is dat (1) daar so duidelik as moontlik gespesifiseer moet word wat die navorser deur middel van die navorsing wil vasstel en (2) wat die beste metode is om te volg om die navorsing te kan uit voer. Die wetenskaplike ondersoek handel oor observasie en die interpretering van wat die navorser waargeneem het. Hiervoor word 'n plan benodig.

In hierdie studie is gebruik gemaak van toegepaste navorsing van 'n verkennende en beskrywende aard. Volgens Babbie en Mouton (2005:80) word verkennende navorsing om die volgende redes gedoen: (1) sodat die navorser sy nuuskierigheid en behoefte aan beter begrip kan bevredig, (2) om die uitvoerbaarheid van 'n meer omvangryke studie te toets, (3) om metodes vir 'n daaropvolgende studie te ontwikkel, (4) om die sentrale konsep en uitleg van die studie te verduidelik, (5) om prioriteite vir toekomstige navorsing te bepaal, en (6) om nuwe hipoteses vir 'n reeds bestaande verskynsel te ontwikkel. Verkennende navorsing lei dikwels tot insig en begrip, hierdie studies betrek dikwels die gebruik van indiepte-onderhoude en die ontleding van gevallestudies (Babbie & Mouton, 2005:80).

Die doel van beskrywende navorsing is volgens Babbie en Mouton (2005:80) om 'n situasie of gebeurtenis te beskryf. Die beskrywing word op 'n wetenskaplike wyse gedoen; dus versigtig, doelgerig en tydsaam. Sodoende word gepoog om die resultaat akkurater en presieser te beskryf. Die empiriese studie in hierdie navorsing is uitgevoer deur van 'n kwalitatiewe benadering gebruik te maak. Volgens Fouché

en Schurink (2011:327) voorsien die kwalitatiewe navorsingsontwerp die navorser nie van ŉ plan wat stap vir stap gevolg word nie. Volgens die kwalitatiewe benadering is ŉ gevallestudie en onderhoude as navorsingstrategie benut.

Fouché en Schurink (2011:321) beskryf die gevallestudie as ŉ verkennende of indiepte-beskrywing van ŉ enkele geval of gevalle met temas wat op die gevallestudie gebaseer is. Volgens Babbie en Mouton (2005:281) is die gevallestudie ŉ intensiewe ondersoek van ŉ enkele eenheid en Creswell (2003:15) definieer die metode "gevallestudie" as ŉ indiepte-eksplorasie. Die kriterium vir die keuse van die geval vir die gevallestudie moet wees, ŉ leergeleentheid. ŉ Gevallestudie wat bekend is aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens is by hierdie navorsing betrek waartydens die benutting van sistematiese aanrakingseksplorasie as forensiese assesseringstegniek geëvalueer is.

Tydens die semi-gestruktureerde onderhoude is forensiese maatskaplike werkers sowel as justisie-amptenare, naamlik landdroste en staatsaanklaers, betrek. Tydens die onderhoude is ondersoek ingestel na die kennisvlak en oortuigings van die deelnemers rakende die benutting van sistematiese aanrakingseksplorasie as forensiese assesseringstegniek.

### 5.2.2 Deelnemers

In hierdie navorsing word gebruik gemaak van ŉ nie-waarskynlikheidseleksie-steekproef waar doelgerigte steekproeftrekking benut is. In hierdie tipe steekproef word die seleksie en keuse van deelnemers bepaal volgens die navorser se oordeel (Strydom & Delport (**b**), 2011:392).

ŉ Enkele geval, wat bekend is aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens, en reeds by ŉ forensiese ondersoekproses betrek was, het as geval vir die gevallestudie gedien. Die nodige toestemming in hierdie verband is van die Suid-Afrikaanse Polisiediens bekom. Vyf forensiese maatskaplike werkers is betrek by individuele semi-gestruktureerde onderhoude. Die evaluering van sistematiese aanrakingseksplorasie as forensiese assesseringstegniek, het ook tydens hierdie onderhoudvoering plaasgevind.

Vyf werknemers van die departement van Justisie, naamlik landdroste en staatsaanklaers, is betrek by semi-gestruktureerde onderhoude ten einde sistematiese aanrakingseksplorasie te evalueer. Die onderhoude is aan die hand

van ŉ onderhoudskedule gedoen. Elke respondent het ŉ toestemmingsvorm geteken waarop toestemming verleen is om die inligting bekend te maak.

#### 5.2.3 Prosedures

Volgens Neuman (2000:30) kan data-insameling in twee kategorieë verdeel word, naamlik kwalitatiewe en kwantitatiewe data. Vir doeleindes van hierdie navorsing is die kwalitatiewe benadering gebruik. Schurink et al. (2011:397) wys daarop dat, in die konteks van kwalitatiewe navorsing, observasie, onderhoude en die analise van dokumente dikwels as tegnieke benut word om data in te samel. Tydens hierdie navorsing is van onderhoude en ŉ gevallestudie gebruik gemaak. Die navorser het persoonlik ŉ onderhoudskedule opgestel wat kwalitatiewe vrae bevat het. Volgens Greeff (2011:352) is ŉ onderhoudskedule ŉ vraelys wat as leidraad dien tydens die onderhoude. Hierdie onderhoudskedule voorsien die navorser van vooraf opgestelde vrae wat gebruik kan word as ŉ geskikte instrument om die deelnemers by die spesifieke onderwerp wat nagevors word, te betrek.

Greeff (2011:342) noem dat onderhoudvoering die oorheersende metode is waarvolgens inligting tydens kwalitatiewe navorsing ingesamel word. Greeff (2011:342) beskryf kwalitatiewe onderhoude soos volg: “attempts to understand the world from the participant’s point of view, to unfold the meaning of people’s experiences, (and) to uncover their lived world prior to scientific explanations”. Alle onderhoude is op oudio- of videoband opgeneem, waarna die inligting getranskribeer is. Volgens Creswell (2003:190) hou die navorser rekord van die onderhoude deur gebruik te maak van handgeskrewe notas en oudio- of videobandopnames. Die navorser behoort notas tydens die opnames af te neem indien die opnametoerusting foutief is. Daar behoort ook vooruit beplan te word indien die navorser die opnames wil transkribeer.

Sekondêre analise is gebruik om die inligting tydens hierdie navorsing in die vorm van ŉ gevallestudie in te samel. Strydom en Delport (2011**a**:383) beskryf sekondêre analise as die analisering van inligting wat reeds voorheen geanaliseer is waarby die navorser nie noodwendig betrokke was nie. Sekondêre analise is dus ŉ empiriese studie van inligting wat reeds ingesamel is. Sekondêre analise is volgens Babbie en Mouton (2005:266) die analisering van inligting wat voorheen opgeneem is vir ander doeleindes as die huidige navorsing.

### 5.2.4 Etiese aspekte

- Die navorser het 'n morele en professionele verpligting om eties op te tree, selfs al is die respondente onbewus daarvan of nie begaan oor die aspekte nie (Neuman, 2000:16). 'n Navorser se persoonlike gedragsreëls is die beste verweer teen onetiese optrede. Etiese navorsing hang grootliks af van die integriteit van die individuele navorser en ook van sy waardes (Neuman, 2000:90).

- Strydom (2011:117) meld dat ingeligte toestemming van die deelnemer verkry moet word – verkieslik op skrif. Om te verseker dat hierdie etiese vereiste tydens die ondersoek nagekom is, is die respondente versoek om 'n toestemmingsbrief voor die aanvang van elke onderhoud te onderteken. Akkurate en volledige inligting oor die ondersoek, asook prosedures wat in verband daarmee gevolg sou word, is aan die respondente verduidelik.

- Strydom (2011:119) is van mening dat die beginsels *privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid* op verskeie wyses oortree kan word; dit is dus noodsaaklik dat die navorser met die nodige sensitiwiteit te werk moet gaan. Die gevallestudie wat gebruik is, bevat eksplisiete en sensitiewe inligting rakende kinder seksuele misbruik. Die dokument is nie gebruik om die betrokke kind te identifiseer of bloot te stel nie.

- Die nodige toestemming is van die Suid-Afrikaanse Polisiediens bekom om die spesifieke geval by hierdie navorsing te betrek. 'n Toestemmingsbrief is as 'n Addendum aangeheg.

- Die deelnemers moet volgens Strydom (2011:115) ten alle tye beskerm word, en deelname moet vrywillige wees (Strydom, 2011:116).

- Etiese goedkeuring is van die Etiekkomitee van die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit verkry. Die Etiese verwysingsnommer is NWU-00027-09-S1.

### 5.2.5 Dataverwerking

De Vos (2005:335) is van mening dat die data-opnameprosedure en dataverwerking in kwalitatiewe navorsing onskeibaar is. Hierdie beginsel van interaksie tussen data-

opname en verwerking is die hoofkenmerk wat kwalitatiewe navorsing van ander tradisionele navorsingsmetodes onderskei. Tydens veldwerk word idees gevorm oor die rigting vir dataverwerking. Patrone neem vorm aan en moontlike temas word reeds geïdentifiseer.

Data is aan die hand van 'n selfopgestelde onderhoudskedule ingesamel en deur die navorser persoonlik verwerk. Schurink et al. (2011:397) is van mening dat die navorser die onderhoude liefs persoonlik moet transkribeer, aangesien dit aan hom die geleentheid bied om in die studie verdiep te raak. Die navorser het die dataverwerking gedoen deur die video- en oudiobandopnames van die onderhoude te transkribeer. Op hierdie wyse is temas wat in die onderskeie gesprekke na vore gekom het, beklemtoon en kan dit aan die hand van literatuur bespreek word. Die beskrywende woorde van deelnemers kan ook verbatim weergegee word om bevindinge te rapporteer (Creswell, 2003:196).

Deur gebruik te maak van 'n kombinasie van prosedures soos onderhoudvoering en sekondêre analise kan die navorser die geldigheid van die navorsing makliker bewys. Deur middel van triangulering kan geldigheid by die studie ingebou word. Strydom en Delport (2011**a**:377) is van mening dat elke inligtingsbron sterk- en swakpunte het. Deur van triangulering gebruik te maak kan die sterkpunte van een prosedure vir die swakpunte van 'n ander vergoed.

### 5.2.6 Beperkinge en leemtes van die ondersoek

- Een van die grootste beperkinge was die amptenare van Justisie se gebrekkige kennis rakende forensiese assesseringstegnieke. Literatuur wat handel oor die sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek is vir die bestudering daarvan aan die justisie-amptenare beskikbaar gestel.

- 'n Uitgebreide literatuurstudie is uitgevoer om relevante akademiese literatuur en publikasies op te spoor ten opsigte van die sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek. Verskeie navorsers het hulle mening rakende die tegniek uitgespreek. Daar is weinig formele navorsing ten opsigte van hierdie tegniek onderneem anders as deur die individue wat aanvanklike by die ontwikkelingsprosesse van hierdie tegniek betrokke was. Met die gevolg dat die literatuur oor die ontstaan en ontwikkeling van die tegniek betreklik oud is.

## 6. AANDUIDING VAN SLEUTELTERME

- Forensiese assesseringstegniek

Faller (2007:4) het die volgende beskrywing in die Merriam-Webster online Dictionary gevind: “Forensic means belongs to the courts or to be used in legal proceedings, a term derived from the adversarial nature of the court and legal proceedings”.

Die term *assessering* word deur Fouché (2006:206) omskryf as die: “process of analysing the factors that influence or determine the social functioning of the individual, family group or community”.

Tegniek word deur Odendal en Gouws (2005:1168) in die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal omskryf as: “(1) ’n Vaardigheid wat vir die verrigting van ’n werk nodig is, en (2) al die bewerkingsmetodes wat tot die toegepaste wetenskap behoort.

Die forensiese assesseringstegniek word deur die professionele persoon wat oor die nodige vaardigheid beskik tydens ’n ondersoekproses benut waarvan die resultate in die hof aangebied word.

- Seksuele misbruik

Seksuele misbruik word deur Lawrence en Janse van Rensburg (2006:128) beskryf as “any action that violates, humiliates or exploits, or attempts to violate, humiliate or exploit, the bodily integrity or dignity of the complainant which has an element of a sexual nature. For there to be a sexual crime, the complainant’s consent is not consciously given. However, in certain cases involving minors, a case of a sexual crime can be made even if consent was given”. Die navorser is van mening dat seksuele misbruik ‘n misdaad is. Dit sluit enige seksuele aktiwiteit in wat met ‘n kind onder die ouderdom van 18 jaar gepleeg word.

- Sistematiese aanrakingseksplorasie

Sistematiese aanrakingseksplorasie is ’n tegniek wat in die 1980’s deur Sandra Hewitt ontwikkel is. Hewitt en Arrowood (1994:41) beskryf sistematiese aanrakingseksplorasie soos volg: “The Touch Continuum is offered as a tool that has potential usefulness for a variety of assessment personnel in screening for child sexual abuse.” Die tegniek is ontwikkel om te dien as siftingsproses met kinders wat moontlik aan seksuele misbruik blootgestel kon gewees het (Cronch et al.,

2005:169). Die behoefte bestaan by die professionele persoon aan ŉ aanvanklike siftingsprosedure vir die bevestiging deur die kind dat hy/sy seksueel misbruik is. Sistematiese aanrakingseksplorasie is ŉ tegniek wat moontlik in hierdie behoefte kan voorsien.

- Deskundige getuie

Deskundige getuie word volgens Schmidt en Rademeyer (2010:17-9) soos volg beskryf: "There is one consideration that places the opinion of an expert witness in a special category: it is that because of his experience and knowledge, he is more competent than the court to reach a conclusion in his particular field of expertise. While a lay person's opinion is normally irrelevant, that of the expert is relevant because he can give the court information to which it does not have access." Volgens die navorser is 'n deskundige getuie 'n persoon wat die hof van spesifieke inligting voorsien waarsonder die hof nie 'n ingeligte besluit kan neem nie.

## 7. UITEENSETTING VAN DIE VERSLAG

### Afdeling A

In Afdeling A is die beginsels waarop die studie onderneem is, uiteengesit. Dit sluit in die probleemstelling, motivering vir keuse van die onderwerp, sentrale teoretiese stelling, doelstellings van die ondersoek, navorsingsmetodologie, beperkinge en leemtes van die ondersoek, definisies van terme wat gebruik word sowel as die prosedure wat gevolg word.

### Afdeling B

Artikel 1

Hierdie afdeling is op ŉ literatuurstudie gebaseer. Bestaande literatuur is bestudeer om forensiese assesseringstegnieke wat tans in die praktyk tydens die onderhoudvoering met die seksueel misbruikte kind benut word, te identifiseer en te bespreek.

### Afdeling C

Artikel 2

Die afdeling is op ŉ literatuurstudie en empiriese navorsing gebaseer. Die kennis- en oortuigingsvlak van die landdroste, staatsaanklaers en forensiese maatskaplike werkers rakende die benutting van die sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek is bestudeer. Genoemde tegniek is verder aan die hand van ŉ gevallestudie geëvalueer. Sekere temas is beklemtoon, gevolgtrekkings gemaak en aanbevelings aan die hand gedoen.

Afdeling D

In hierdie afdeling word gevolgtrekkings, aanbevelings, ŉ samevatting en samevattende bibliografie vervat.

## 8. BIBLIOGRAFIE


ANNUAL CRIME REPORT OF THE SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE. 2011. Crime information Management. 8 September. Pretoria. Http://intranet.saps.govza/ [Date of access: 09 September 2011]

BABBIE, E. & MOUTON, J. 2005. The practise of social research. Cape Town : Oxford University Press.

CARNES, C. N., NELSON-GARDELL, D., WILSON, C. & ORGASSA, U. C. 2001. Extended forensic evaluation when sexual abuse is suspected: A multisite field study. Child maltreatment, 6(3):230-242, Aug. Http://cmx.sagepub.com/cgi/content/adstrect/6/3/230 [Date of access: 16 March 2009]

CRESWELL, J.W. 2003. Research design: Qualitative, quantitative and mixed method approaches, 2nd ed. United States of America : Sage Publications, Inc.

CRONCH, L.E., VILJOEN, J.L., & HANSEN, D. J. 2005. Forensic interviewing in child sexual abuse cases: Current techniques and future directions. *Aggression and Violent Behavior:* 195-207, Jul. Availiable: ScienceDirect

DE VOS, A.S. 2005. Qualitative data analysis and interpretation. (*In* De Vos, A.S., *ed*. Strydom, H., Fouché, C.B & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 3rd ed. Pretoria : Van Schaiks Publishers. 333-349p.)

FALLER, K. C. 2007. Interviewing children about sexual abuse: controversies and best practice. New York : Oxford University Press, Inc.

FOUCHÉ, A. 2000. Speltegnieke in die assessering van die seksueel misbruikte swart kind. Pretoria : Universiteit Pretoria. (Verhandeling - M. A.) 135 p.

FOUCHÉ, A. 2006. Assessment of the sexually abused child. (*In* Spies, G. M., *ed*. Sexual abuse. Dynamics, assessment & healing. Pretoria : Van Schaik Publishers. p. 205-239.)

FOUCHÉ, A. & JOUBERT, J.M.C, 2009. Facilitating disclosure of child sexual abuse victims in the middle childhood: a seven-phase forensic interview protocol. *Acta Criminologica*, 22(2): 41-59.

FOUCHÉ,C.B. & SCHURINK, W. 2011. Qualitative research designs. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Strydom, H., Fouché, C.B & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 4th ed. Pretoria : Van Schaiks Publishers. 307-327p.)

GREEFF, M. 2011. Information collection: interviewing. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Strydom, H., Fouché, C.B & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 4th ed. Pretoria : Van Schaiks Publishers. 341-375p.)

HEWITT, S.K. & ARROWOOD, A.A. 1994. Systematic touch exploration as a screening procedure for child abuse: A pilot study. *Journal of Child Sexual Abuse,* 3(2): 31-43.

KEPPLER, V. & FOURIE, H. 2010. Daar is tog hoop. *Beeld*: 1, Sept. 30.

KUEHNLE, K. 1996. Assessing allegations of child sexual abuse. Sarasota : Professional Resource Press.

LAWRENCE, B. & JANSE VAN RENSBURG, K. 2006. Assessment of the sexually abused child. (In Spies, G. M., ed. Sexual abuse. Dynamics, assessment & healing. Pretoria : Van Schaik Publishers. 127-150p.)

MYERS, J.E.B. 2011. Proving Child Maltreatment in Court. (*In* Myers, J.E.B., *ed*. The APSAC Handbook on Child Maltreatment. 3rd ed. London : Sage Publications. 377-397p.)

NEUMAN, W.L. 2000. Social Research methods: Qualitative and quantitative approaches. London : Allyn and Bacon. .

ODENDAL, F.F. & GOUWS, R.H., reds. 2005. Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. 5de uitg. Kaapstad : Perskor.

PIPE, M-E. & SALMON, K. 2009. Dolls, Drawings, Body Diagrams and other Props: Role of props in investigative interviews. (*In* Kuehnle, K., *ed*. Connell, M. The evaluation of child sexual abuse allegations: A comprehensive guide to assessment and testimonty. New Jersey. John Wiley & Sons. 365-395p.)

SAYWITZ, K.J., GOODMAN,G.S. & LYON,T.D. 2OO2. Interviewing children in and out of court. (*In* Myers, J.E.B., *ed*. Berliner, L., Berliner, L., Briere, J., Hendrix, C.T., Jenny, C. & Reid, T.A. The APSAC Handbook on Child Maltreatment. 2nd ed. London : Sage Publications. 349-378p.)

SCHMIDT, C.W.H. & RADEMEYER, H. 2010. Law of Evidence. Durban : Lexis Nexis.

SCHURINK, W, FOUCHÉ, C.B. & DE VOS, A.S. 2011. Qualitative data analysis and interpretation. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Strydom, H., Fouché, C.B & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 4$^{th}$ ed. Pretoria : Van Schaiks Publishers. 397-423p.)

STRYDOM, H. 2011. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Strydom, H., Fouché, C.B & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 4$^{th}$ ed. Pretoria : Van Schaiks Publishers. 113-130p.)

STRYDOM, H. & DELPORT,C.S.L. 2011**a**. Information collection: document study and secondary analysis. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Strydom, H., Fouché, C.B & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 4$^{th}$ ed. Pretoria : Van Schaiks Publishers. 376-389p.)

STRYDOM, H. & DELPORT,C.S.L. 2011**b**. Sampling and pilot study in qualitative research. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Strydom, H., Fouché, C.B & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 4th ed. Pretoria : Van Schaiks Publishers. 390-396p.)

ZEFFERTT, D.T., PAIZES, A.P. & SKEEN, A. 2003. The South African law of evidence. Durban : Lexis Nexis.

# AFDELING B

# ARTIKEL 1

## EVALUERING VAN FORENSIESE ASSESSERINGSTEGNIEKE WAT TANS IN DIE PRAKTYK TYDENS ASSESSERING VAN DIE SEKSUEEL MISBRUIKTE KIND BENUT WORD

CGJ Phillips ŉ Meestersgraadstudent aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) en werksaam as ŉ maatskaplike werker by die SAPD.

Prof CC Wessels is verbonde aan die Skool vir Psigososiale Gesondheidswetenskappe van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom-kampus).

**ABSTRACK**

**In this article forensic assessment techniques currently utilized by forensic social workers in practice were identified and discussed. The research was undertaken by a literature study of different forensic assessment techniques. This article aims to guide professionals who interview the sexually abused child in respect of utilizing forensic assessment techniques. This research has provided valuable information regarding effective and appropriate assessment techniques.**

**Key terms:** Forensic assessment techniques, sexual abuse and expert witness.

## 1. INLEIDING

Die gebruik van forensiese assesseringstegnieke speel dikwels ŉ groot rol by die bekendmaking van inligting rakende seksuele misbruik, aldus Cronch et al. (2005:198). Volgens Faller (2007:ix) is die gebruik van tegnieke as ŉ hulpmiddel tydens die assesseringsgesprekke met die kind oor seksuele misbruik ŉ bestrede aangeleentheid.

In die 1980's en 1990's het professionele persone dikwels tegnieke en media tydens onderhoudvoering met seksueel misbruikte kinders toegepas. Die steun vir die gebruik hiervan het egter oor die afgelope paar jaar afgeneem. Die verandering is meestal teweeggebring deur die uitdaging wat howe aan die tegnieke stel. Volgens Faller (2007:111) is daar grondige voordele aan die gebruik van tegnieke verbonde.

Cronch et al. (2005:198) het verskeie tegnieke bestudeer wat blyk doeltreffend te wees om akkurate en gedetailleerde inligting rakende seksuele misbruik te openbaar.

Hierdie bespreking sal fokus op tegnieke wat algemeen tydens forensiese assesserings met seksueel misbruikte kinders toegepas word. Die tegnieke wat bespreek gaan word, sluit in die sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek, kognitiewe onderhoud, tekeninge, selektief anatomies gedetailleerde tekeninge en die selektief anatomies gedetailleerde poppe.

## 2. PROBLEEMSTELLING

Dit is dikwels vir die seksueel misbruikte kind moeilik om die misbruik te bespreek. Hierdie gesprekke handel oor naaktheid en genitale aanraking wat kinders verleë laat voel, veral as hulle besef die aanraking was ontoepaslik. Lyon (2002:3) wys daarop dat seksuele misbruik gepaard gaan met geheimhouding en dreigemente. Dit moedig die kind aan om nie ŉ onthulling te maak nie uit vrees vir die dreigemente. Vrees, misplaaste lojaliteit en skaamte bring mee dat die kind bang is om ŉ onthulling te maak. Carnes et al. (2001:230) is van mening dat die onwilligheid om inligting rakende seksuele misbruik bekend te maak so sterk is dat vele slagoffers tot in hul volwasse jare daaroor swyg.

Die kind se kognitiewe onvolwassenheid maak dit ook vir hom/haar moeilik om ŉ verklaring van seksuele misbruik af te lê (Lyon, 2002:3). Seksueel misbruikte kinders het ook ŉ beperkte vermoë om te verstaan watter besonderhede van die misbruik belangrik is. Die bekendmaking van seksuele misbruik is ook ŉ proses en nie ŉ eenmalige gebeurtenis nie (Sorensen & Snow, 1991:13). Die navorser is van mening dat meer as een sessie tydens die ondersoekproses nodig is ten einde die kind die geleentheid te gun om ŉ volledige verklaring af te lê. Fouché (2000:57) noem dat terapeute van mening verskil ten opsigte van die aantal sessies wat tydens assesserings moet plaasvind.

Die minister van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) EN Mthethwa het op 8 September 2011 misdaadstatistiek vir die tydperk van 1 April 2010 tot 31 Maart 2011 in Pretoria bekendgemaak. Die minister het benadruk dat misdaad een van die regering se vyf vernaamste prioriteite is en dat die statistiek geoudit is en die geloofwaardigheid daarvan nie in twyfel getrek kan word nie (Van der Walt & Steenkamp, 2011:1).

Volgens hierdie statistiek word 154 verkragtings per dag by die SAPD aangemeld en het dit vir die derde agtereenvolgende jaar toegeneem (van 55 097 voorvalle in die vorige boekjaar tot die huidige 56 272). Gemeet aan internasionale standaarde is Suid-Afrika steeds ŉ gevaarlike samelewing (Steenkamp, 2011:4).

In Tabel 1 is die misdade wat vir die tydperk 2006-2011 teen kinders gepleeg is, uiteengesit.

**Tabel 1: Misdade teen kinders jonger as 18 jaar: 2006/2007 - 2009/2010**

| **Misdaad-kategorie** | **2006/2007** | **2007/2008** | **2008/2009** | **2009/2010** | **2010/2011** | **Verskil 2010/2011 vs 2009/2010** | **% toe-/ afname** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Moord | 972 | 1 015 | 843 | 965 | 906 | -59 | -6,1% |
| Poging tot moord | 889 | 852 | 782 | 1113 | 786 | -327 | -29,4% |
| Alle seksuele misdade | 25 428 | 22 124 | 20 141 | 27 417 | 28 128 | 711 | 2,6.1% |
| Gewone aanranding | 16 871 | 16 091 | 14 544 | 14 982 | 13 387 | -1 595 | -10,6% |
| Ernstige aanranding | 13 947 | 13 625 | 12 422 | 12 062 | 11 018 | -1 044 | -8,7% |
| **Totaal** | **58 107** | **53 707** | **48 732** | **56 539** | **54 225** | **-2 314** | **-4,1%** |

Bron: Annual Crime Report Of The SAPS (2010/2011:12)

In hierdie tabel word ‘n betekenisvolle verhoging van 42,3%, 36,1% en 14,5% onderskeidelik in die voorvalle van poging tot moord, alle seksuele misdrywe teen en moord van kinders tussen 2008/2009 en 2009/2010 aangetoon. Volgens hierdie statistiek het geweldsmisdaad teen kinders in hierdie tydperk toegeneem. Die 2010/2011-verslag toon ŉ afname in alle misdade ten opsigte van sosiale kontak teen kinders behalwe sake wat handel oor seksuele misbruik, waar ŉ 2,6%-verhoging bespeur is.

Uit Tabel 1 blyk dit duidelik dat poging tot moord ten opsigte van kinders met 327 sake in hierdie boekjaar afgeneem het, naamlik van 1 113 sake in 2009/2010 tot 786 in 2010/2011 en moord met 59 sake van 965 tot 906. Aanrandingsake teen kinders het ook ‘n afname getoon. Seksuele misdrywe teen kinders het met 711 sake toegeneem van 27 417 in 2009/2010 tot 28 128 in 2010/2011. In die SAPD se

verslag is dit beklemtoon dat seksuele misbruik die oorheersende misdaad is wat teen kinders gepleeg word naamlik 28 128 sake.

In die SAPD se 2010/2011-misdaadverslag word gemeld dat 60,5% van die sake wat oor seksuele misbruik gehandel het, dié was wat teen kinders onder die ouderdom van 15 jaar gepleeg is. Volgens die 2010/2011-verslag was 29,4% kinders tussen die ouderdomme 0 en 10 jaar by ondersoeke rakende seksuele misbruik betrokke. Seksuele misdrywe teen kinders is 'n realiteit, en die regering en publiek moet bewus raak van die toename ten opsigte daarvan. Annual Crime Report Of The SAPS (2010/2011:12).

*Resources Aimed at the Prevention of Child Abuse and Neglect* (RAPCAN, 2010:6) is van mening dat die persentasie skuldigbevindings van seksuele oortreders baie laag is en dat dit in 2000 laas deeglik nagevors is. Hierdie navorsing het bevind dat daar in Suid-Afrika slegs 'n 9% skuldigbevinding is van die seksuele misdrywe wat teen kinders gepleeg word. Die kind se verklaring rakende die seksuele misbruik deur 'n volwassene is dikwels die enigste beskikbare bewys vir die beweerde misdryf. Volgens Fouché (2006:205) is die wyse waarop die onderhoud met die kind gevoer is, dikwels die mees kritieke komponent van die ondersoek in 'n saak wat oor seksuele misbruik handel. Die wyse van onderhoudvoering mag nie leidende vrae insluit nie en die tegnieke wat deur die deskundige gebruik word, moet goed nagevorste tegnieke wees wat vir die hof aanvaarbaar is. Myers (2011:395) is van mening dat bevoegde, geskikte, gepaste en toereikende assesserings opsigself as verdediging dien tydens deskundige getuienis.

Uit die voorafgaande is die volgende vraag geformuleer:

Watter forensiese assesseringstegnieke word tans in die praktyk toegepas?

## 3. DOELSTELLING EN DOELWITTE

Die oorhoofse doel van hierdie ondersoek is om assesseringstegnieke wat in die praktyk benut word, te identifiseer en te bespreek, asook om deur middel van kwalitatiewe navorsingsmetodes die sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek te evalueer.

Die doelwit vir hierdie artikel is soos volg:

Om aan die hand van 'n literatuurstudie die verskillende forensiese assesseringstegnieke wat tans deur maatskaplike werkers benut word, te identifiseer en te bespreek.

## 4. SENTRALE TEORETIESE STELLING

Kennis ten opsigte van bepaalde forensiese assesseringstegnieke sal lei tot riglyne rakende die doeltreffende toepassing van hierdie tegnieke in die praktyk. Daardeur sal die betroubaarheid waarmee hierdie tegnieke tydens forensiese ondersoeke en hofverrigtinge toegepas word, verhoog.

## 5. NAVORSINGSMETODOLOGIE

Die metode wat gevolg is, is 'n literatuurstudie.

### 5.1 LITERATUURSTUDIE

'n Literatuurstudie is onderneem ten opsigte van verskeie forensiese assesseringstegnieke. Hierdie tegnieke kan toegepas word om akkurate besonderhede van seksuele misbruik tydens die assessering aan die lig te bring (Cronch et al., 2006:198). In hierdie artikel sal gefokus word op forensiese assesseringstegnieke wat tans deur maatskaplike werkers tydens assessering met die seksueel misbruikte kind benut word. Hierdie tegnieke ontvang dikwels sterk of gemengde empiriese steun. Die tegnieke wat in hierdie artikel bespreek gaan word, sluit in sistematiese aanrakingseksplorasie, kognitiewe onderhoud, tekeninge, selektief anatomies gedetailleerde tekeninge en die selektief anatomies gedetailleerde poppe.

Sattler (1998:115) beklemtoon dat die professionele persoon oor spesifieke vaardighede moet beskik om met die jong kind te kan kommunikeer. Een van hierdie vaardighede is dat hy/sy toepaslike forensiese assesseringstegnieke moet kan toepas. In hierdie navorsing oor die forensiese assesseringstegnieke is literatuur uit nasionale en internasionale bronne bekom. Boeke, artikels in wetenskaplike tydskrifte, koerante, woordeboeke, verhandelings en die Internet is aangewend om inligting in te samel. Die inligting wat sodoende ingesamel is, is gevind in die maatskaplikewerk-, kriminologie- en sielkundeveld.

## 6. BESPREKING VAN TEGNIEKE WAT TYDENS DIE FORENSIESE ASSESSERINGS VAN DIE SEKSUEEL MISBRUIKTE KIND BENUT KAN WORD

### 6.1 INLEIDING

Die afgelope 25 jaar se empiriese navorsing het afdoende bewys gelewer dat konsensus bereik kan word oor basiese forensiese assesseringstrategieë (Saywits et al., 2011:337). Die professionele persoon wat met forensiese assesserings gemoeid is, moet op hoogte bly van die ontwikkeling van hierdie strategieë.

Potgieter (2002:9) skryf in ŉ artikel in die CARSA (*Child Abuse Research in South Africa*) dat inligting oor seksuele misbruik wat deur gewone spelterapie-tegnieke verkry is, nie in die hof aanvaar sal word nie. Metodes wat gebaseer is op forensiese assesseringstegnieke moes dus ontwikkel word. Volgens Potgieter (2002:12) word hierdie forensiese metodes primêr aangewend om die kind aan verskeie stimuli bloot te stel met die doel om inligting oor moontlike seksuele misbruik uit die kind se geheue te herwin. Onderhoude met die kind steun swaar op taal en die kind se vermoë om te kommunikeer. ŉ Assesseringstegniek bemagtig die kind om te kommunikeer waar taalontwikkeling beperk is.

Suggestiewe tegnieke wat misleidend en bevooroordeeld is, moet ten alle koste vermy word. Hierdie tegnieke moet ook nie daarop gemik wees om die professionele persoon se verwagtinge te versterk of om die aangeklaagde as ŉ slegte persoon te stereotipeer nie. Ander forensiese assesseringstegnieke wat vermy moet word, is tegnieke wat die kind uitlok om oor inligting rakende seksuele misbruik te spekuleer of om inligting te veins. Saywitz et al. (2011:350) voeg hiertoe by dat leidende vrae ook nie aan die kind gestel mag word nie.

### 6.2 GEHEUE

Navorsing oor die geheue van jong kinders het bevind dat oopeinde-vrae aan kinders, waar vry herroeping van inligting verlang word, meebring dat hulle inligting minder spontaan herroep. Myers (2005:11) is verder in hierdie verband van mening dat "...young children have difficulty retrieving detailed episodic memories on their own". Die jong kind se antwoorde op vry herroeping van inligting is dikwels kort en onvolledig. Myers (2005:12) noem dat vry herroeping nie perfek is nie en dat kontaminasie, deurdat suggestiewe vrae gestel word, moontlik kan plaasvind.

Die maatskaplike werker sal soms 'n tegniek as hulpmiddel gebruik om as 'n geheueleidraad te dien. Met behulp van hierdie geheueleidrade en herkonstruering kan die kind meer volledige inligting verstrek. "Context cues have been found to be effective in prompting children's recall in natural environments and may be especially important for very young children, for whom memory may be strongly tied to context." (Myers, 2005:32.) Potgieter (2002:9) noem dat dit dikwels voorkom of die jong kind nie die vermoë het om inligting oor seksuele misbruik tydens 'n vry vertelling te herroep nie. Hierdie onvermoë kan moontlik toegeskryf word aan dissosiasie of gebrek aan woordeskat. Myers (2005:32) is van mening dat duidelike bewyse bestaan dat geheueleidrade en -hulpmiddels kinders kan help om meer volledige verklarings af te lê as wanneer slegs vry herroeping en vraagstelling benut word.

In die lig van die voorafgaande bespreking dat kinders soms 'n onvermoë ervaar om inligting oor seksuele misbruik te herroep is die navorsing van De Voe en Faller (1999:217) bestudeer. Hierdie navorsing handel oor die kenmerke van die bekendmaking van inligting deur kinders wat seksueel misbruik is. In genoemde navorsing is 76 kinders tussen die ouderdomme 5 en 10 jaar betrek. Daar is bevind dat, met die uitsondering van een geval, die kinders nie spontaan onthullings oor seksuele misbruik gemaak het nie. Die kinders het ook nie gedetailleerde inligting tydens die vry vertelling van moontlike seksuele misbruik aangebied nie. Hierdie bevindinge impliseer dat kinders leiding nodig het met die onthulling van inligting rakende seksuele misbruik (De Voe & Faller, 1999:125). Die navorser is van mening dat sommige kinders met moeite oor seksuele misbruik kommunikeer. In hierdie gevalle behoort daar forensiese assesseringstegnieke aangewend te word wat nagevors en vir die hof aanvaarbaar is.

## 6.3 VERSKILLE TUSSEN FORENSIESE EN KLINIESE BENADERING

In die literatuur word onderskeid duidelik getref tussen die forensiese en kliniese praktykbenadering. In Tabel 2 word die onderskeid tussen die twee benaderings uiteengesit.

**Tabel 2: Forensies versus kliniese praktykbenadering**

| Dimensies | Forensies | Klinies |
|---|---|---|
| Kliënt | Hof | Kind |
| Konteks | Regtelik | Terapeuties |
| Stand | Neutraal | Ondersteun |
| Tipe Inligting | Net feite | Subjektiewe ondervindinge |
| Struktuur | Meer struktuur | Minder struktuur |
| Metode van inligting-insameling | Nie leidend nie | Soms leidend |
| Fantasie | Net die werklikheid | Soms geveins |
| Dokumentasie | Omvangryk: video | Minder omvangryk: notas |
| Bykomende kontakte | Omvangryk | Beperkte kontakte |
| Tydperk van betrokkenheid | 1-3 sessies | Verskeie – baie |
| Produk | Lang verslag | Kort verslag |

Faller (2007:5)

Volgens Tabel 2 is dit duidelik dat die kliëntsisteem in forensiese werk die hof is wat skerp kontrasteer met die kliniese benadering waarin die kind, wat waarskynlik seksueel misbruik is, die kliënt is. Faller (2007:6) is verder van mening dat die kern van forensiese werk vir die juridiese arena gedoen word, waar kliniese werk fokus op terapeutiese intervensie. Die maatskaplike werker wat in die forensiese veld werk, is veronderstel om neutraal te wees. Die kliniese werker ondersteun die kind en aanvaar die inligting wat die kind aanbied as die waarheid.

Die forensiese onderhoudvoerder soek na feite in ŉ saak terwyl die kliniese benadering meer fokus op die effek van die gebeure op die kind. Die forensiese benadering volg ŉ gestruktureerde assesseringsprotokol terwyl die kliniese benadering meer buigsaam is en op die kind se behoeftes fokus. Die forensiese assesseerder vermy leidende vrae en tegnieke. Die kliniese terapeut kan tegnieke aanwend wat as leidend beskou word. Die forensiese werker sal die kind vermaan om slegs inligting weer te gee van ware gebeure en sal alle onderhoudstrategieë wat

fantasie mag aanmoedig, vermy. Die kliniese onderhoudvoerder sal ruimte laat vir die kind om te fantaseer en wense uit te spreek.

Die forensiese evalueerder moet inligting deeglik dokumenteer; ʼn video-opname word aanbeveel. Die persoon wat klinies werk, hou slegs skriftelik prosesnotas wat tydens of na die onderhoud gemaak word. Die forensiese werker se betrokkenheid by ʼn ondersoek is beperk, terwyl die kliniese werker se betrokkenheid selfs oor maande heen kan strek. Die eindproduk van die forensiese ondersoek is gewoonlik ʼn deeglike verslag met die waarskynlikheid dat seksuele misbruik plaasgevind het, of nie. Die eindproduk in die kliniese benadering is ʼn korter verslag wat op die kind se funksionering fokus en bevat ook dikwels ʼn diagnose rakende die kind (Faller, 2007:6).

In die lig van die voorafgaande bespreking is verskeie forensiese assesseringstegnieke geïdentifiseer wat tans in die praktyk benut word. Hierdie tegnieke sluit in die sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek, kognitiewe onderhoud, tekeninge, selektief anatomies gedetailleerde tekeninge en die selektief anatomies gedetailleerde poppe wat elkeen vervolgens bespreek word.

## 7. SISTEMATIESE AANRAKINGSEKSPLORASIE-TEGNIEK

### 7.1 INLEIDING

Hierdie tegniek is oorspronklik deur ʼn Amerikaanse sielkundige, Dr Sandra Hewitt, ontwerp (Potgieter, 2002:15). Vir die doel van die bespreking van sistematiese aanrakingseksplorasie word daar telkens verwys na die oorspronklike studie van Hewitt wat in 1994 gedoen is. Alhoewel dit literatuur is wat reeds 17 jaar oud is, is dit onontbeerlik vir die doel van hierdie navorsing.

### 7.2 HEWITT SE LOODSSTUDIE

Hewitt se motivering vir die ontwikkeling van hierdie tegniek was om ʼn assesseringshulpmiddel te ontwikkel wat kon bydra tot die geldigheid van ʼn aanvanklike siftingsprosedure vir seksuele misbruik (Hewitt & Arrowood, 1994:32). Die navorsing wat in 1994 deur Hewitt onderneem is, word beskou as die loodsstudie van die sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek.

Hewitt en Arrowood (1994:41) beskryf sistematiese aanrakingseksplorasie soos volg: "The Touch Continuum is offered as a tool that has potential usefulness for a variety of assessment personnel in screening for child sexual abuse." In Hewitt en Arrowood (1994:32) se studie is 42 kinders as respondente betrek by wie seksuele misbruik vroeër tydens ŉ volledige ondersoek bevestig is. Die resultate van sistematiese aanrakingseksplorasie is vergelyk met die voltooide ondersoeke wat misbruik bevestig het. Volgens hierdie bevinding het geen kind misbruik bevestig as die volledige ondersoek bevind het dat misbruik nie plaas gevind het nie. "No false positives were found." (Hewitt & Arrowood, 1994:40.) Daar is verder bevind dat 29% van die kinders nie die misbruik op sistematiese aanrakingseksplorasie bekendgemaak het nie, alhoewel die volledige ondersoek bevind het dat misbruik wel plaasgevind het. Tydens die benutting van die sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek is kinders geneig om te onderrapporteer.

Volgens Hewitt en Arrowood (1994:41) stem die onderrapportering ooreen met wat in die literatuur bevind is, naamlik dat kinders dikwels seksuele misbruik ontken of slegs ŉ onvolledige verklaring aflê. Volgens Carnes et al. (2001:230) is kinders onwillig om seksuele misbruik te openbaar en maak aanvanklik slegs beperkte inligting bekend.

## 7.3 DIE SISTEMATIESE AANRAKINGSEKSPLORASIE-TEGNIEK, SOOS BESKRYF DEUR HEWITT EN ARROWOOD (1994:31)

Bogenoemde bestaan uit twee take, naamlik:

- Die eerste taak

Tydens die eerste taak word 4 blokke op ŉ papier geteken. In elke blok is ŉ gesig geteken wat verskillende emosies vertoon. Die professionele persoon skryf dan tydens eksplorasie met die kind neer watter emosie die kind aan elke gesig koppel. Die professionele persoon eksploreer ook met watter gesig die kind die meeste identifiseer, wat die kind so laat voel, en wanneer hy/sy die emosie wat op die prente voorgestel word, ervaar het, en wat hierdie emosie teweeggebring het.

- Die tweede taak

Gedurende die tweede taak word ŉ bladsy in ses ewe groot blokke verdeel en die professionele persoon bespreek stelselmatig verskillende soorte aanrakings met die kind. Die professionele persoon teken voorts ŉ stokfiguur in die eerste blok en dui

aan dat die eerste aanraking 'n drukkie is. Die soort aanraking word voorts in die blok by die stokfiguur geskryf en die professionele persoon vra aan die kind of iemand hom al ooit 'n drukkie gegee het. Daar word geëksploreer wie die kind druk en waar die persoon hom druk. Hierna word aan die kind gevra om die mond van die stokfiguur in te teken en sy emosie te beskryf toe die spesifieke persoon die kind gedruk het. Potgieter (2002:15) stel voor dat die kind nie slegs die mond inteken nie maar die volledige gesig om die emosies meer sinvol weer te gee. Verskeie soorte aanrakings, byvoorbeeld kielie, soen, lek en pakslae word vervolgens op dieselfde wyse bespreek. In die laaste blokkie word die aanraking van genitalieë bespreek en die professionele persoon bied aan die kind die geleentheid om aan te dui of enige persoon sy genitalieë aangeraak het, asook wat sy emosie ten opsigte van hierdie aanraking was. Die finale taak tydens die benutting van die sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek is dat die professionele persoon die papier omkeer en een groot stokfiguur teken. Hierdie figuur word neutraal voorgestel. Hier eksploreer die professionele persoon alternatiewe liggaamsaanraking deur die kind op 'n ander persoon se liggaam.

## 7.4 DIE MENING VAN ANDER PROFESSIONELE PERSONE OOR DIE BENUTTING VAN DIE SISTEMATIESE AANRAKINGSEKSPLORASIE-TEGNIEK

Cronch et al. (2005:200) is van mening dat die sistematiese aanrakingseksplorasie 'n tegniek is wat oor die afgelope paar jaar gewildheid verwerf het. Volgens Carnes et al. (2001:238) kan die sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek gebruik word om tipes aanraking wat kinders ondervind het, te eksploreer, asook om hulle gevoelens ten opsigte van genoemde aanrakings te identifiseer.

Faller (2007:76) het in haar navorsing bevind dat die sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek kinders in staat gestel het om inligting rakende seksuele misbruik bekend te maak. Tydsberekening ten opsigte van die benutting van die tegniek beïnvloed ook die mate van doeltreffendheid waarmee dit aangewend word. Sistematiese aanrakingseksplorasie is 'n waardevolle tegniek wat ander vorme van misbruik ook aan die lig bring, aangesien seksuele misbruik dikwels gepaard gaan met ander vorme van misbruik (Hewitt, 1999:226).

Sistematiese aanrakingseksplorasie vereis dat die kind tekeninge gebruik om hom-/haarself voor te stel. Die voorstelling van die self is dikwels nie goed by kinders

onder die ouderdom van 4 jaar ontwikkel nie. Hewitt (1999:226) is dus van mening dat hierdie tegniek toegepas kan word met kinders van 4 jaar en ouer. Tydens die sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek word 'n papier-en- potloodformaat gebruik. Hierdie formaat verplaas die fokus weg van 'n emosionele, meer intense en direkte wyse van vraagstelling na 'n minder intense wyse. Hierdie formaat bied ook 'n konkrete rekord van die kind se verklaring wat in die hof as bewysstuk aanvaar kan word. Hierdie tegniek verseker egter nie dat misbruik ontbloot sal word nie, maar bied 'n informele en gerieflike formaat vir professionele persone om trauma-inligting oor beweerde seksuele misbruik te bekom.

Cronch et al. (2005:200) se beskrywing van sistematiese aanrakingseksplorasie wys daarop dat dit 'n bespreking van verskeie soorte liggaamsaanrakings wat die kind beleef het, insluit, soos drukkies, soen, kielie, lek, pakslae en genitale aanraking. Die professionele persoon eksploreer waar op die kind se liggaam hy aangeraak word, hoe die aanraking hom laat voel en wie hom aanraak. Connell (2009**b**:464) is van mening dat die sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek die soorte liggaamsaanrakings eksploreer waaraan die kind blootgestel word. Sy noem dat hierdie tegniek benut behoort te word voordat direkte vrae oor seksuele misbruik aan die kind gestel word.

### 7.5 SLOTSOM

Die navorser is van mening dat die sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek as 'n waardevolle tegniek beskou kan word tydens die assessering van seksueel misbruikte kinders. Die benutting van hierdie tegniek stel die onwillige kind in staat om 'n verbale verklaring af te lê ten opsigte van seksuele misbruik. Die navorser is verder van mening dat dit 'n siftingstegniek is om vas te stel of seksuele misbruik moontlik plaasgevind het. Daar word alleenlik tot die volgende tegniek oorgegaan indien die kind gedurende die gebruik van die sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek inligting oor seksuele misbruik openbaar gemaak het. Hierdie tegniek behoort tydens die laaste fase van die forensiese assessering benut te word. Tydsberekening is dus 'n belangrike faktor. Die gehalte van die vertrouensverhouding tussen die kind en die professionele persoon bepaal die gehalte van die inligting wat deur 'n kind voorsien word. Hewitt (1999:239) is van mening dat "it is possible that administration of the Touch Survey without good rapport could further elevate the false negative bias of this interview". Waar 'n goeie

vertrouensverhouding bewerkstellig is, sal die kind moontlik meer geneë voel as vroeër om inligting oor seksuele misbruik tydens die uitgebreide forensiese onderhoud bekend te maak.

## 8. KOGNITIEWE ONDERHOUD

### 8.1 INLEIDING

Die kognitiewe onderhoud is volgens Brown en Lamb (2009:301) oorspronklik ontwikkel vir die gebruik in polisie-ondersoeke met volwasse ooggetuies. Connell (2009**a**:439) noem verder dat die kognitiewe onderhoud in die tagtigerjare deur Fisher, Geiselman, Raymand, Jurkevich, en Warhaftig ontwikkel is. Hierdie tegniek is verder hersien sodat instruksies ingesluit is om die aflê van ŉ verklaring te vergemaklik. Dit het die gebruik van oopeinde-vrae en volledige rapportering van alle inligting aangemoedig. Volgens Brown en Lamb (2009:302) se navorsing is daar bewys dat die benutting van die kognitiewe onderhoud betekenisvol meer inligting voortgebring het, as ŉ standaardonderhoud soos deur polisiebeamptes gevoer.

### 8.2 DIE VIER KOMPONENTE VAN DIE KOGNITIEWE ONDERHOUD

Volgens Cronch et al. (2005:199) word die kognitiewe onderhoud aan die hand van ŉ stel van vier komponente verduidelik. Dit sluit in:

(1) om die gebeure in die kind se geheue te herkonstrueer;

(2) om al die besonderhede van die voorval te rapporteer;

(3) om die voorval in verskillende volgordes oor te vertel; en

(4) om die voorval uit ŉ ander perspektief te beskryf.

Navorsing is gedoen rakende die eerste twee komponente van die kognitiewe onderhoud, naamlik (1) om die geheue van die kind te herkonstrueer en (2) om al die besonderhede van die voorval te rapporteer. Hierdie twee komponente van die kognitiewe onderhoud is uitgesonder, aangesien dit beskou word as dat dit die mees geskikte komponente is om tydens onderhoudvoering met kinders te benut. Volgens Cronch et al. (2005:199) het vorige studies bewys dat komponente 1 en 2 steeds effektief gebruik kon word, selfs as dit geïsoleer word van komponente 3 en 4. Daar is bevind dat die laaste twee komponente, 3 en 4, naamlik om die voorval in

verskillende volgordes te onthou en om die voorval uit ŉ ander perspektief te beskryf, dikwels nie benut kan word nie weens die kognitiewe ontwikkelingsfase waarin die jong kind hom bevind.

## 8.3 DIE MENING VAN ANDER PROFESSIONELE PERSONE OOR DIE BENUTTING VAN HIERDIE TEGNIEK

Volgens Cronch et al. (2005:199) is die kognitiewe onderhoud die afgelope paar jaar dikwels tydens forensiese assesserings van die seksueel misbruikte kind benut. In Faller (2007:78) se navorsing word beweer dat die kognitiewe onderhoud oorspronklik aangewend is met die volwasse getuie en die slagoffer van ŉ misdaad. Hierdie navorsing het ook bewys dat hierdie tegniek die hoeveelheid inligting, wat die getuies onthou, vermeerder het. Larsson en Lamb (2008:7) noem dat die kognitiewe onderhoud aangepas en in eksperimentele studies waarin kinders en volwassenes betrokke was, getoets is.

Die sentrale kenmerk van die kognitiewe onderhoud is die rekonstruksie van die konteks waarin ŉ misbruik-voorval plaas gevind het. Die professionele persoon wat hierdie tegniek toepas, versoek soms die kind om die milieu waarin die misbruik plaasgevind het, op papier te teken om sodoende die konteks te herskep (Faller, 2007:78).

Volgens Larsson en Lamb (2008:6) het studies bevind dat teken tydens die onderhoud die kind se vermoë om te onthou verbeter het. Larsson en Lamb (2008:10) is van mening dat die kognitiewe onderhoud as tegniek ontwikkel is om ondervindinge weer te gee, asook om die kind se geheue en manier van rapportering te bevorder. Die kognitiewe onderhoud verhoog die kind se geheueherroeping terwyl dit die gevaar van foute beperk (Larsson & Lamb, 2008:6). Waar die kognitiewe onderhoud met kinders gebruik is, is meer akkurate inligting gerapporteer (Larsson & Lamb, 2008:8). Daar is ook bevind dat die kognitiewe onderhoud die kontamineringseffek op die geheue van die kind verminder. Larsson en Lamb (2008:8) se navorsing ondersteun ook Saywitz et al. (2002:362) se mening dat die kognitiewe onderhoud vir gebruik met die kind aangepas behoort te word. Sodoende word die kind se vermoëns en beperkinge geakkommodeer. Volgens Cronch et al. (2005:199) is die oorspronklike kognitiewe onderhoud wel aangepas vir gebruik met die kind.

Sattler (1998:772) beskryf die kognitiewe onderhoud soos volg: "The Cognitive interview is essentially a guided memory search that provides explicit retrieval strategies, specific retrieval cues, and strategies for organizing information". Saywitz et al. (2002:362) meen dat die kognitiewe onderhoud heelwat aandag geniet het, omdat die tegniek oor die potensiaal beskik om detail op 'n nie-leidende wyse by die kind te bekom. Daar is ook in die navorsing bevind dat daar tot 35% meer inligting met die gebruik van die kognitiewe onderhoud aan die lig gebring is. As die kognitiewe onderhoud met 'n standaardonderhoud vergelyk word, is meer positiewe resultate bekom. Waar die kognitiewe onderhoud benut is, is gevind dat daar beter herroeping van inligting was. Daar was nie 'n toename in die voorkoms van foute of fiktiewe inligting nie. Volgens Faller (2007:97) het studies getoon dat die gebruik van die kognitiewe onderhoud met die kind die hoeveelheid inligting wat herroep word, verbeter het, vergeleke met die gebruik van die standaardonderhoud.

Carnes et al. (2001:239) is van mening dat die kognitiewe onderhoud 'n tegniek is wat gebruik word om meer besonderhede tydens die vry vertelling by die kind te bekom. Hierdie navorsing beklemtoon ook die gebruik van tekeninge met die kind tydens die kognitiewe onderhoud.

### 8.4 SLOTSOM

Die navorser is van mening dat hierdie tegniek benut kan word slegs as inligting rakende seksuele misbruik reeds bekendgemaak is. Volgens die navorser is dit belangrik om tydens die kognitiewe onderhoud die omgewing waarin die misdaad waarskynlik plaasgevind het, te herkonstrueer. Tekeninge en klei kan tydens die herkonstruering van die omgewing aangewend word. Die benutting van kleiherkonstruksie tydens die kognitiewe onderhoud is deur Potgieter (2002:15) voorgestel, en sy is van mening dat "context reinstatement increases the accessibility of stored information". Die navorser is van mening dat die kognitiewe onderhoud 'n waardevolle tegniek is om struktuur aan 'n onderhoud te gee en om gedetailleerde inligting aan die lig te bring.

## 9. TEKENINGE

### 9.1 INLEIDING

Ceci en Hembrooke (2008:116) wys daarop dat tekeninge dikwels deur die professionele persoon tydens die evaluering van kinders benut word. Sommige

tekeninge word spontaan deur die kind gemaak en ander in opdrag van die assesseerder. Pipe en Salmon (2009:383) noem dat tekeninge dikwels in die kliniese konteks as projektiewe tegniek benut word om die kind se psigologiese funksionering te evalueer. Daar word tans onder navorsers gedebatteer oor die vraag of tekeninge in die forensiese veld belangrike inligting oplewer.

## 9.2 DOEL EN FUNKSIE VAN DIE BENUTTING VAN TEKENINGE AS FORENSIESE ASSESSERINGSTEGNIEK

In navorsing oor tekeninge is bevind dat talle navorsers in die forensiese veld die gebruik van tekeninge aanbeveel wanneer kinders geassesseer word. Faller (2007:138) is in hierdie verband van mening dat die doel van tekeninge tydens onderhoudvoering in die praktyk aangeteken is en dat dit die volgende voordele inhou:

(1) Tekeninge maak die pas van die onderhoud stadiger. Sodoende voel die kind nie dat druk op hom geplaas word nie.

(2) Tekeninge gee die kind beheer oor ŉ deel van die onderhoudproses.

(3) Tekeninge kan die professionele persoon help om gedetailleerde besonderhede van die seksuele misbruik in te samel.

(4) Tekeninge verhoog die professionele persoon se visuele begrip van die misbruik.

(5) Tekeninge bevorder die professionele persoon se vertroue in die onthulling van misbruik. Die kind se onthulling van die seksuele misbruik kan tydens eksplorasie van die tekening, op die tekeninge self aangebring word, en deel uitmaak van die hofrekord.

In ŉ artikel deur Hiltz en Bauer (2003) is tekeninge in forensiese onderhoude met kinders nagevors. Hulle is van mening dat tekeninge om verskeie redes tydens die forensiese onderhoud gebruik moet word. Die *eerste* rede wat aangevoer word, is dat dit die kind op sy gemak stel. Sodoende kan hy moontlik makliker oor die seksuele misbruik praat. *Tweedens* kan tekeninge onduidelikhede uitklaar sodat die professionele persoon ŉ duidelike beeld kan saamstel van die kind se ervaring. *Derdens* is Hiltz en Bauer (2003) van mening dat tekeninge geheueherroeping

verbeter asook detail verhoog. Kinders wat die geleentheid ontvang het om tydens die bekendmaking van misbruik te teken het betekenisvol meer inligting verstrek. V*ierdens* kan tekeninge die kind se geheue prikkel en sodoende die onthulling van seksuele misbruik vergemaklik. Die kind word dus aangemoedig om nader aan die misbruik-voorval te beweeg. In die *vyfde* plek kan tekeninge die intensiteit en druk van die onthulling verminder. Die gevoel van intensiteit en druk kan, vir die kind veral, oorheersend wees waar hy in 'n klein kamertjie met 'n vreemdeling oor sy seksuele misbruik praat. Die tekening-en-papierformaat bied 'n ander fokus vir die kind se oë en 'n uitlaatklep vir moontlike intense gevoelens. Deur die misbruik te teken, eerder as om net daaroor te praat, kan die druk ook verlig.

In die *sesde* plek kan die tekening as 'n verwysingsmedium vir die professionele persoon en die kind gebruik word. 'n *Sewende* rede wat Hiltz en Bauer (2003) vir die gebruik van tekeninge aanvoer, is dat die kind wat tydens die onderhoud aandagafleibaar raak, gehelp word om te fokus. In die *agste* plek word aangevoer dat die kind dikwels die enigste ooggetuie in 'n saak is wat handel oor seksuele misbruik. 'n Tekening kan die kind se verklaring staaf of as deel van die bewyse in die hof getoon word.

Volgens Hiltz en Bauer (2003) is tekeninge een van vele tegnieke wat tydens forensiese assessering gebruik kan word. Professionele persone moet die voordele en leemtes van tekeninge verstaan sodat hulle hierdie tegniek in die hof kan verdedig. Tydens die forensiese assessering moet tekeninge slegs deur opgeleide professionele persone, wat met die doel en funksie van tekeninge vertroud is en dit met gemak hanteer, benut word.

## 9.3 DIE MENING VAN ANDER PROFESSIONELE PERSONE OOR DIE BENUTTING VAN TEKENINGE

Amir en Lev-Wiesel (2006:115) is van mening dat een van die struikelblokke waarvoor professionele persone te staan kom, die omgemak is waarmee seksueel misbruikte slagoffers hulle trauma beskryf. Hulle het voorgestel dat tekeninge 'n verbale verklaring moontlik kan uitlok. Pipe en Salmon (2009:383) is van mening dat indien tekeninge as 'n nieverbale hulpmiddel tydens 'n onderhoud gebruik word terwyl die kind 'n vry vertelling gee van seksuele misbruik, dit die hoeveelheid inligting uitbrei. Die akkuraatheid en die insluiting van misleidende feite is nie deur die benutting van tekeninge beïnvloed nie. Tekeninge kan juis effektief aangewend word

aangesien dit ŉ reeks leidrade voorsien en rigting tydens die assessering aan die kind gee. Hierdie tegniek bied struktuur aan die verklaring en verleng die kind se geheue-ondersoek. Tekeninge verhoog die herroeping van inligting en die kommunikering van hierdie inligting.

Amir en Lev-Wiesel (2006:115) se studie ondersoek die mate waarin die gebruik van tekeninge voor die vry vertelling die gehalte van die verklaring beïnvloed. Die studie het gevind dat die vry vertelling van die kind wat versoek is om te teken voordat hy/sy die gebeure beskryf het, meer detail en meer emosie bevat het as die kinders wat slegs versoek is om die gebeure verbaal oor te dra. In teenstelling hiermee was die uitdrukking van weerstand en verdeeldheid meer sigbaar by die kinders wat slegs gevra is om ŉ vry vertelling. Pipe en Salmon (2009:383) is van mening dat die benutting van tekeninge die risiko van foute wat die onderhoudvoerder tydens die assessering kan begaan, beperk.

Kinders kan vry tekeninge gebruik om enige verbale beskrywing van seksuele misbruik te demonstreer. Carnes et al. (2001:239) is verder van mening dat die professionele persoon die kind moet vra om in detail te beskryf wat geteken is, veral met jonger kinders waar die inhoud en betekenis van die tekening nie dadelik duidelik is nie. Die volwassene se interpretasie van die kind se tekening is nie in hierdie konteks geldig nie. Die gebruik van tekeninge, as dit met ŉ verbale onthulling van seksuele misbruik gekombineer word, het getoon dat die hoeveelheid detail veel meer en die betroubaarheid daarvan sterker is, vergeleke met ŉ blote verbale onthulling daarvan, veral by skoolgaande kinders.

Fouché (2006:227) noem dat tekeninge een van die forensiese assesseringstegnieke is wat met die kind wat seksueel misbruik is, benut kan word. Die kind word versoek om die misbruik-gebeure te teken. Fouché (2006:227) is verder van mening dat hierdie tegniek die kind help om inligting akkurater te herroep, aangesien dit die kind visueel konfronteer met die herinnering van die misbruik. Die professionele persoon kan ook die kind se ooreenstemmende inligting toets.

Verskeie ooreenstemmende studies het bevind dat, indien tekeninge tydens die vry vertelling van die seksueel misbruikte kind benut word, die hoeveelheid inligting wat die kind gee, vermeerder (Pipe & Salmon, 2009:383). Tekeninge bied aan die kind struktuur om sy of haar verklaring af te lê, en dit bevorder kommunikasie.

Pipe en Salmon (2009:384) verwys na ŉ veldstudie waartydens kinders die geleentheid gegun is om aan die einde van hulle verbale onderhoud die seksuele misbruik te teken. Die onderhoud is na die tekening hervat waartydens die kinders versoek is om weer ŉ verbale verklaring af te lê oor die seksuele misbruik. Daar is bevind dat die kinders wel aansienlik meer nuwe inligting gerapporteer het.

### 9.4 SLOTSOM

Die navorser is van mening dat die professionele persoon wat tekeninge tydens forensiese assessering met die seksueel misbruikte kind as tegniek benut, moet eksploreer watter betekenis die kind aan die tekeninge heg. Tekeninge kan waardevolle inligting oor die seksuele misbruik verskaf as dit ook gepaard met die inligting wat uit ander tegnieke verkry is, vertolk word. Tekeninge kan ook in kombinasie met die kognitiewe onderhoud met groot welslae aangewend word. Pipe en Salmon (2009:385) is ook van mening dat daar tans ŉ behoefte bestaan aan verdere navorsing oor hierdie tegniek. Faktore moet stelselmatig ondersoek word wat die doeltreffendheid van tekeninge as forensiese assesseringstegniek ondersteun, veral as dit gebruik word in kombinasie met professionele onderhoud-riglyne. Connell (2009**b**:467) noem dat tekeninge oor die potensiaal beskik om kwesbaar te wees vir verkeerde gebruik en interpretasie. Navorsing oor die benutting van die effektiwiteit van hierdie tegniek om kinders se verbale produktiwiteit te verbeter is skaars.

## 10. SELEKTIEF ANATOMIES GEDETAILLEERDE TEKENINGE

### 10.1 INLEIDING

Pipe en Salmon (2009:378) beskryf selektief anatomies gedetailleerde tekeninge of “body diagrams” as ŉ tweedimensionele voorstelling van die mens se liggaam. Die anatomiese detail op hierdie tekeninge wissel en mag ook ŉ “gemmerbroodmannetjie” met slegs die buitelyne insluit

Volgens Faller (2007:129) word anatomiese tekeninge so genoem omdat dit ŉ nie-geklede voorstelling is van die mens se liggaam – dit sluit liggaamsdele soos genitalieë in. Die tekeninge is beskikbaar as manlike of vroulike tekeninge en het ŉ voor- en agteraansig aan weerskante van die bladsy. Die anatomiese tekeninge is beskikbaar in reekse met voorstellings van verskeie ouderdomme soos die voorskoolse kind, skoolgaande kind, adolessent, volwassene en ouer persoon.

Hierdie tekeninge stel die kind in staat om met ’n prent wat homself voorstel, te identifiseer.

## 10.2 FUNKSIES VAN DIE SELEKTIEF ANATOMIES GEDETAILLEERDE TEKENINGE

Faller (2007:133) is van mening dat alhoewel die anatomiese tekeninge nie so gewild soos die anatomiese poppe is nie, dit dikwels deur professionele persone gebruik en aanbeveel word. Die anatomiese tekeninge het verskeie funksies naamlik as ysbreker, anatomiese model, demonstrasiehulpmiddel, geheuestimulus en vir noukeurige ondervraging. Sommige professionele persone gebruik die anatomiese tekeninge vir verhouding opbou of tydens die benoeming van liggaamsdele. As daar gefokus word op liggaamsdele wat tydens die misbruik gebruik is, word dieselfde tekening weer aan die kind voorgehou. Die professionele persoon behoort soveel inligting moontlik op die tekeninge te dokumenteer, aangesien dit as bewysstuk in die hof aangebied kan word. Faller (2007:134) is verder van mening dat die anatomiese tekeninge met sukses gebruik kan word as die kind reeds ’n verbale verklaring afgelê het. Die tekeninge word dan gebruik om duidelikheid te kry en inligting te bevestig.

## 10.3 DIE MENING VAN ANDER PROFESSIONELE PERSONE OOR DIE BENUTTING VAN SELEKTIEF ANATOMIES GEDETAILLEERDE TEKENINGE

Aldridge et al. (2004:304) is van mening dat studies oor outobiografiese geheue openbaar het dat daar belangrike ontwikkelingsveranderlikes by kinders se strategie en kapasiteit om inligting te herwin voorkom. Die jong kind onthou minder inligting en gee ’n korter weergawe van gebeure as ouer kinders. Hierdie jonger kinders benodig dus meer leidrade om ’n meer volledige verklaring van gebeure te kan aflê. Om hierdie rede het navorsers by die *National Institute of Child Health and Human Development* (NICHD) ’n gestruktureerde onderhoudprotokol ontwikkel. Hierdie protokol bied leiding aan die onderhoudvoerder deur al die fases van die ondersoek heen. Dit bied aan die onderhoudvoerder oopeinde-vrae en tegnieke om die meeste inligting aan die lig te bring deur van “free-recall memory” gebruik te maak. Daar is bevind dat onderhoudvoerders wat die NICHD-protokol tydens onderhoudvoering benut, inligting bekom wat van ’n hoër gehalte en akkurater is.

Aldridge et al. (2004:305) het met die begrip dat gebeure wat reeds tydens benutting van die protokol openbaar gemaak is, verdere leidrade benut om moontlike nuwe inligting aan die lig te bring. Hierdie leidrade word op ʼn nie-suggestiewe wyse benut. In die studie van Aldridge et al. (2004:305) is die inligting wat reeds openbaar gemaak is as verwysing gebruik, gepaard met die selektief anatomies gedetailleerde tekeninge as konteks-leidraad. Die resultaat van hierdie navorsing was dat die benutting van die selektief anatomies gedetailleerde tekeninge wel ʼn bydrae gelewer het daartoe om meer inligting aan die lig te bring. Die akkuraatheid van die inligting was egter onseker.

In ander navorsing wat die afgelope 10 jaar oor die benutting van selektief anatomies gedetailleerde tekeninge gedoen is, is bevind dat dit nie ʼn ondersteunende tegniek is nie. In die navorsing van Brown et al. (2007:33) word genoem dat jong kinders wel tydens die vry vertelling akkurate inligting oordra, maar dat die inligting kort en onvolledig is. Die vraag word gestel of selektief anatomies gedetailleerde tekeninge kinders help om ʼn vollediger verklaring af te lê.

In die navorsing wat deur Brown et al. (2007:41) oor die selektief anatomies gedetailleerde tekeninge gedoen is, is bevind dat hierdie tegniek nie meer inligting aan die lig bring as die vry vertelling nie. Die bevinding was dat selektief anatomies gedetailleerde tekeninge nie die herroep van inligting aansienlik verbeter nie en selfs inligting aan die lig bring wat nie akkuraat is nie.

In die navorsing van Willcock et al. (2006:607) is genoem dat die gebruik van selektief anatomies gedetailleerde tekeninge in beide die kliniese en forensiese veld gewild is. In hierdie navorsing is vasgestel dat tot 66% professionele persone wat assesserings met die seksueel misbruikte kind doen, hierdie tegniek toepas. Die bevinding van Willcock et al. (2006:608) se navorsing was dat hierdie tegniek nie meer inligting aan die lig bring nie en dat die inligting wat wel deur die kind gegee word, dikwels nie akkuraat is nie. Hierdie navorsers waarsku selfs professionele persone om nie hierdie tegniek tydens die kliniese of forensiese onderhoude toe te pas nie.

## 10.4 SLOTSOM

Hiltz en Bauer (2003) maak die stelling dat daar in die *American Bar Association Guidelines for Fair Treatment of a Child Witness* genoem word dat die kind toegelaat

moet word om anatomiese poppe en anatomiese tekeninge tydens hulle getuienis te benut. Alhoewel daar stellings soos hierdie in die verlede gemaak is, wil die navorser daarop wys dat die jongste navorsing aandui dat die benutting van selektief anatomies gedetailleerde tekeninge tydens assesseringsgesprekke met kinders 'n waagstuk is.

## 11. SELEKTIEF ANATOMIES GEDETAILLEERDE TEKENINGE POPPE

### 11.1 INLEIDING

Selektief anatomies gedetailleerde poppe is volgens Ceci en Hembrook (2008:172) oorspronklik in 1978 ontwikkel om kinders te help om dade van seksuele misbruik te illustreer. Dit was 'n hulpmiddel vir die kind wat die inligting nie verbaal kon oordra nie. Hierdie tegniek is spoedig deur professionele persone aanvaar as hulpmiddel om die seksueel misbruikte kind mee te assesseer.

### 11.2 DIE MENING VAN ANDER PROFESSIONELE PERSONE OOR DIE BENUTTING VAN SELEKTIEF ANATOMIES GEDETAILLEERDE POPPE

Die anatomiese poppe is een van die mees kontroversiële forensiese assesseringstegnieke wat in die literatuur bespreek word (Cronch et al., 2005:200). Sommige professionele persone beweer dat die anatomiese poppe 'n sinvolle tegniek is. Hierdie tegniek help kinders om te onthou wat gebeur het en om besonderhede van die misbruik te beskryf. Ander redeneer dat die poppe die gehalte van die kind se verklaring verswak en dat dit geseksualiseerde spel selfs by nie-misbruikte kinders kan uitlok. Faller (2007:115) is van mening dat die navorsingsparadigma en interpretasie van bevindinge verskil. Dit hang grootliks daarvan af of die navorser die poppe beskou as 'n hulpmiddel in die kommunikasie met die kind of as 'n gevaarlike bron van valse positiewe bevindinge.

Everson en Boat (1997:S55) wys daarop dat die gebruik van anatomiese poppe hewige debatte onder professionele persone ontlok het. In reaksie op hierdie debatte het die *American Psychological Association* (APA) en die *American Society on the Abuse of Children* (APSAC) onafhanklike taakspanne aangestel om die wetenskaplike en kliniese steun vir die gebruik van die anatomiese poppe te ondersoek. In 1995 het beide die APA en APSAC hulle bevindings gepubliseer. Albei die dokumente het hulle steun sterk uitgespreek vir die gebruik van anatomiese poppe deur opgeleide professionele persone as 'n hulpmiddel. Ten spyte van hierdie

poging gaan die kontroversie wat die gebruik van die anatomiese poppe omring egter voort.

Volgens Thierry et al. (2005:1133) word die nadele verbonde aan die benutting van anatomiese poppe met betrekking tot akkuraathieds- en geloofwaardigheidsaspekte wat die moontlike voordele tydens onderhoude met die kind, oortref. Volgens hierdie navorsers se studie is daar ander onderhoudstegnieke wat ewe doeltreffend gebruik kan word en minder gevaarlik is. Byvoorbeeld die protokolle soos die *National Institute of Child Health and Human Development* (NICHD) wat anatomiese poppe uitsluit en eerder daarop fokus om die kind die geleentheid te gun om oopeinde-vrae prakties te beantwoord. Faller (2007:130) se mening in hierdie verband is dat die onderhoudvoerder die huidige kontroversie oor die anatomiese poppe in gedagte moet hou. Die gebruik van die anatomiese poppe mag uiteindelik groter uitdagings aan die kind se onthulling van seksuele misbruik stel as wanneer die anatomiese poppe nie gebruik word nie.

Faller (2005:2) het in haar navorsing bevind dat die gebruik van anatomiese poppe oor die laaste twee dekades heen afgeneem het. Verskeie redes word aangevoer vir die afname, soos dat die poppe genitalieë het en ŉ maklike teiken is vir diegene wat die aantygings van seksuele misbruik in twyfel trek. Talle uitdagings is in die hof aan die gebruik van poppe gestel, ook deur professionele persone wat as deskundiges vir die oortreder optree, en die navorsers wat op die kind se swakhede fokus.

Volgens Faller (2005:2) moet die beste belang van die kind, ŉ kliniese oorsig van die navorsing en ŉ professionele mening oor goeie praktyk as maatstaf aangelê word tydens die besluit of anatomiese poppe tydens ŉ onderhoud gebruik gaan word, eerder as ŉ verdedigende en self-beskermende reaksie ten opsigte van die kritiek op die poppe. Faller (2005:14) is van mening dat dit wil voorkom of die voordele van die gebruik van die anatomiese poppe die nadele daarvan oortref. Sy noem dat die professionele persone wat anatomiese poppe as hulpmiddel gebruik, dit selektief moet doen. Die kind se karaktereienskappe, reaksie op die poppe en ontwikkelingstadium speel volgens Faller (2005:14) hier ŉ rol.

Santtila et al. (2004:23) het tydens hulle navorsing talle studies oor anatomiese poppe bestudeer. Hulle gevolgtrekking was dat, alhoewel die literatuur gemengde bevindings rapporteer, sake wat handel oor seksuele misbruik waarby ŉ kind betrokke is, sal kan baat vind by die gebruik van anatomiese poppe. Daar moet in

gedagte gehou word dat bepalende gevolgtrekkings oor seksuele misbruik nie gemaak kan word waar die anatomiese poppe in isolasie gebruik word nie.

Die metode waarby anatomiese poppe gebruik word, steun op geheueleidrade vir herroepping van inligting eerder as op vrye herroeping van die inligting. Die vraag word gestel of waarde tot die kind se verklaring toegevoeg kan word as die poppe benut is? Volgens Faller (2007:114) is hierdie bekommernisse wel in beide navorsing en praktiese riglyne ondervang. Faller (2007:129) is van mening dat die bewering dat anatomiese poppe meebring dat nie-misbruikte kinders verklarings aflê dat hulle wel misbruik is, nie deur bestaande navorsing ondersteun word nie. Die navorsing oor die bydrae wat anatomiese poppe tot die bevordering van inligting wat die kind verstrek, lewer, is gemeng, maar ondersteun in die algemeen die poppe se bruikbaarheid.

Volgens Faller (2005:14) is hierdie tegniek wat oor die potensiaal beskik om die kind te help om oor traumatiese gebeure te praat, deur talle professionele persone verwerp. Hierdie professionele persone vrees die hof se aanvalle op die tegniek. Die professionele persone wat die mandaat het om hierdie sake te ondersoek het toegelaat dat die regslui, die regbank en hulle deskundiges die beste praktyk beskryf, afbaken en bepaal. Dit is belangrik om te verstaan dat hierdie aanvalle op die gebruik van anatomiese poppe slegs een van ŉ reeks pogings is om die ontbloting van seksuele misbruik te ondermyn.

Dit is Faller (2007:140) se mening dat studies reeds bevind het dat die benutting van tegnieke bygedra het tot meer forensies toepaslike detail oor die seksuele misbruik. Dit is dan ook die primêre rede vir die toepas van tegnieke. Die professionele persoon moenie verwag dat die gebruik van tegnieke meer inligting as vrae gaan bied nie – eerder bykomstige inligting en metodes om die kind se verbale kommunikasie uit te brei.

Fouché (2006:228) is van mening dat die selektief anatomies gedetailleerde poppe wel effektief tydens onderhoude met die seksueel misbruikte kind gebruik kan word. Dit is nie ŉ tegniek wat verpligtend tydens elke forensiese assessering toegepas word nie. Die kind se demonstrasie met die poppe is slegs een deel van die assessering. Eweneens is die forensiese assessering slegs een deel van die ondersoekproses. Fouché (2006:228) is van mening dat die poppe nooit benut mag word om ŉ verklaring by ŉ kind te kry nie. Hierdie tegniek behoort slegs benut te

word indien die kind reeds ŉ verbale verklaring oor die beweerde misbruik gemaak het. Die doel met die benutting van die selektief anatomies gedetailleerde poppe moet wees om die kind die geleentheid te gun om die verklaring te verduidelik, asook om ooreenstemming van inligting na te gaan. Dit bied aan die kind die geleentheid om hom van sy eie liggaam te distansieer en sodoende oor dít wat hy nie kan of wil sê nie, te praat. Die benutting van die selektief anatomies gedetailleerde poppe is ŉ hoogs gespesialiseerde forensiese assesseringstegniek. Die professionele persoon wat hierdie tegniek wil benut, behoort intensiewe opleiding daarin te ontvang.

### 11.3 SLOTSOM

Die navorser is bewus daarvan dat daar in die literatuur menings gelug word en navorsing aangehaal word wat die gebruik van hierdie tegniek aanmoedig, maar ook dié wat die toepas daarvan afraai. Indien daar besluit word om hierdie tegniek te benut behoort dit slegs gedoen te word om die reeds geverbaliseerde verklaring van seksuele misbruik te verduidelik en onsekerhede daaromtrent op te klaar.

Verskeie navorsers spreek hulle egter uit teen die toepassing van hierdie tegniek. Die nadele aan die benutting van hierdie tegniek kan moontlik die moontlike voordele oortref. Daar is ander tegnieke soos die protokolle wat selektief anatomies gedetailleerde poppe uitsluit wat ewe doeltreffend en minder gevaarlik is.

## 12. BESPREKING

- Die meeste seksuele oortreders ontken dat hulle seksuele kontak met ŉ kind gehad het. Seksuele misbruik vind meestal in die geheim plaas en daar is gewoonlik geen ooggetuies nie. Daar is reeds verwys na Fouché (2006:205) se mening dat die kind se verklaring rakende die seksuele misbruik dikwels die enigste bewyse vir die beweerde misdryf is. Die wyse waarop die kind se onderhoud gevoer word, is dikwels die mees kritieke komponent van die ondersoek in ŉ saak rakende seksuele misbruik.

- In 2011 se misdaadstatistiek-verslag van die SAPD word seksuele misbruik as die oorheersende misdaad wat teen kinders gepleeg word, beskou.

- Navorsing oor die geheue van jong kinders het bevind dat oopeinde-vrae aan hierdie kinders waar vry herroeping van inligting verlang word, meebring dat hulle inligting minder spontaan herroep. Jong kinders vind dit moeilik om detail

met betrekking tot seksuele misbruik te herroep. Die jong kind se antwoorde op vry herroeping van inligting is dikwels kort en onvolledig. Vry herroeping is nie perfek nie en kontaminasie kan plaasvind deur suggestiewe vrae wat gestel word.

- Nieverbale tegnieke behoort ook by die onderhoudproses met jong kinders ingesluit te word. Omdat die jong kind nie maklik oor seksuele misbruik praat nie, kan empiries ondersteunde tegnieke benut word sodat die sisteem nie hierdie kinders tydens die bekendmakingsproses in die steek laat nie. Dit is egter noodsaaklik dat dié tegnieke wetenskaplik gefundeer moet wees en in die hof verdedig kan word.

- Die forensiese empiries ondersteunde assesseringstegnieke behoort nie in isolasie gebruik te word nie, maar moet deel uitmaak van die totale ondersoekproses.

- Die sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek kan benut word om inligting by die kind te bekom oor verskeie soorte aanrakings wat hy beleef het. Hierdie tegniek behoort aangewend te word in kombinasie met ander empiries gesteunde tegnieke.

- Die kognitiewe onderhoud is ŉ sinvolle tegniek wat gebruik kan word om meer besonderhede van die misbruik te ontbloot.

- Dit is vir seksueel misbruikte slagoffers soms moeilik en selfs onmoontlik om hulle trauma verbaal te beskryf. Indien tekeninge reg aangewend word, kan dit ŉ verbale verklaring ontlok.

- Die jongste navorsing dui aan dat die benutting van selektief anatomies gedetailleerde tekeninge tydens assesseringsgesprekke met kinders ŉ waagstuk is.

- Die selektief anatomies gedetailleerde poppe is ŉ forensiese assesseringstegniek wat omring word deur kontroversiële temas. Heelwat navorsing is gedoen oor die tegniek, waarin sommige navorsers die tegniek steun en ander dit verwerp. Die professionele persoon wat besluit om hierdie tegniek in die assesseringsproses te benut moet dit met omsigtigheid doen en die geloofwaardigheid van die tegniek in die hof kan verantwoord.

- Faller (2007:140) is van mening dat die primêre doel met die toepas van tegnieke is om meer besonderhede rakende die seksuele misbruik te ontbloot. Die professionele persoon moet egter nie verwag dat die tegnieke meer inligting gaan oplewer as die assesseringsvrae nie – dit moet eerder beskou word as 'n bykomstige wyse om die kind se verbale kommunikasie te bevorder.

- Die professionele persoon moet die beste belang van die kind, 'n kliniese oorsig van die navorsing en 'n professionele mening oor goeie praktyk as maatstaf aanlê tydens die besluit oor watter tegnieke tydens die assessering toegepas gaan word. Die bruikbaarheid van alle tegnieke in die veld moet uiteindelik in die hof verdedig kan word.

## 13. GEVOLGTREKKING

Die doel van hierdie navorsing was om sommige van die forensiese assesseringstegnieke wat tydens die ondersoeke na seksuele misbruik toegepas word, te identifiseer en te bespreek. Die doelwit van hierdie navorsing is bereik, naamlik om die forensiese assesseringstegnieke aan die hand van 'n literatuurstudie te bespreek. Tydens die literatuurstudie is verskeie forensiese assesseringstegnieke bestudeer en verskeie navorsers se menings is bespreek.

Forensiese assesseringstegnieke word beskou as 'n hulpmiddel om te poog om die waarheid te ontbloot. Hierdie gesprek met die kind vind binne 'n teoretiese raamwerk plaas. Die primêre fokus is om akkurate inligting te bekom wat in 'n kriminele proses benut sal word om bo alle redelike twyfel 'n aangeklaagde se aandeel in seksuele misbruik, al dan nie, te bewys. Wanneer seksuele misbruik onthul word, is besonderhede nodig vir hofverslae, en ondervraging is dus noodsaaklik. Laasgenoemde is gebaseer op nie-leidende vrae en geen suggestiewe vrae nie.

Die navorsing oor sommige van die assesseringstegnieke, soos sistematiese aanrakingseksplorasie, was beperk tot die persoon wat dit ontwikkel het. Weinig studies is deur navorsers wat nie by die ontwikkelingsproses betrokke was nie, uitgevoer. Die gevolg is dat die professionele persone wat in die veld werk, moeilik of onmoontlik tot 'n gevolgtrekking kan kom ten opsigte van die bruikbaarheid van hierdie tegniek.

Met die voltooiing van hierdie navorsingsartikel en die inligting wat beskikbaar gestel word, sal professionele persone bygestaan word in hulle keuse van forensiese assesseringstegnieke tydens die assessering van die seksueel misbruikte kind.

## 14. AANBEVELINGS

Op grond van voorafgaande bespreking en gevolgtrekkings word die volgende aanbevelings aan die hand gedoen:

- Dit is nodig dat meer navorsing deur individue gedoen moet word wat nie by die aanvanklike ontwikkelingsprosesse van die tegnieke betrokke was nie. Dit is ook van kritieke belang dat navorsing in hierdie verband binne die Suid-Afrikaanse konteks gedoen moet word.

- Wanneer navorsing op die gebied van forensiese assesserings gedoen word, moet seksuele misbruik reeds by die kinders wat by die steekproef betrek word, bevestig wees.

- Die kind se ouderdom en ontwikkelingsvlak behoort in ag geneem te word wanneer die forensiese assesseringstegnieke toegepas word. Oopeinde-vrae moet, waar moontlik, gebruik word. Leidende en suggestiewe vrae moet altyd tydens die forensiese assessering van die kind vermy word.

- Die professionele persoon wat seksueel misbruikte kinders assesseer, behoort oor die vermoë te beskik om 'n verhouding met 'n kind te kan opbou, en 'n atmosfeer te kan skep waarin maksimum inligting bekom kan word. Hierdie professionele persoon moet oor die nodige kennis, vaardighede en ondervinding beskik om met die seksueel misbruikte kind te kan werk.

- Die assesseringstegnieke behoort nie in isolasie toegepas te word nie maar in kombinasie met ander empiries gesteunde tegnieke, wat deel uitmaak van die totale ondersoekproses.

- Sekere tegnieke, soos in hierdie navorsing bespreek is, behoort deel uit te maak van 'n protokol wat die professionele persoon kan benut om die seksueel misbruikte kind mee te assesseer. Dit wat die kind sal bystaan ten opsigte van akkurate oordrag van ervarings van seksuele misbruik moet die beste praktyk aanvuur.

- Alle tegnieke moet aan die hand van literatuur in die hof verdedig kan word. Navorsing is deurlopend nodig om leiding aan die professionele persoon te gee ten opsigte van die geskiktheid van assesseringstegnieke. Die professionele persoon moet 'n objektiewe en nie-veroordelende houding handhaaf ten opsigte van die ontwikkeling in die forensiese veld. Hierdie persoon behoort oor die vermoë te beskik om terugvoer konstruktief aan te wend en dienooreenkomstig te verander. Die beste belang van die kind is altyd deurslaggewend.

## 15. BIBLIOGRAFIE


ALDRIDGE, J., LAMB, M.E., STERNBERG, K.J., ORBACGH, Y., ESPLIN, P.W., & BOWLER, L. 2004. Using a human figure drawing to elicit information from alleged victims of child sexual abuse. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, 72(2), 304-316.

AMIR, G. & LEV-WIESEL, R. 2006. Dissociation as depicted in the traumatic event drawings of child sexual abuse survivors: A preliminary study. The Arts in Psychotherapy, 34:114-123. [Date of access: 13 September 2010]

ANNUAL CRIME REPORT OF THE SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE. 2011. Crime information Management. 8 September. Pretoria. Http://intranet.saps.govza/ [Date of access: 09 September 2011]

BROWN, D.A., PIPE, M.-E., LEWIS,C., LAMB, M., & Orbach, y. 2007. Supportive or suggestive: Do human figure drawings help 5- to 7- years-old children to report touch? *Journal of consulting and clinical Psychology*, 75, 33-42.

BROWN, D.A. & LAMB, M. E. 2009. Forensic Interviews with Children. (*In* Kuehnle, K., *ed*. Connell, M. The evaluation of child sexual abuse allegations: A comprehensive guide to assessment and testimonty. New Jersey : John Wiley & sons. p. 299-325.)

CARNES, C. N., NELSON-GARDELL, D., WILSON, C. & ORGASSA, U. C. 2001. Extended forensic evaluation when sexual abuse is suspected: A multisite field study. Child maltreatment, 6(3):230-242, Aug. Http://cmx.sagepub.com/cgi/content/adstrect/6/3/230 [Date of access: 16 March 2009]

CECI, S.J. & HEMBROOKE, H. 2008. Expert witnesses in child abuse cases. Washington : American Psychological Association.

CONNELL, M. 2009**a**. The Child Advocacy Center Model. (*In* Kuehnle, K., *ed*. Connell, M. The evaluation of child sexual abuse allegations: A comprehensive guide to assessment and testimonty. New Jersey : John Wiley & Sons. 423-449p.)

CONNELL, M. 2009**b**. The extended Forensic Evaluation. (*In* Kuehnle, K., *ed*. Connell, M. The evaluation of child sexual abuse allegations: A comprehensive guide to assessment and testimonty. New Jersey : John Wiley & Sons. 451-487p.)

CRONCH, L.E., VILJOEN, J.L., & HANSEN, D. J. 2005. Forensic interviewing in child sexual abuse cases: Current techniques and future directions. *Aggression and Violent Behavior:* 195-207, Jul. Availiable: ScienceDirect.

DE VOE, E.R. & FALLER, K.C. 1999. The characteristics of disclosure among children who may have been sexually abused. *Child Maltreatment*, 4(3):217-227, Aug.

EVERSON, M.D. & BOAT, B.W. 1997. Anatomical dolls in child sexual abuse assessments: A call for forensically relevant research. *Applied cognitive psychology,* 11: S55-S74

FALLER, C.K. 2005. Anatomical Dolls: Their use in assessment of children who may have been sexually abused. *Journal of child sexual abuse*, 14(3):1-21.

FALLER, C.K. 2007. Interviewing children about sexual abuse: controversies and best practice. New York : Oxford University Press, Inc. .

FOUCHÉ, A. 2000. Speltegnieke in die assessering van die seksueel misbruikte swart kind. Pretoria : Universiteit Pretoria (Verhandeling-MA) 135 p.

FOUCHÉ, A. 2006. Assessment of the sexually abused child. (*In* Spies, G. M., *ed*. Sexual abuse. Dynamics, assessment & healing. Pretoria : Van Schaik Publishers. p. 205-239.)

HEWITT, S.K. & ARROWOOD, A.A. 1994. Systematic touch exploration as a screening procedure for child abuse: a pilot study. *Journal of child sexual abuse*, 3(2): 31-43.

HEWITT, S.K. 1999. Assessing allegations of sexual abuse in preschool children: understanding small voices. London : Sage Publications. .

HILTZ, B. & BAUER, G. 2003. Drawings in Forensic Interviews of Children. 16(3), 1-2p .

LARSSON, A.S. & LAMB, M.E. 2008. Making the most of information-gathering interviews with children. *Infant and Child Development*: 1-16, Jul.

LYON, T.D. 2002. Speaking with children: Advice from investigative interviewers. *Handbook for the treatment of abused and neglected children*: 1-17, Oct.

MYERS, J.E.B. 2005. Myers on evedence in child, domestic and elder abuse cases. New York : Aspen Publishers.

MYERS, J.E.B. 2011. Proving Child Maltreatment in Court. (*In* Myers, J.E.B., *ed*. The APSAC Handbook on Child Maltreatment. 3rd ed. London : Sage Publications. 377-397 p.)

PIPE, M-E. & SALMON, K. 2009. Dolls, Drawings, Body Diagrams and other Props: Role of props in investigative interviews. (*In* Kuehnle, K., *ed*. Connell, M. The evaluation of child sexual abuse allegations: A comprehensive guide to assessment and testimonty. New Jersey : John Wiley & Sons. 365-395p.)

POTGIETER, R. 2002. A model for the assessment of sexually abused children. *Child Abuse in South Africa*, 3(2):9-19,Oct.

RESOURCES AIMED AT THE PREVENTION OF CHILD ABUSE AND NEGLECT. www.rapcan.org.za/disclaimer/default.asp [Date of accessed: 3 May 2010]

SANTTILA, P., KORKMAN, J. & SANDNABBA, N.K. 2004. Effects of interview phase, repeated interviewing, presence of a support person, and anatomically detailed dolls on child sexual abuse interviews. *Psychology, Crime & Law*, 10(1): 21-35, Mar.

SATTLER, J.M. 1998. Clinical and Forensic Interviewing of children and Families: Guidlines for the Mental Health, Education, Pediatric, and Child Maltreatment Fields. San Diego : Jerome M Sattler, Publisher, Inc. .

SAYWITZ, K.J., GOODMAN,G.S. & LYON,T.D. 2OO2. Interviewing children in and out of court. (*In* Myers, J.E.B., *ed*. Berliner, L., Berliner, L., Briere, J., Hendrix, C.T., Jenny, C. & Reid, T.A. The APSAC Handbook on Child Maltreatment. 2nd ed. London : Sage Publications. 349-378p.)

SAYWITZ, K.J., LYON,T.D. & GOODMAN,G.S. 2011. Interviewing children. (In Myers, J.E.B., ed. The APSAC Handbook on Child Maltreatment. 3rd ed. London: Sage Publications. 337-360p.)

SORENSEN, T. & SNOW, B. 1991. How children tell: The process of disclosure in child sexual abuse. *Child Welfare*, 70:3-15.

STEENKAMP, L. 2011. Gety draai, maar SA bly gevaarlik. *Beeld*: 4, Sept. 9.

THIERRY,K.L., LAMB, M.E., ORBACH, Y. & PIPE, M.-E. 2005. Developmental differences in the function and use of anatomical dolls during interviews with alleged sexual abuse victims. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, 73(6):1125-1134, Jun.

VAN DER WALT, S. & STEENKAMP, L. 2011. Misdaad af “Danksy harde werk en goeie leiers”. *Beeld*: 1, Sept. 9.

WILLCOCK, E., MORGAN, K., 7 HAYNE, H. 2006. Body maps do not facilitate children’s reports of touch. *Applied Cognitive Psychology*: 607-615.

# AFDELING C

# ARTIKEL 2

## EVALUERING VAN DIE SISTEMATIESE AANRAKINGSEKSPLORASIE AS FORENSIESE ASSESSERINGSTEGNIEK

CGJ Phillips is ŉ Meestersgraadstudent aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) en is werksaam as ŉ maatskaplike werker by die SAPD.

Prof CC Wessels, is verbonde aan die Skool vir Psigososiale Gesondheidwetenskappe, van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom-kampus).

**ABSTRACT**

**In this article the utilization of the "Touch Survey" as a forensic assessment technique was studied and evaluated. The research was undertaken by studying a case study where this technique was utilized. Officials of the department of Justice, which included magistrates and prosecutors, as well as social workers working in the forensic field, were interviewed. During the interviews the "Touch Survey" was evaluated by the participants. This article aims to guide professionals who interview the sexually abused child in respect of utilizing the "Touch Survey" as a forensic assessment technique.**

**Key terms:** Touch Survey, sexual abuse and expert witness.

### 1. INLEIDING

Die impak van ŉ swak forensiese assessering van ŉ kind kan verreikende gevolge in die hof hê. Om die negatiewe gevolge te voorkom moet huidige forensiese assesseringstegnieke voortdurend ondersoek, hersien en verbeter word (Cronch et al., 2005:196).

Die navorser het tot die gevolgtrekking gekom dat forensiese assesseringstegnieke indringende ondersoek moet word. Vir die doel van hierdie ondersoek het die navorser die sistematiese aanrakingseksplorasie forensiese assesseringstegniek uitgesonder.

## 2. PROLEEMSTELLING

Die assessering van kinders wat na bewering seksueel misbruik is, het oor die laaste dekade wêreldwyd meer gespesialiseerd geraak. Waarom assesserings meer gespesialiseerd raak, kan toegeskryf word aan die feit dat howe veel meer gesteld is op "evidance-based practice". Assesseringstegnieke moet dus wetenskaplik gefundeerd wees alvorens dit in die howe aanvaar word (Cronch et al., 2005:196).

Toenemend meer kinders word tans ook aan seksueel eksplisiet visuele beelde op die televisie, films en DVD's blootgestel. Selfs die gevorderde tegnologie van selfone bied aan kinders toegang tot seksueel visuele inligting deur "SMS"- en "MMS"-boodskappe (Fouché, 2006:205). Seksuele misbruik van kinders en die wyses waarop dit kan plaasvind, het ook baie verander en is kinders dus meer blootgestel.

Die Sub-Sahara-streek waarby Suid-Afrika ingesluit is, maak 10% van die wêreldbevolking uit. 'n Totaal van 25,8 miljoen mense wat hier woon, is met MIV geïnfekteer, waarvan 6 miljoen in Suid-Afrika woon, wat beskou word as die land met die hoogste MIV/VIGS-syfer (Green, 2005:1). In Suid-Afrika word kinders veral as gevolg van hierdie MIV-pandemie en ander seksueel oordraagbare siektes gebombardeer met meer gevorderde seksuele onderrig as in die verlede (Fouché, 2006:205).

Teen hierdie agtergrond van sosiale verandering, tegnologiese groei en 'n toename in die hoeveelheid sake rakende seksuele misbruik wat aangemeld word, word al hoe meer van hierdie sake verwys na professionele persone wat oor die nodige kennis en vaardighede beskik om forensiese assesserings te doen. De Voe en Faller (1999:218) is van mening dat die wyse waarop hierdie onderhoud tydens die forensiese assessering gedoen word, dikwels die belangrikste komponent van die ondersoekproses is. Daarom is dit uiters noodsaaklik dat die forensiese assessering wetenskaplik gefundeerd moet wees.

Volgens Müller (2001:8) is die doel van die forensiese assesserings "... to obtain a truthful account from the child in a manner which will best serve the interests of the child while at the same time being legally acceptable". Ten opsigte van die voorafgenoemde is dit belangrik dat seksuele misbruik inligting tydens assessering met die kind nie gekontamineer moet word nie. Kontaminasie word veroorsaak deur tegnieke wat swak deur professionele persone aangewend word en derhalwe die

kind se geheue ten opsigte van gebeure rakende seksuele misbruik twyfelagtig laat voorkom (Müller, 2001:12).

Pipe et al. (2002:161) is van mening dat jong kinders met behulp van toepaslike tegnieke volllediger verklarings kan aflê. Aangesien jong kinders se taalontwikkeling soms beperk is, kan hulle baat vind daarby om gebeure byvoorbeeld op 'n skoon papier te teken tesame met die verbale verklaring. Pipe et al. (2002:165) noem dat indien tegnieke toepaslik aangewend word, dit die kind se herroeping van trauma-inligting kan verhoog, sonder dat dit die akkuraatheid of betroubaarheid van die verklaring beïnvloed. Gesien vanuit 'n forensiese perspektief is die kritieke vraag dus of forensiese assesseringstegnieke wel die volledigheid van die kind se verbale verklaring aanvul.

Geen navorsing kon opgespoor word wat in Suid Afrika uitgevoer is oor die evaluering van die sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek nie. Die regsisteem in Suid-Afrikaanse eis empiriese navorsing (evidence based) alvorens 'n tegniek aanvaar kan word. Hierdie artikel fokus op die evaluering van een van hierdie tegnieke, naamlik die sistematiese aanrakingseksplorasie.

Uit die voorafgaande is die volgende navorsingsvrae geformuleer:

- Wat is die kennis- en oortuigingsvlak van maatskaplike werkers wat in die forensiese veld werk ten opsigte van die sistematiese aanrakingseksplorasie as 'n forensiese assesseringstegniek?
- Wat is die kennis- en die oortuigingsvlak van justisie-amptenare ten opsigte van die sistematiese aanrakingseksplorasie as 'n forensiese assesseringstegniek?
- Wat is die waarde van die sistematiese aanrakingseksplorasie as forensiese assesseringstegniek tydens assessering met die seksueel misbruikte kind?

## 3 DOELSTELLING EN DOELWITTE

Hierdie ondersoek is uitgevoer deurdat die volgende doelstelling en doelwitte ondersoek is.

### 3.1 DOELSTELLINGS

Die primêre doel van hierdie ondersoek was om die sistematiese

aanrakingseksplorasie as ŉ forensiese assesseringstegniek te evalueer.

## 3.2 DOELWITTE

Om die doel van hierdie ondersoek te bereik is die volgende doelwitte geformuleer:

* om deur middel van ŉ literatuurstudie en empiriese ondersoek vas te stel wat die kennis- en die oortuigingsvlak van die maatskaplike werkers is wat in die forensiese veld werk, rakende die benutting van die sistematiese aanrakingseksplorasie as ŉ forensiese assesseringstegniek;

* om deur middel van ŉ literatuurstudie en empiriese navorsing vas te stel wat die kennis- en oortuigingsvlak van justisie-amptenare is ten opsigte van die sistematiese aanrakingseksplorasie as ŉ forensiese assesseringstegniek; en

* om aan die hand van ŉ gevallestudie die sistematiese aanrakingseksplorasie te evalueer.

## 4. SENTRALE TEORETIESE STELLING

Die evaluering van die sistematiese aanrakingseksplorasie sal nie alleen kennis rakende die tegniek verhoog nie, maar ook die bruikbaarheid van die tegniek. Indien daar riglyne bestaan ten opsigte van die benutting van hierdie tegniek sal dit die maatskaplike werker in staat stel om doeltreffende forensiese assesserings tydens ondersoeke na seksuele misbruik uit te voer.

## 5. NAVORSINGSMETODOLOGIE

Die metode wat gevolg is, is ŉ literatuurstudie en ŉ empiriese ondersoek.

## 5.1 LITERATUURSTUDIE

Fouché en Delport (2011:134) beskryf die doel van ŉ literatuurstudie as dat dit moet bydra tot ŉ beter begrip van die aard en betekenis van die probleem wat geïdentifiseer is. Fouché en Delport (2011:133) noem verder dat die literatuurstudie nie net in een fase van die navorsing voltooi word nie maar deurlopend gedoen word namate die navorser nuwe vrae stel en kwessies ontstaan, wat bykomstige literatuurondersoek verg. Literatuur vir hierdie ondersoek is bekom van die terreine van maatskaplike werk, sielkunde en kriminologie. Verskeie boeke en vaktydskrifte uit laasgenoemde velde is bestudeer. Verskeie databasisse van die Ferdinand

Postma Biblioteek is gebruik vir die ondersoek. Die databasisse Ebscohost, SAePublications, Internet en Ferdikat is benut.

## 5.2 EMPIRIESE ONDERSOEK

Hierdie navorsing is uitgevoer ooreenkomstig die volgende aspekte:

### 5.2.1 Navorsingsontwerp

Die empiriese ondersoek is uitgevoer deur middel van die kwalitatiewe navorsingsbenadering. Creswell (2003:18) is van mening dat kwalitatiewe inligting primêr ingesamel word om temas te ontwikkel. Die navorser soek na die betekenis van ŉ verskynsel deur die belewenisse en menings van die deelnemers te benut (Creswell, 2003:20).

In hierdie beskrywende navorsing word gepoog om feite te ontdek of om die realiteit te beskryf (Monette et al. 2005:5). Volgens Creswell (2003:30) is een van die hoofredes vir die uitvoer van ŉ kwalitatiewe studie, die eksplorering van die onderwerp. Dit beteken dat daar nie veel oor die onderwerp geskryf, is wat bestudeer kan word nie. Die navorser luister na die deelnemers en bou kennis op oor die onderwerp wat op hulle idees gebaseer is.

Volgens Fouché en Schurink (2011:327) voorsien die kwalitatiewe navorsingsontwerp nie aan die navorser ŉ resep of plan wat stap vir stap gevolg moet word nie. Hierdie manier van navorsing het geen vasgestelde ontwerp nie en is dus buigsaam.

### 5.2.2 Deelnemers

Tydens die ondersoek is daar gebruik gemaak van die nie-waarskynlikheidseleksie tipe steekproef waarin die doelgerigte steekproeftrekking benut is. Strydom en Delport (2011**b**:391) is van mening dat die kwalitatiewe navorser die individu uitsoek waar die spesifieke proses wat bestudeer word, die waarskynlikste gaan voorkom. Die doel van die navorser se keuse van die steekproef in kwalitatiewe navorsing is hoofsaaklik die insameling van die beste inligting. Die navorser het tien respondente geselekteer uit twee verskillende velde, naamlik maatskaplike werk en die regsveld. Semi-gestruktureerde onderhoude is met die deelnemers gevoer. Die respondente het bestaan uit vyf maatskaplike werkers in die forensiese veld en vyf justisie-amptenare wat landdroste en staatsaanklaers ingesluit het. Tydens die onderhoude

is die sistematiese aanrakingseksplorasie as forensiese assesseringtegniek geëvalueer.

Vir die doel van hierdie navorsing is ŉ gevallestudie ook bestudeer. Volgens Strydom en Delport (2011**b**:392) word ŉ spesifieke geval tydens die doelgerigte steekproeftrekking benut omdat dit sekere eienskappe of prosesse van die studie verduidelik. Hierdie tipe steekproeftrekking berus geheel en al by die navorser se oordeel. Flick (2006:141) beskryf die doel van die gevallestudie as die presiese beskrywing of rekonstruksie van ŉ saak. Die term "geval" het ŉ wye betekenis, dit kan mense, sosiale gemeenskappe, organisasies en instansies insluit. Fouché (2005:272) beskryf die gevallestudie as ŉ eksplorasie of indiepte-analise van ŉ sisteem met grense of ŉ enkele geval of veelvoudige gevalle oor ŉ tydperk heen. Die kriteria vir die seleksie van die gevallestudie moet wees dat dit die geleentheid bied om te leer.

Fouché en Schurink (2011:320) noem dat die strategiese waarde van ŉ gevallestudie daarin lê dat aandag gevestig moet word op dít wat uit ŉ enkele geval geleer kan word. Gravetter en Forzano (2003:175) beskryf die gevallestudie as ŉ verslag wat ŉ enkele individu beskryf. Dit sluit in die beskrywing van unieke karaktereienskappe en reaksies van die individu. ŉ Gevallestudie wat bekend is aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens is tydens hierdie navorsing benut om die sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek te evalueer.

### 5.2.3 Insameling van die inligting

ŉ Eenvoudige, selfopgestelde skedule is tydens die semi-gestruktureerde een-tot-een onderhoude benut. Volgens Greeff (2011:351) benut navorsers hierdie soort onderhoude om sodoende ŉ gedetailleerde indruk te vorm van deelnemers se kennis- en oortuigingsvlak rakende ŉ spesifieke onderwerp. Hierdie metode van inligtingsinsameling bied aan die navorser en die deelnemer ruimte vir buigsaamheid tydens die onderhoud. Greeff (2011:352) beskryf die onderhoudskedule as ŉ vraelys wat die navorser leiding gee tydens die voer van onderhoude.

Al die onderhoude is op video- of oudioband opgeneem en verbatim deur die navorser getranskribeer. Kwalitatiewe inligting is bekom deur ondersoek in te stel aangaande die kennis- en oortuigingsvlak van die deelnemers ten opsigte van die sistematiese aanrakingseksplorasie as ŉ forensiese assesseringstegniek. Greeff

(2011:359) noem dat die opname van onderhoude ŉ volledige rekord van die inligting meebring. Die navorser kan ook op die vordering van die onderhoud konsentreer, eerder as op die opname van die inligting.

ŉ Enkele gevallestudie wat bekend is aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens is by hierdie navorsing betrek. Die Suid-Afrikaanse Polisiediens se Eenheid vir Gesinsgeweld, Kindermishandeling en Seksuele Misdrywe het ŉ dossier geopen nadat ŉ klag gelê is dat pornografie van ŉ minderjarige dogter op ŉ rekenaar gevind is wat vir herstelwerk ingehandig is. Die dogter het geweier om enige verklaring aan die ondersoekbeampte af te lê. Hierdie saak is na die kantoor van die forensiese maatskaplike werker verwys om ŉ verklaring by die betrokke kind te bekom.

Hierdie ondersoek bevat inligting wat tydens forensiese assesseringsgesprekke met die dogter wat by die ondersoek betrokke was, ingesamel is. Die inligting weerspieël die slagoffer se gedrag tydens die gesprekke, asook haar reaksie tydens die bekendmaking van inligting met behulp van die sistematiese aanrakingseksplorasie as forensiese assesseringstegniek. Literatuur is bestudeer om verbande te lê met die inligting wat tydens die gevallestudie en onderhoude gevind is.

#### 5.2.4 Analisering en interpretering van inligting

Die doel van die analisering van inligting is om die geskrewe inligting te verstaan (Creswell, 2003:190). Schurink et al. (2011:397) beskou die analisering van data as ŉ proses om orde, struktuur en betekenis aan die massas ingesamelde inligting te gee. Poggenpoel (1998:336) noem dat die interpretering van inligting die kern van kwalitatiewe navorsing is. Analisering is ŉ strategie met die doel om die ingewikkelde geheelbeeld te neem en dit in dele te skei.

Schurink et al. (2011:397) noem dat kwalitatiewe navorsing ŉ hele spektrum van tegnieke insluit. Die kern daarvan is observasie, onderhoudvoering en die analisering van die dokument. Die doel van die kwalitatiewe navorsing is dat dit bevindinge moet oplewer. Hierdie soort navorsing verander die inligting in bevindings. Dit behels die vermindering van die massas onverwerkte inligting en die sifting van inligting wat betekenisvol is, van dié wat onbelangrik is.

Die identifisering van betekenisvolle patrone word benut om ŉ raamwerk saam te stel om die kern van die inligting bloot te lê. Deur die inligting te analiseer word orde geskep, en struktuur en betekenis ook aan die massa ingesamelde inligting gegee.

Daar is opgelet na frases in die deelnemers se onderhoude wat herhaal. Die temas in die onderhoude is met mekaar vergelyk om vas te stel of daar ŉ bindende faktor daarin voorkom. Schurink et al. (2011:410) is van mening dat dit ŉ proses is hierdie waartydens die inligting verminder word na ŉ kleiner meer hanteerbare stel temas.

Die navorser het die inligting verwerk deur die onderhoude persoonlik te transkribeer. Schurink et al. (2011:408) noem dat die navorser die transkripsie van die onderhoude wel persoonlik behoort te doen om insig deur middel van die verwerking van die inligting te ontwikkel en om ŉ "gevoel" te kry van die inligting as geheel. Tesch se benadering is gevolg vir die analisering van die data. Hierdie benadering word deur Poggenpoel (1998:343) beskryf en dié noem dat die analisering van data in agt stappe verdeel kan word. Dit sluit in:

(1) Die navorser behoort al die getranskribeerde inligting deur te lees. Sodoende kry die navorser ŉ "gevoel" van al die inligting. Die navorser se idees kan ook neergeskryf word.

(2) Die navorser selekteer enige een van die onderhoude. Terwyl die onderhoud gelees word, stel die navorser die vraag "Waaroor gaan dit?" en dink oor die onderliggende betekenis van die inligting. Die navorser teken gedagtes in die kantlyn aan wat by hom/haar opkom.

(3) Sodra hierdie taak afgehandel is, stel die navorser ŉ lys op van al die onderwerpe. Onderwerpe wat ooreenstem, word saam gegroepeer. Dit word in kolomme verdeel getitel hoof onderwerp, unieke onderwerp en oorblywende inligting.

(4) Die navorser neem die lys en bestudeer die data weer. Hierdie onderwerpe word verkort as kodes en die kodes word langs die toepaslike deel in die data geskryf. Die navorser gaan die voorlopige organiseringskema na om vas te stel of nuwe kategorieë en kodes op die voorgrond tree.

(5) Die navorser soek die mees beskrywende woorde vir die onderwerp en verander dit na kategorieë. Die navorser poog om die lys kategorieë te verminder deur onderwerpe wat met mekaar verband hou, saam te groepeer. Strepe word dan ook tussen die kategorieë getrek om die verbande aan te toon.

(6) Die navorser neem ŉ finale besluit oor die verkorting van elke kategorie en rangskik die kodes alfabeties.

(7) Die inligting wat by elke kategorie tuis hoort, word bymekaar gegroepeer en ŉ voorlopige analise word uitgevoer.

(8) Die navorser herkodeer bestaande inligting indien dit nodig blyk te wees.

Die temas in die onderhoude is met mekaar vergelyk om vas te stel of daar ŉ sentrale gedagte was wat hulle aan mekaar gebind het. Temas en patrone wat verband hou met die deelnemers se ervaringe is geïdentifiseer deur transkripsies van die onderhoude met mekaar te vergelyk. Schurink et al. (2011:428) is van mening dat temas die model is wat meestal tydens kwalitatiewe navorsing benut word. Die navorser kan die inligting struktureer en rangskik ten opsigte van betekenisvolle temas wat uit die ingesamelde inligting na vore gekom het.

De Vos (2005:337) noem dat die transkripsies in hul geheel verskeie keer gelees behoort te word. Die navorser moet haar/hom verdiep in die detail om sin te maak van die onderhoud as geheel voordat dit in kleiner dele onderverdeel word. Hoe meer dikwels die inligting gelees word, hoe meer patrone en kategorieë sal die navorser kan identifiseer. De Vos (2005:337) is van mening dat die identifisering van kategorieë, temas en patrone die kern van die analise van kwalitatiewe inligting uitmaak. Die navorser het opgelet na opvallende temas, die herhaling van idees of taal en patrone wat die deelnemers se kennis- en oortuigingsvlak saambind. Hierdie temas en kategorieë is per hand deur die navorser gekodeer.

Tydens die data analiseringsfase het die navorser die geldigheid, akkuraatheid en betroubaarheid van die inligting deur middel van triangulering getoets. De Vos (2005:361) is van mening dat "[t]he concept of triangulation is based on the assumption that any bias inherent in a particular data source, investigator and method would be neutralised when used in conjunction with other data sources, investigators and methods." Deur van triangulering gebruik te maak kan die sterkpunt van een prosedure die leemtes van die ander aanvul (Strydom & Delport (**a**), 2011:377). Tydens hierdie ondersoek is van onderhoude, ŉ gevallestudie en die literatuur gebruik gemaak.

Sekondêre analise is benut om die inligting wat ingesamel is, te analiseer en te interpreteer. Volgens Strydom en Delport (2011**a**:383) beteken sekondêre analise

die analisering van enige geskrewe stof wat inligting oor die verskynsel wat nagevors word, bevat. Die geskrewe stof van hierdie ondersoek sluit in die inhoud van die forensiese maatskaplike werker se lêer insake die benutting van die sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek. Transkripsies van die onderhoude wat as persoonlike dokumente geklassifiseer kan word, word ook by die ondersoek ingesluit.

ŉ Persoonlike dokument is volgens Strydom en Delport (2011**a**:378) "... human or personal documents in which the characteristics of somebody who is in some sense the author of the documents finds expression, so that through its means the reader of the document comes to know the author and his views of events with which the documents are concerned". Flick (2006:246) beskryf dokumente as "standardized artifacts, in so far as they typically occur in particular formats as notes, case reports, contracts, drafts, death certificates, remarks diaries, statistics, annual reports, certificates, judgments, letters and expert opinions". Die gevallestudie-dokumente wat in hierdie navorsing gebruik is, kan geklassifiseer word as amptelike dokumente van die staat, met beperkte toegang.

**5.2.5 Etiese aspekte**

Volgens Strydom (2011:115) moet die hele navorsingsprojek eties korrek uitgevoer word.

Aandag is aan die volgende etiese aspekte geskenk:

- Die dokument in die gevallestudie bevat eksplisiete en sensitiewe inligting insake seksuele misbruik van ‘n kind. Die dokument is nie aangewend om die kinderslagoffer bloot te stel nie. Strydom (2011:115) is van mening dat die grondliggende beginsel van navorsing dít is dat dit nie skade aan die deelnemers mag veroorsaak nie.

- Toestemming is skriftelik van die Suid-Afrikaanse Polisiediens ontvang om in hierdie ondersoek die gevallestudie te betrek. Die toestemmingsbrief is as Addendum aangeheg.

- Toestemming is skriftelik van die respondente in die onderhoude verkry om die inligting wat hulle tydens die navorsing met die navorser gedeel het, bekend te maak. Volgens Strydom (2011:117) is die skriftelike ingeligte toestemming ŉ noodsaaklikheid eerder as ŉ luukse of hindernis; en

- Hierdie projek is deur die Etiekkomitee van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) goedgekeur. Die verwysingsnommer is NWU-00027-09-S1. Volgens Strydom (2011:126) is hierdie Etiekkomitee die waghond wat toesig hou oor navorsingsvoorstelle rakende streng riglyne en prosedures voordat die navorser toegelaat word om met die navorsing voort te gaan.

## 6. BESPREKING VAN DATA VERKRY UIT DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Die hooffokus van hierdie ondersoek was om die sistematiese aanrakingseksplorasie as ŉ forensiese assesseringstegniek te evalueer. Die empiriese inligting sal weergegee word aan die hand van drie navorsingsdoelwitte, naamlik:

* om deur middel van ŉ literatuurstudie en empiriese ondersoek vas te stel wat die kennis- en oortuigingsvlak van maatskaplike werkers is wat in die forensiese veld werk, rakende die benutting van die sistematiese aanrakingseksplorasie as ŉ forensiese assesseringstegniek;

* om deur middel van ŉ literatuurstudie en empiriese navorsing vas te stel wat die kennis- en oortuigingsvlak van justisie-amptenare is ten opsigte van die sistematiese aanrakingseksplorasie as ŉ forensiese assesseringstegniek; en

* om aan die hand van ŉ gevallestudie die sistematiese aanrakingseksplorasie te evalueer.

### 6.1 WAT IS DIE KENNIS- EN OORTUIGINGSVLAK VAN MAATSKAPLIKE WERKERS WAT IN DIE FORENSIESE VELD WERK RAKENDE DIE BENUTTING VAN DIE SISTEMATIESE AANRAKINGSEKSPLORASIE AS ‘N FORENSIESE ASSESSERINGSTEGNIEK?

ŉ Antwoord op bogenoemde vraag is tydens onderhoude wat met behulp van ŉ onderhoudskedule met die deelnemers gevoer is, bekom. Die onderhoude van die vyf maatskaplike werkers wat in die forensiese veld werk, is op audio- en videoband opgeneem en deur die navorser getranskribeer. Die deelnemers se verbatim-inligting is met mekaar vergelyk en inligting wat herhaal het, is in temas ingedeel. Die navorser het die temas wat herhaal het, volgens kleure gekodeer. Op hierdie wyse kon die inligting wat in temas verdeel is, in hierdie artikel weergegee word.

Die maatskaplike werkers wat by hierdie onderhoude betrek is, het ŉ gemiddeld van

10 jaar ervaring in forensiese maatskaplike werk. Die navorser was van mening dat ervare forensiese maatskaplike werkers se kennis- en oortuigingsvlak deeglik sal wees ten opsigte van die sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek.

Om die eerste doelwit te bereik is die temas wat tydens die transkribering en kodering van die onderhoude geïdentifiseer is, bespreek. Die navorser het die volgende vraag as deel van die onderhoudskedule geformuleer, naamlik:

#### 6.1.1 Dra die deelnemers kennis van die sistematiese aanrakingseksplorasie as ŉ forensiese assesseringstegniek?

Hierdie vraag is eerstens gestel om te bepaal of die sistematiese aanrakingseksplorasie ŉ tegniek is wat bekend is onder maatskaplike werkers wat in die forensiese veld werk en tweedens of hierdie tegniek deur hulle toegepas word.

**Tema 1: Die sistematiese aanrakingseksplorasie is ŉ tegniek waarvolgens vraagstelling rakende seksuele misbruik ŉ aanvang kan neem**

ŉ Tema wat in die ingesamelde inligting geïdentifiseer is, is dat die *deelnemers wel vertroud is met die tegniek*, asook dat *al vyf die maatskaplike werkers hierdie tegniek* tydens assesserings met die kind wat moontlik aan seksuele misbruik blootgestel was, *benut*. Die deelnemers beskik dus oor ŉ grondige kennis van hierdie tegniek. Die respons was soos volg:

**"hierdie tegniek "screen" vir die moontlikheid of seksuele misbruik voorkom"**

**"dit is ŉ goeie tegniek om mee te begin voordat jy enige ander forensiese tegniek gebruik of spesifieke vrae oor seksuele misbruik vra"**

**"dit is ŉ eksplorasietegniek wat verskillende liggaamsaanraking eksploreer wat ek dikwels gebruik"**

**"dit is ŉ tegniek waarmee verskillende aanrakings geëksploreer word, aanvanklik nie-bedreigende aanrakings en later seksuele aanraking"**

Die deelnemers is van mening dat dit ŉ siftings tegniek is hierdie om te bepaal of die kind moontlik aan seksuele misbruik blootgestel was. Die deelnemers beskou dit as ŉ aanvangstegniek voordat direkte vrae oor seksuele misbruik gestel word. Connell (2009**b**:464) se navorsing sluit hierby aan deur te verduidelik dat die sistematiese

aanrakingseksplorasie-tegniek die soorte liggaamsaanrakings eksploreer waaraan die kind blootgestel word. Volgens Connell (2009**b**:464) behoort die tegniek benut te word voordat direkte vrae oor seksuele misbruik aan die kind gestel word.

**Tema 2: Sinvolle navorsing oor die sistematiese aanrakingseksplorasie is beskikbaar**

Die deelnemers se grondige kennis van hierdie tegniek word beklemtoon deurdat *almal vertroud is met die navorsing van Hewitt* wat hierdie tegniek oorspronklik ontwikkel het (Hewitt & Arrowood, 1994:31-43). Die respons was soos volg:

**"daar is navorsing wat baie mooi uiteensit hoe jy hierdie tegniek presies moet gebruik"**

**"ek gebruik Hewitt se navorsing om hierdie tegniek in die hof te verduidelik"**

**"Hewitt het hierdie tegniek jare terug ontwikkel en verwys ek altyd terug daarna"**

**" alhoewel Hewitt se navorsing bietjie oud is, is dit steeds baie sinvol"**

Nadat daar vasgestel is dat die maatskaplike werkers wat in die forensiese veld werk wel oor ŉ grondige kennisvlak rakende hierdie tegniek beskik, is ŉ verdere vraag vir die onderhoudskedule geformuleer, naamlik:

### 6.1.2 Wat is die oortuigings van maatskaplike werkers wat in die forensiese veld werk, rakende die benutting van die sistematiese aanrakingseksplorasie as ŉ forensiese assesseringstegniek?

Hierdie vraag is gestel om te bepaal wat die maatskaplike werkers se belewenisse was ten opsigte van die benutting van hierdie tegniek in die praktyk. Verskeie temas het tydens die deelnemers se onderhoude herhaal, naamlik.

**Tema 1: Dit is ŉ waardevolle tegniek om met die jong kind te benut**

Die deelnemers was van mening dat die sistematiese aanrakingseksplorasie ŉ *waardevolle tegniek is wat die kind bemagtig* om inligting weer te gee wat andersins nooit onder woorde gebring sou gewees het nie. Die deelnemers was van mening dat die kind soms nie die woordeskat, kennis of ervaringsveld het om ŉ verklaring oor seksuele misbruik af te lê nie. Die respons was soos volg:

**“dis ’n sinvolle tegniek om kinders te bemagtig wat nie die storie kan vertel nie”**

**“gee aan die kinders ’n geleentheid om te praat oor ervarings van misbruik waarvoor hulle nie die woordeskat, kennis of ervaringsveld het nie”**

**“dit is ’n eenvoudige tegniek wat kinders verstaan en geniet”**

**“die kind bied inligting oor seksuele misbruik wat sy andersins nooit sou gee nie”**

**“veral sinvol om te gebruik met kinders wat oor beperkte taal beskik”**

**“hierdie is ’n bruikbare tegniek omdat kinders konkreet dink en hierdie tegniek is iets wat hulle kan sien”**

Hierdie mening van die deelnemers sluit aan by dié van Pipe *et al.* (2002:161), naamlik dat jong kinders met behulp van toepaslike tegnieke meer volledige verklarings kan aflê, aangesien jong kinders se taalontwikkeling soms beperk is.

Die menings van die deelnemers hou verband daarmee dat hulle sukses behaal tydens forensiese assesserings waar hierdie tegniek benut word. Volgens die deelnemers se belewenisse bemagtig hierdie tegniek kinders wat oor beperkte woordeskat beskik om ’n verbale verklaring van seksuele misbruik te kan aflê. Die deelnemers was van mening dat die kinders met behulp van hierdie tegniek inligting gee wat hulle nooit in ’n vrye vertelling sou kon bekend maak nie. Volgens Hewitt (1999:227) gee die meeste kinders nie ’n uitgebreide, spontane vryvertelling van hulle seksuele misbruik nie. Volgens die deelnemers is hierdie tegniek kinder vriendelike. Kinders verstaan dit omdat die kind konkreet dink en die tegniek visueel is. Hewitt (1999:227) is van mening dat die fokus van die tegniek, naamlik tekeninge, minder intens deur die kind beleef word.

**Tema 2: Die tipe verhouding tussen die kind en die professionele persoon is belangrik**

Die sukses waarmee die tegniek benut word, word bepaal deur *die kwaliteit van die verhouding* tussen die professionele persoon en die kind. Die respons was soos volg:

**“die uitkoms van die tegniek hang af van die verhouding tussen die**

**professionele persoon en die kind"**

**"daar moet 'n vertrouensverhouding tussen jou en die kind wees voordat jy die tegniek gebruik"**

**"As die tegniek te gou benut word in die assessering, verloor dit effektiwiteit"**

**"die tegniek moenie te vroeg in die assessering gebruik word nie, want dit lei tot ontkenning"**

Die deelnemers was van mening dat hierdie tegniek effektief benut kan word slegs as daar reeds 'n hegte vertrouensverhouding tussen die kind en die professionele persoon bestaan. Tydsberekening vir die benutting van die tegniek is dus 'n aspek wat deur die deelnemers beklemtoon is.

Die voorafgaande sluit aan by Hewitt (1999:239) se mening, naamlik dat "[i]t is possible that administration of the Touch Survey without good rapport could further elevate the false negative bias of this interview".

**Tema 3: Ander inligting kom ook navore tydens die benutting van die sistematiese aanrakingseksplorasie**

Die deelnemers was van mening dat hierdie tegniek nie net op die seksuele misbruik van die kind fokus nie, maar ook *ander betekenisvolle inligting* bied**.**

Die respons was soos volg:

**"hierdie tegniek bied baie ander inligting ook oor grense, verhoudings en emosionele versorging"**

**"die tegniek kan aangepas word om ander maniere van misbruik ook te eksploreer"**

**"hierdie tegniek kan ook inligting oor ander tipes mishandeling na vore bring"**

Die deelnemers se mening is dat hierdie tegniek ook 'n baie goeie inligtingsbron is ten opsigte van inligting soos die grense in 'n gesin, verhoudings, emosionele versorging asook die dinamika van 'n gesin. Hewitt (1999:226) is van mening dat "[t]he Touch Survey screens for possible abuse in several areas: physical abuse, sexual abuse, and emotional abuse or neglect".

Dikwels vind seksuele misbruik nie in isolasie plaas nie en kom ander vorme van misbruik ook voor. Die voorafgaande sluit aan by die navorsing wat deur Hewitt (1999:226) onderneem is, wat daarop dui dat seksuele misbruik nie in isolasie plaasvind nie en dat dit belangrik is om te sif vir verskeie ander vorme van misbruik.

**Tema 4: Die tegniek word in die hof aanvaar**

ʼn Tema wat telkens herhaal het tydens die onderhoude is dat hierdie tegniek met *sukses in die hof benut* kan word. Die respons was soos volg:

**"die hof ontvang hierdie tegniek goed"**

**"ek gebruik hierdie tegniek dikwels as ek getuig in die hof"**

**"die landdros vra my rou data as bewysstuk as ek oor hierdie tegniek getuig"**

**"hierdie tegniek bied waardevolle uitkomste wat met sukses in die hof gebruik kan word"**

Die deelnemers se belewenis tydens die aanbieding van hierdie tegniek in talle hofsake waarin hulle getuig het, was dat die hof hierdie tegniek aanvaar. Die belewenisse van die deelnemers was dat hierdie tegniek se rou data ook aan die hof voorgehou kan word. Die voorsittende amptenaar kan die data op die hofrekord plaas. Volgens Hewitt (1999:227) voorsien die formaat van die tegniek ʼn konkrete rekord vir die kind se verklaring en kan die hof dit tydens getuienis as bewysstuk aanvaar.

## 6.2 WAT IS DIE KENNIS- EN OORTUIGINGSVLAK VAN JUSTISIE-AMPTENARE TEN OPSIGTE VAN DIE SISTEMATIESE AANRAKINGSEKSPLORASIE AS 'N FORENSIESE ASSESSERINGSTEGNIEK?

ʼn Antwoord op bogenoemde vraag is bekom tydens die onderhoude wat met die justisie-amptenare, wat landdroste en staatsaanklaers ingesluit het, gevoer is met behulp van ʼn onderhoudskedule. Die onderhoude is audio- en videoband opgeneem en deur die navorser getranskribeer. Die respondente se verbatim-inligting is met mekaar vergelyk en inligting wat by al vyf die deelnemers herhaal het, is in temas ingedeel. Die navorser het die temas wat herhaal het, volgens kleurkodes gekodeer. Op hierdie wyse kon die inligting maklik deur die navorser in temas verdeel en in

hierdie artikel weergegee word. Om die tweede doelwit te bereik word die temas wat tydens die transkribering en kodering van die onderhoude geïdentifiseer is, volgende bespreek.

Die navorser het die volgende vraag as deel van die onderhoudskedule geformuleer, naamlik:

### 6.2.1 Wat is die justisie-amptenare se kennisvlak ten opsigte van assesseringstegnieke?

Hierdie vraag is gestel om te bepaal wat die kennisvlak was van die deelnemers is ten opsigte van assesseringstegniek wat in die algemeen deur forensiese maatskaplike werkers benut word**.**

**Tema 1: Justisie-amptenare is onkundig oor forensiese assesseringstegnieke**

Die justisie-amptenare *dra wel kennis* daarvan dat assesseringstegnieke deur maatskaplike werkers in die forensiese veld benut word. Hulle is egter nie ingelig oor die besonderhede van hierdie tegnieke nie. Die respons was soos volg:

**"die 'sad thing' is dat landdroste geen idee het wat jy doen nie omdat hulle geen opleiding kry om tegnieke te verstaan nie, ek dink dit veroorsaak chaos oor die 'huge gap' in die hof"**

**"nee ek weet nie watter tegnieke word gebruik nie, ons is eintlik onkundig"**

**"ek neem aan jy gebruik tegnieke om die kind gemaklik te maak soos om prentjies te teken of om met poppe te speel"**

**"dis 'n hulpmiddel om met kinders te praat omdat kinders makliker wys as praat oor wat met hulle gebeur het"**

**"ek het oor die jare self geleer deur ondervinding tel jy dit op soos wat jy deur die maatskaplike werker se verslag lees of deur getuienis"**

Inligting wat herhaal het, is dat die deelnemers wel bewus is daarvan dat tegnieke deur maatskaplike werkers benut word. Die deelnemers se kennis oor watter tegniek benut word, was egter beperk. Die beperkte kennis insake die tegnieke is nie net beperk tot die sistematiese aanrakingseksplorasie nie maar beperk ten opsigte van alle forensiese assesseringstegnieke. Hierdie stelling sluit aan by Müller en Hollely

(2009:36) se mening dat die ondervraging van ŉ kindergetuie ŉ gespesialiseerde taak is waarvoor die regslui nie opgelei is nie. Scheepers (2006:15) noem ook in hierdie verband dat regsgeleerdes nie opgelei is in die gedrags- en sosiale wetenskappe nie.

**Tema 2: Die benutting van assesseringstegnieke is waardevol**

Alhoewel die deelnemers nie oor detail-kennis rakende die tegnieke beskik nie, was hulle van mening dat *tegnieke wel noodsaaklik is tydens die assessering van die kind*. Die respons was soos volg:

**"Forensiese assesseringstegnieke is positief, noodsaaklik en effektief"**

**"dis sinvol om tegnieke te gebruik omdat dit deel vorm van hoe die kind praat"**

**"tegnieke is waardevol"**

**"tegnieke moet gebruik word omdat kinders moeilik kommunikeer; hulle wys of teken makliker"**

**"as tegnieke gebruik word, is dit nie net ŉ blote herhaling van inligting nie"**

**"jy kan die kind nie soos volwassenes beoordeel nie, die kind kan nie net praat oor seksuele aspekte nie; daarom is tegnieke beter"**

Die deelnemers was van mening dat sommige kinders die seksuele misbruik nie kan verwoord nie maar wel kan demonstreer. Dit sluit aan by Faller (2007:111) se mening dat tegnieke dit vir die kind makliker maak om eerder deur middel van demonstrasie te kommunikeer as met woorde. Volgens die deelnemers is die benutting van tegnieke ŉ manier om die kind se getuienis te toets en gee dit ŉ aanduiding of die kind wel misbruik is. Hierdie mening van die deelnemers sluit aan by Faller (2007:113) wat noem dat indien valse verklarings afgelê is, die kind nie oor die vermoë beskik om seksuele misbruik met behulp van tegnieke te demonstreer nie.

Hulle belewenis is dat tegnieke kindervriendelik is en volgens die deelnemers besef die kind nie dat die doel van die gesprek is om feite (inligting) oor die seksuele misbruik te bekom nie. Die deelnemers se mening was dat kinders nie dieselfde beoordeel kan word as volwassenes nie, en dat die benutting van tegnieke tydens

gesprekke met die kind effektief is. Hierdie mening van die deelnemers sluit aan by empiriese navorsing wat bevind het dat kinders dikwels anders as volwassenes optree en dink (Kuehnle, 1996:49). Die deelnemers is van mening dat as tegnieke benut word, dit nie net ʼn blote herhaling van inligting is nie.

#### 6.2.2 Wat die oortuigings van die justisie-amptenare is rakende die benutting van die sistematiese aanrakingseksplorasie as ʼn forensiese assesseringstegniek

Daar is vasgestel dat die justisie-amptenare nie kennis dra van die sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek nie. Om hierdie struikelblok onder oë te sien is literatuur aan die amptenare beskikbaar gestel insake die sistematiese aanrakingseksplorasie as ʼn forensiese assesseringstegniek om te bestudeer. Die artikel van Hewitt en Arrowood (1994:31-43), ”Systematic touch exploration as a screening procedure for child abuse: a pilot study” wat in die “Journal of child sexual abuse” verskyn het, is aan elke deelnemer beskikbaar gestel om te bestudeer. Vervolgens is die deelnemers se verbatim-inligting wat getranskribeer is, met mekaar vergelyk en gekodeer waarna dit in temas ingedeel is. Die vraag is deur die deelnemers beantwoord met hierdie artikel as verwysing. Die volgende inligting en temas is tydens hierdie gesprekke geïdentifiseer:

**Tema 1: Bestaande literatuur oor die sistematiese aanrakingseksplorasie bevestig dat die tegniek met positiewe resultate nagevors is**

Die deelnemers het die *artikel van Hewitt en Arrowood* (1994:31-43) tydens die onderhoude bespreek en het die artikel *se bevindinge positief beleef*. Die respons was soos volg:

**“dit is uit die literatuur duidelik dat die effektiwiteit en veiligheid van die tegniek vasgestel is”**

**“hierdie tegniek is reeds goed nagevors met positiewe resultate”**

**“hierdie literatuur bied ʼn basis aan die hof waaroor gaan die tegniek en dat dit getoets is”**

**“die literatuur moet aan die hof gegee word om jou geloofwaardig te maak, ons ken nie die veld of die tegniek nie”**

**“dit bevestig jy suig nie die goed uit jou duim nie”**

Volgens die deelnemers is die literatuur oor die sistematiese aanrakingseksplorasie wat aan hulle beskikbaar gestel is, positief beleef. Hulle is van mening dat die navorsing die veiligheid en effektiwiteit van die tegniek beklemtoon.

**Tema 2: Die sistematiese aanrakingseksplorasie word met sukses tydens assesserings aangewend**

Volgens die deelnemers beskou hulle die sistematiese aanrakingseksplorasie as ŉ tegniek wat *suksesvol tydens assesserings met die kind* aangewend kan word. Die respons was soos volg:

**"hierdie tegniek maak die kind gemaklik om oor seksuele misbruik te praat**"

**"dit is ŉ effektiewe manier om met die kind te kommunikeer oor die 'topic' van seksuele misbruik"**

**"dis 'brilliant'. Ek hou veral van die teken-aspek omdat dit kindervriendelik is"**

**"die kind kan wys met watter aanrakings sy gemaklik of ongemaklik voel"**

**"hierdie tegniek lê nie woorde in die kind se mond nie, die kind sal nie iets sê wat nie gebeur het nie en dit het ŉ oulike, goeie aanloop tot seksuele kontak"**

**"die tegniek is nie leidend vir die kind nie omdat daar nie van die begin af op die laaste prent gefokus word nie"**

Die deelnemers is van mening dat die sistematiese aanrakingseksplorasie ŉ effektiewe tegniek is om kinders te assesseer. Volgens die deelnemers stel die tegniek die kind op haar/sy gemak om makliker oor seksuele misbruik te kan praat. Faller (2007:76) het in haar navorsing bevind dat die sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek kinders in staat gestel het om inligting rakende seksuele misbruik bekend te maak. Die kind word in staat gestel om ŉ normale en eerlike reaksie op die oop vraag oor genitale aanraking te gee.

Die deelnemers meen dat dit ŉ eenvoudige, kindervriendelike tegniek is wat maklik deur die kind verstaan en geïnterpreteer kan word. Die teken-aspek van die tegniek het byval gevind by die deelnemers. Die mening was dat hierdie tegniek nie woorde in die kind se mond lê nie en dat die kind dus nie iets sal beskryf wat nie gebeur het nie. Die tegniek laat ruimte vir die kind om in sy eie woorde te antwoord, en daar

word nie dadelik op die seksuele misbruik gefokus nie. Die aanloop van hierdie tegniek tot die seksuelemisbruik-kontak is volgens die deelnemers ŉ proses wat binne konteks beoordeel moet word.

Die deelnemers was van mening dat dit ŉ informele en gerieflike formaat is om seksuelemisbruik-eksplorasie te benader. Hewitt (1999:226) is van mening dat hierdie formaat die fokus weg van ŉ emosionele, intense en direkte wyse van vraagstelling verplaas, na ŉ minder intense wyse. Die professionele persoon moet egter steeds versigtig wees met voorsê-vraagstelling aan die kind. Die resultate van die tegniek met kinders word as eerlik deur die deelnemers beleef. Die oortuiging van die justisie-amptenare is dat die sistematiese aanrakingseksplorasie as ŉ forensiese assesseringstegniek met sukses tydens assesserings met kinders aangewend kan word. Hewitt (1999:239) het in haar navorsing gevind dat die sistematiese aanrakingseksplorasie die bruikbaarste hulpmiddel is om as siftingstegniek in sake met betrekking tot seksuele misbruik te gebruik.

**Tema 3: Die sistematiese aanrakingseksplorasie maak deel uit van die totale ondersoekproses.**

Volgens die deelnemers beskou hulle die sistematiese aanrakingseksplorasie as ŉ tegniek wat *deel moet uitmaak van die totale ondersoekproses.* Die respons was soos volg:

**"moenie die tegniek in isolasie gebruik nie"**

**"dit is ŉ enkele tegniek in ŉ proses"**

**"dit moet een van vele tegnieke wees"**

**"die uitkomste hang nie van een tegniek af nie"**

ŉ Tema wat tydens die onderhoude herhaal het, was dat hierdie tegniek nie in isolasie benut moet word nie maar deel moet uitmaak van ŉ totale ondersoekproses waarby verskeie ander tegnieke ook benut word. Myers (1992:23) is van mening dat een bevinding van seksuele misbruik nie genoeg is om dit in die hof te bewys nie. Bevindinge moet geïnterpreteer word binne die totale konteks van ŉ volledige en deeglike evaluasie. Die hele ondersoek behoort nie op hierdie tegniek gebou te word nie. Die mening van die deelnemers sluit aan by Brown en Lamb (2009:317) wat in

hulle navorsing noem dat dit nie geskik is om slegs ŉ enkele tegniek tydens die assessering van die seksueel misbruikte kind te benut nie. Die deelnemers was van mening dat hierdie tegniek rigting kan gee aan die maatskaplike werker se ondersoekproses. Hierdie tegniek kan positief tydens die aanvangsfases van seksuelemisbruik-ondervraging benut word. Die deelnemers was van mening dat as daar slegs van vraagstelling tydens onderhoude gebruik gemaak word, soos die justisie-amptenare dikwels doen, die kind beperkte inligting gee.

**Tema 4: Die sistematiese aanrakingseksplorasie word tydens getuienis in die hof aanvaar**

Volgens die deelnemers beskou hulle die sistematiese aanrakingseksplorasie as ŉ tegniek wat *suksesvol tydens getuienis in die hof* aangewend kan word. Die respons was soos volg:

**"dit is ŉ eenvoudige tegniek wat maklik verstaan en geïnterpreteer kan word deur die hof"**

**"is geskik en veilig vir hofdoeleindes omdat dit leidende vrae uitsluit"**

**"Ek sal hierdie tegniek in my hof aanvaar"**

**"hierdie tegniek kan doeltreffend in die hof aangebied word"**

Volgens die deelnemers se mening is die tegniek geskik en doeltreffend vir hofdoeleindes en word voorsê-vrae uitgesluit. Hewitt (1999:239) het voorgestel dat verdere navorsing oor die sistematiese aanrakingseksplorasie nodig is en noem dat "tracking the use of the survey in court cases would be helpful".

## 6.3 DIE EVALUERING VAN DIE SISTEMATIESE AANRAKINGSEKSPLORASIE AS FORENSIESE ASSESSERINGSTEGNIEK DEUR MIDDEL VAN 'N GEVALLESTUDIE

## GEVALLESTUDIE: TESSA

### 6.3.1 Inleiding

ŉ Dossier word geopen by die gesinsgeweld, kindersmishandeling en seksuele misdrywe-eenheid (GKS) van die SAPD geopen nadat pornografie van Tessa op ŉ rekenaar gevind is. Daar word vasgestel dat die rekenaar aan Tessa se pleegvader

behoort het. Tessa het geweier om ŉ verklaring by die ondersoekbeampte van (GKS) rakende die pornografie waarop sy verskyn, af te lê. Die ondersoekbeampte het Tessa se saak vir ŉ forensiese ondersoekproses verwys. Die opdrag aan die forensiese maatskaplike werker was om ŉ verklaring by Tessa te bekom.

**6.3.2 Agtergrond**

Tessa is die jongste van twee dogters. Sy en haar suster is ingevolge Art. 14(4) van die wet op Kindersorg, Wet 74 van 1983 uit die sorg van hul biologiese ouers verwyder. Die dogters is albei na die verwydering in pleegsorg geplaas. Tessa was ten tye van hierdie plasing drie jaar oud, en haar pleegouers is in werklikheid die enigste ouers wat sy ooit geken het.

Tessa was ses jaar lank in dieselfde pleegsorg-plasing. Verskeie maatskaplike werkers het in hierdie tydperk pleegouer-toesigdienste gelewer. Die maatskaplike werker wat laaste dienste gelewer het, het beweer dat die samewerking van die pleegouers swak was. Die pleegvader het byvoorbeeld die maatskaplike werker soms toegang tot die kind geweier en kontak met die biologiese ouers verhoed.

Tessa is op aanbeveling van die toesighoudende maatskaplike werker vir evaluerings geneem. Tessa het tydens hierdie evaluering geen seksuelemisbruik-inligting bekendgemaak nie. Die rekonstruksiedienste wat deur ŉ maatskaplike werker by Tessa se biologiese ouers gelewer is, was onsuksesvol, en haar pleegsorg-plasing is gevolglik telkens verleng.

Die opvoedkundige sielkundige wat Tessa geëvalueer het, het bevind dat sy kognitief beperk is. Daar is aanbeveel dat haar oë getoets moes word, waarna ŉ voorskrifbril aan haar voorgeskryf is. Daar is ook vasgestel dat Tessa gehoorgestremd is, waarna sy ŉ gehoorstuk begin dra het. Tessa se gehoorgestemdheid het ŉ spraakprobleem meegebring, met die gevolg dat sy onduidelik gepraat het. Tessa se pleegouers het nie aandag geskenk aan haar uitvalle nie; gevolglik het skolastiese agterstande getoon. Fouché (2000:41) is van mening dat die kind wat verstandelik gestremd is of kognitiewe agterstand toon, ŉ groter risiko loop om seksueel misbruik te word.

Tessa se pleegvader was hoofsaaklik verantwoordelik vir haar versorging tuis, aangesien die pleegmoeder weens haar werksverpligtinge selde tuis was. Die pleegmoeder is ŉ onderwyseres en het beweer dat sy selde tuis was aangesien sy

verantwoordelikhede by die skool moes nakom. Tessa se sestigjarige pleegvader het sy eie besigheid van die huis af bedryf en het die meeste van sy tyd tuis deurgebring.

Die pleegvader het sy rekenaar vir herstelwerk ingeneem, waartydens die tegnikus pornografie van Tessa daarop gevind het. ŉ Klagte is gelê by die SAPD en die pleegvader op grond van die oortreding van die Film- en Publikasiewet (65/1996) gearresteer. Tessa het geweier om enige verklaring oor die pornografie waarop sy verskyn, af te lê. Die ondersoekbeampte het die saak na die kantoor van die forensiese maatskaplike werker verwys om ŉ verklaring by Tessa te bekom.

Tessa se regsposisie is ingevolge Art 34 van Wet 74 van 83 gewysig, en sy is in ŉ plek van veiligheid geplaas hangende ŉ volledige forensiese ondersoekproses. Tessa was tydens die aanvang van die forensiese ondersoek nege jaar oud.

### 6.3.3 Ondersoekproses

**Die ondersoekproses het soos volg daar uitgesien:**

**Onderhoude met Tessa:**

Tessa is tydens vyf onderhoude deur die forensiese maatskaplike werker van die SAPD geassesseer. Die eerste, tweede en derde onderhoude was benut om onder andere ŉ vertrouensverhouding met Tessa op te bou. Alhoewel Tessa met die forensiese maatskaplike werker gekommunikeer het, het sy tydens die eerste drie onderhoude geen inligting oor die seksuele misbruik onthul nie. Selfs tydens die benutting van die sistematiese aanrakingseksplorasie as forensiese assesseringstegniek in die tweede en derde onderhoud het Tessa geen trauma-inligting geverbaliseer nie.

By die navorsing van Hewitt (1999:238), wat die sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek ontwikkel het, is 42 kinders tussen die ouderdomme 4 en 8 jaar betrek. Die sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek is benut nadat hierdie kinders by ŉ volledige ondersoekproses betrek was en seksuele misbruik bevestig of weerlê is. Daar is bevind dat 29% van hierdie kinders seksuele misbruik tydens die benutting van die sistematiese aanrakingseksplorasie ontken het ten spyte daarvan dat die volledige ondersoek wel die misbruik bevestig het. In Tessa se geval was daar pornografie wat haar seksuele misbruik bevestig het. Hewitt (1999:238) noem in

haar navorsing dat daar geen "fals positives" gevind is nie. Sy het in haar navorsing bevind dat kinders nie seksuelemisbruik-inligting fabriseer tydens die benutting van hierdie tegniek nie.

Alhoewel Tessa die seksuele misbruik ontken het, was daar duidelike bewyse op die J88-vorm wat deur die mediese dokter voltooi is, dat vaginale penetrasie plaasgevind het. Tessa het ook tydens die eerste drie onderhoude geen melding gemaak van die pornografie wat van haar geneem is nie. Tessa se onderrapportering van haar seksuele misbruik bevestig Hewitt (1999:238) se stelling dat die sistematiese aanrakingseksplorasie bevooroordeeld is teenoor die kind wat onderrapporteer. Hierdie inligting is ooreenstemmend met Hewitt (1999:238) se navorsing waarin bevind is dat "... the screening procedure has a bias toward children underreporting."

Die forensiese maatskaplike werker het ŉ veilige periode voorgestel voor die aanvang van die vierde onderhoud met Tessa. In hierdie tydperk het Tessa geen kontak met haar pleegouers gehad nie. Potgieter (2001:41) is van mening dat ŉ gevoel van veiligheid belangrik is om die kind te help om ŉ onthulling oor die seksuele misbruik te maak. Indien die kind verwyder word uit die nabyheid met die beweerde oortreder sal die kind se vermoë om ŉ onthulling te maak verbeter (Potgieter, 2001:39). Die gevoel van veiligheid wat hierdie kind tydens die veilige periode ervaar, dra grootliks by tot die kind se vermoë om ŉ onthulling van die misbruik te maak. Dit maak dit makliker om ŉ volledige forensiese ondersoek te doen (Potgieter, 2001:40).

Tessa het twee weke lank geen kontak met die pleegouers gehad nie. Nadat daar ŉ periode was waarin Tessa veilig gevoel het, het sy tydens die vierde onderhoud, met die benutting van die sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek ŉ gedeeltelike onthulling gemaak. Tessa noem dat:

*"Pappa doen iets by my verkeerde plekkie"* (Verkeerde plekkie is die idiosinkratiese woord wat Tessa gebruik om haar genitalieë te benoem).

Hewitt (1999:239) noem in haar navorsing dat die inligting wat tydens die benutting van die sistematiese aanrakingseksplorasie deur die kind gebied word dalk net ŉ gedeeltelike onthulling insluit. Tessa het na die bekendmaking van die inligting op die vloer van die assesseringvertrek gaan lê, haar gesig verberg en verdere kommunikasie met die forensiese maatskaplike werker geweier.

Die assessering is na die onthulling getermineer as gevolg van Tessa se gevoelens van ongemak en magteloosheid wat deur die bekendmaking van die inligting meegebring is. Potgieter (2001:41) noem dat die kind in ŉ misbruiksituasie geloof verloor in moeders en vaders, in volwassenes, in hulle eie krag en ook in die menslikheid van die mensdom.

Volgens Wieland (1997:35) begin die seksuele misbruik in die familiekonteks gewoonlik met ŉ "grooming process". Die eerste fisiese kontak tussen die oortreder en die slagoffer is dikwels nie seksueel van aard nie. Die fisiese kontak breek die kind se grense en verdediging af en verhoog die kind se aanvaarding van die aanraking. Dit lei tot meer eksplisiete seksuele aanraking, wat die uiteindelike doel van die oortreder is (Weber, 2007:3).

*"Pappa het ŉ Brr-ding wat met batterye werk waarmee ek sy rug en skouers moet masseer"* ( Die oortreder het tydens die "grooming process" die kind versoek om hom te masseer met ŉ batterygedrewe masseertoestel. Die toestel is later deur die oortreder gebruik om die kind se genitalieë te stimuleer)

Sedert Tessa in pleegsorg geplaas is, is foto's gereeld van haar geneem deur haar pleegvader. Op die foto's was sy aanvanklik ten volle geklee. Op die pornografie was dit duidelik hoe die drie-jarige Tessa afgeneem is en hoe die foto's mettertyd meer eksplisiet geneem is hoe ouer sy geword het. Tessa is stelselmatig deur die pleegvader by geseksualiseerde spel betrek.

*"Hy vat kaal foto's van my as ons met die Brr-ding speel. Ek moet die Brr-ding by my verkeerde plek sit en ook by sy verkeerde plek"*

Weber (2007:2) beskryf "grooming" as ŉ proses wat begin as die oortreder ŉ teiken kies, hom verbind aan sy slagoffer of die slagoffer werf. Geheimhouding speel ŉ rol en ŉ emosionele band word deur middel van die fisiese kontak gesmee. Dit lei tot ŉ spesifieke tipe seksuele verhouding tussen die oortreder en die kind. Die kind ervaar later gevoelens van hulpeloosheid. Hierdie hulpeloosheid is dikwels duidelik sigbaar, selfs tydens die assesseringsgesprekke met hierdie kinders. Potgieter (2001:37) noem dat hierdie kinders dikwels hulle kop laat sak of hulle gesig probeer wegsteek in ŉ poging om die intensiteit van die hulpeloosheid te hanteer.

Die betrokke kind wat haar seksuele misbruik ses jaar lank geheim gehou het, het tydens die vierde assesseringgesprek ŉ gedeeltelike onthulling gemaak weens die

sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek. Tessa en die forensiese maatskaplike werker het ŉ hegte vertrouensverhouding gehad en sy het veilig gevoel. Hewitt (1999:239) is van mening dat "[i]t is possible that administration of the Touch Survey without good rapport could further elevate the false negative bias of this interview".

Sorenson en Snow (1991:12) beskryf die bekendmaking van seksuele misbruik as ŉ proses bestaande uit fases met unieke eienskappe; dit is nie ŉ eenmalige gebeurtenis nie. Bekendmaking van inligting oor ŉ tydperk heen is dus kenmerkend van kinders wat aan seksuele misbruik blootgestel is. Na die beperkte onthulling tydens die benutting van die sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek was Tessa in staat daartoe om ŉ volledige verklaring af te lê. Tydens die uitgebreide forensiese onderhoud in die vyfde sessie is die sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek weer benut. Tydens die benutting van die sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek het Tessa ŉ volledige onthulling gemaak van vaginale penetrasie, oraal-genitale misbruik asook die neem van pornografie deur haar pleegvader .

Ten spyte daarvan dat Tessa terapie ontvang het en voorberei was vir die hofverrigtinge was sy nie in staat daartoe om met behulp van ŉ tussenganger te getuig nie. Myers (2005:134) noem in die verband dat die regsisteem nie die kind kan beskerm sonder sy getuienis in die hof nie. Die beskuldigde is op grond van die pornografie en die forensiese maatskaplike werker se verslag en getuienis skuldig bevind. Die beskuldigde dien tans ŉ gevangenisstraf van 40 jaar uit. Tessa is nou 14 jaar oud en is in ŉ kinderhuis geplaas.

## 7. SAMEVATTING

Deur ŉ selfopgestelde skedule wat tydens individuele onderhoude benut is, is die kennis- en oortuigingsvlak van maatskaplike werkers en van justisie-amptenare ten opsigte van die sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek vasgestel.

Uit die ondersoek blyk dit dat die maatskaplikewerk-deelnemers wel vertroud is met hierdie tegniek en dit tydens ondersoeke benut. Al die maatskaplikewerk-deelnemers het aangedui dat hulle oortuig is daarvan dat hierdie tegniek waardevol is en effektief aangewend word in ondersoeke na seksuele misbruik. Hulle was van mening dat dit die kind werklik bemagtig om seksuelemisbruik-inligting bekend te maak.

Tydens die gesprekke met die justisie-amptenare het hulle aangedui dat hulle bewus

is daarvan dat assesseringstegnieke benut word. Hulle het egter aangedui dat hulle onkundig is oor hierdie tegnieke en ŉ gebrek aan opleiding op hierdie gebied ervaar. Hulle het geen kennis gedra van die sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek nie. Nadat navorsing oor hierdie tegniek aan hulle beskikbaar gestel is, wat hulle bestudeer het, was al die deelnemers oortuig daarvan dat hierdie tegniek doeltreffend in ondersoeke aangewend kan word. Die deelnemers het ook aangedui dat hulle sistematiese aanrakingseksplorasie as ŉ forensiese assesseringstegniek in die hof sal aanvaar. Die deelnemers het aangedui dat hierdie tegniek nie in isolasie benut moet word nie maar deel moet uitmaak van ŉ totale ondersoekproses.

Tydens die bestudering van die gevallestudie is die benutting van die sistematiese aanrakingseksplorasie as forensiese assesseringstegniek geëvalueer. Die inligting dui daarop dat hierdie tegniek nie die kind lei of voorsê nie. Die tegniek bemagtig die getraumatiseerde kind wat dit moeilik vind om ŉ verbale verklaring van seksuele misbruik af te lê.

Daar is ook bewys dat die sistematiese aanrakingseksplorasie bevooroordeeld is teenoor die kind wat onderrapporteer. Die kind wat met behulp van hierdie tegniek geassesseer word, fabriseer nie seksuelemisbruik-inligting tydens die benutting van hierdie tegniek nie. Die inligting wat tydens die benutting van die sistematiese aanrakingseksplorasie deur die kind gebied word, kan moontlik slegs ŉ gedeeltelike onthulling insluit. Indien die kind veiligheid ervaar en daar ŉ vertrouensverhouding tussen die kind en die professionele persoon bestaan, kan die kind makliker ŉ verklaring van moontlike seksuele misbruik aflê.

Die bevindinge van hierdie navorsingsartikel sal aan die professionele persoon wat die seksueel misbruikte kind assesseer, leiding gee ten opsigte van die benutting van die sistematiese aanrakingseksplorasie as forensiese assesseringstegniek.

## 8. GEVOLGTREKKINGS

Die doel van hierdie navorsing was om die sistematiese aanrakingseksplorasie as ŉ forensiese assesseringstegniek te evalueer.

Uit die bestudering van toepaslike literatuur en die empiriese studie is die volgende gevolgtrekkings gemaak, naamlik dat:

8.1 Die navorsing het bevind dat maatskaplike werkers wat in die forensiese veld

werk, kennis dra van die sistematiese aanrakingseksplorasie as forensiese assesseringstegniek, en dit ook benut. Hierdie professionele persone is bekend met die literatuur oor hierdie tegniek en is oortuig daarvan dat dit effektief tydens ondersoeke rakende seksuele misbruik aangewend kan word. Die eerste doelstelling, naamlik om vas te stel wat die kennis- en oortuigingsvlak van die maatskaplike werkers wat in die forensiese veld werk is ten opsigte van die sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek, is dus bereik.

8.2 Die tweede doelstelling naamlik wat die kennis- en oortuigingsvlak van justisie-amptenare ten opsigte van die sistematiese aanrakingseksplorasie is, is ook bereik. Die justisie-amptenare beskou die forensiese maatskaplike werker wat tegnieke benut as ŉ deskundige wat ŉ belangrike rol in die hof vervul. Die justisie-amptenare is van mening dat hulleself onopgelei is en dat hulle kennis van assesseringstegnieke soos die sistematiese aanrakingseksplorasie dus beperk is. Die justisie-amptenare is bewus daarvan dat forensiese assesseringstegnieke tydens die onderhoude met kinders benut word. Hulle beskou hierdie tegnieke as positief, noodsaaklik en effektief. Hulle beskou die sistematiese aanrakingseksplorasie as ŉ doeltreffende, kindervriendelike tegniek wat maklik in die hof geïnterpreteer en aanvaar sal word. Die deelnemers se oortuiging was dat hierdie tegniek wetenskaplik nagevors en objektief is en dus tydens hofsake benut kan word.

8.3 Die derde doelstelling, naamlik om aan die hand van ŉ gevallestudie die sistematiese aanrakingseksplorasie te evalueer is by hierdie gevolgtrekking ingesluit. Daar is bevind dat die kind wel seksuelemisbruik-inligting onderrapporteer. Die kind sal nie ŉ verklaring van seksuele misbruik maak as hy/sy onveilig voel of as daar nie ŉ vertrouensverhouding met die professionele persoon bestaan nie. Hierdie tegniek bemagtig die getraumatiseerde kind om misbruikinligting te onthul, al is dit aanvanklik slegs gedeeltelik.

Die sistematiese aanrakingseksplorasie is ŉ kindervriendelike en nie-bedreigende en nie-voorsêtegniek om te benut met die reeds getraumatiseerde kind wat weier om ŉ verklaring oor seksuele misbruik af te lê of dit net moeilik vind. Hierdie kinders het bystand nodig tydens die onthulling

van hulle misbruik in die vorm van ŉ goed nagevorste tegnieke, andersins laat dit die kind onbeskerm in situasies waar seksuele misbruik steeds kan voortduur.

Die primêre doel van hierdie studie, naamlik om die sistematiese aanrakingseksplorasie as ŉ forensiese assesseringstegniek te evalueer is suksesvol bereik.

## 9. AANBEVELINGS

* Meer navorsing moet onderneem word om die wetenskaplikheid en akkuraatheid van hierdie tegniek vir hofdoeleindes te bewys. Alle tegnieke moet aan die hand van navorsing, in die hof verdedig word.

* Meer empiriese steun is noodsaaklik om die bruikbaarheid, betroubaarheid en doeltreffendheid van hierdie tegniek as forensiese assesseringstegniek met die seksueel misbruikte kind te bewys.

* Hierdie assesseringstegniek behoort nie in isolasie gebruik te word nie, maar in kombinasie mat ander empiries gesteunde tegnieke wat deel uitmaak van die totale ondersoekproses.

* Die sistematiese aanrakingseksplorasie as tegniek in die ondersoekproses behoort deel uit te maak van ŉ protokol wat die professionele persoon volg wat die seksueel misbruikte kind assesseer.

* Om in die beste belang van die kind op te tree is altyd deurslaggewend daarom is opleiding en studie belangrik. Die professionele persoon moet op hoogte bly van nuwe navorsing en ontwikkeling ten opsigte van forensiese assesseringstegnieke.

## 10. BIBLIOGRAFIE

BROWN, D. & LAMB, M.E. 2009. Forensic Interviews with children. A two-way street: Supporting interviewers in adhering to best practice recommendations and enhancing children's capabilities in foresnic interviews. (*In* Kuehnle, K., *ed*. Connell, M. The evaluation of child sexual abuse allegations: A comprehensive guide to assessment and testimonty. New Jersey : John Wiley & Sons. 299-325p.)

CONNELL, M. 2009. The extended Forensic Evaluation. (*In* Kuehnle, K., *ed*. Connell, M. The evaluation of child sexual abuse allegations: A comprehensive guide to assessment and testimonty. New Jersey : John Wiley & Sons. 451-487p.)

CRESWELL, J.W. 2003. Research design: Qualitative, quantitative and mixed method approaches. 2nd ed. United States of America : Sage Publications.

CRONCH, L.E., VILJOEN, J.L., & HANSEN, D. J. 2005. Forensic interviewing in child sexual abuse cases: Current techniques and future directions. *Aggression and Violent Behavior:* 195-207, Jul. Availiable: ScienceDirect.

DE VOS, A.S. 2005. Qualitative data analysis and interpretation. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Strydom, H., Fouché, C.B & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 3rd ed. Pretoria : Van Schaiks Publishers. 333-349p.)

DE VOE, E.R. & FALLER, K.C. 1999. The characteristics of disclosure among children who may have been sexually abused. *Child Maltreatment,* 4(3):217-227, Aug.

FALLER, K. C. 2007. Interviewing children about sexual abuse: controversies and best practice. New York : Oxford University Press, Inc.

FLICK, U. 2006. An introduction to qualitative research. 3rd ed. London : Sage Publication.

FOUCHÉ, A. 2000. Speltegnieke in die assessering van die seksueel misbruikte swart kind. Pretoria : Universiteit Pretoria. (Verhandeling-MA) 135 p.

FOUCHÉ, A. 2006. Assessment of the sexually abused child. (*In* Spies, G. M., *ed*. Sexual abuse. Dynamics, assessment & healing. Pretoria : Van Schaik Publishers. 205-239p.)

FOUCHÉ, C.B. 2005. Qualitative research designs. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Strydom, H., Fouché, C.B & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 3rd ed. Pretoria : Van Schaiks Publishers. 267-273p.)

FOUCHÉ,C.B. & DELPORT,C.S.L. 2011. In-depth review of literature. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Strydom, H., Fouché, C.B & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaiks Publishers. 133-141p.)

FOUCHÉ,C.B. & SCHURINK, W. 2011. Qualitative research designs. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Strydom, H., Fouché, C.B & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 4th ed. Pretoria : Van Schaiks Publishers. 307-327p.)

GRAVETTER, F.J. & FORZANO, L.B. 2003. Research methods for the behavioral sciences. London : Thompson Wadsworth.

GREEFF, M. 2011. Information collection: interviewing. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Strydom, H., Fouché C.B & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 4th ed. Pretoria : Van Schaiks Publishers. 341-375p.)

GREEN, J. 2005. South Africa's HIV infection rate soars from 1% to 30%. *Pretoria News*: 1, Nov. 10.

HEWITT, S.K. & ARROWOOD, A.A. 1994. Systematic touch exploration as a screening procedure for child abuse: a pilot study. *Journal of child sexual abuse*, 3(2), 31-43.

HEWITT, S.K. 1999. Assessing allegations of sexual abuse in preschool children: understanding small voices. London : Sage Publications.

KUEHNLE, K. 1996. Assessing allegations of child sexual abuse. Sarasota: Professional Resource Press.

MONETT, D.R., SULLIVAN, T.J. & DE JONG, C.R. 2005. Applied social research: a tool for the human services. London : Thomas Brooks/Cole.

MÜLLER, K. 2001. Clinical and forensic interviews and the child witness. *Child abuse research in South Africa*, 2(2):8-14, Oct.

MÜLLER, K. & HOLLELY, K. 2009. Introducing the child witness. 2nd ed. Port Elizabeth : Printrite.

MYERS, J.E.B. 1992. Legal issues in child abuse and neglect. California : Sage Publications.

MYERS, J.E.B. 2005 Myers on evidence in child, domestic and elder abuse cases. New York : Aspen Publishers. .

PIPE, M-E, SALMON,K, & PRIESTLEY, G,K. 2002. Enhancing children's accounts: How useful are non-verbal techniques? ( *In* Westcott, H.L., *ed.* Davies, G.M. and Bull, R.H.C. Children's Testimony.John Wiley & Sons, Ltd. 161-174p.)

POGGENPOEL, M. 1998. Data analysis in qualitative research. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Strydom, H., Fouché, C.B., Poggenpoel, M. & Schurink, W. Research at grass roots: A primer for the caring professions. 1st ed. Pretoria : Van Schaiks Publishers. 334-353p.)

POTGIETER, R. 2001. A focus on the safety of the abused child and its implications for disclosure. *Child Abuse Research in South Africa*, 2(1):37-42, Apr.

SCHEEPERS, J. 2006. The role of the legal representative in sexual abuse cases. (*In* Spies, G. M., *ed*. Sexual abuse. Dynamics, assessment & healing. Pretoria : Van Schaik Publishers. 151-156p.)

SCHURINK, W. FOUCHÉ,C.B. & DE VOS, A.S. 2011. Qualitative data analysis and interpretation. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Strydom, H., Fouché, C.B & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 4th ed. Pretoria : Van Schaiks Publishers. 397-423p.)

SORENSEN, T. & SNOW, B. 1991. How children tell: The process of disclosure in child sexual abuse. *Child Welfare*, 70:3-15.

STRYDOM, H. 2011. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Strydom, H., Fouché, C.B & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 4th ed. Pretoria : Van Schaiks Publishers. 113-130p.)

STRYDOM, H. & DELPORT,C.S.L. 2011**a**. Information collection: document study and secondary analysis. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Strydom, H., Fouché, C.B & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 4th ed. Pretoria : Van Schaiks Publishers. 376-389p.)

STRYDOM, H. & DELPORT,C.S.L. 2011**b**. Sampling and pilot study in qualitative research. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Strydom, H., Fouché, C.B & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 4th ed. Pretoria : Van Schaiks Publishers. 390-396p.)

SUID-AFRIKA. 1983. Kinderwet 74 van1983. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1996. Film- en Publikasiewet 65 van 1996. Pretoria : Staatsdrukker.

WETTE *kyk* SUID-AFRIKA

WIELAND, S. 1997. Hearing the internal trauma. Thousand oaks : Sage Publications.

WEBER, G.M. 2007. Grooming Children for Sexual Molestation.

Htt://www/vachss.com/guest dispatches/grooming.html. [Date of access: 27 November ]2010.]

# AFDELING D

# SAMEVATTENDE BEVINDINGE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 1. INLEIDING

Ondersoek is gedoen deur verskeie assesseringstegnieke wat in die praktyk benut word, te identifiseer en te bespreek deur middel van ŉ literatuurstudie, asook die sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek aan die hand van kwalitatiewe navorsingsmetodes te evalueer. Kwalitatiewe navorsing is gedoen oor die kennis- en oortuigingsvlak van die deelnemers ten opsigte van die sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek.

## 2. SAMEVATTING

Tydens ŉ literatuurstudie is verskeie forensiese assesseringstegnieke wat tans in die praktyk benut word, geïdentifiseer. Vyf van hierdie tegnieke is in hierdie navorsing bespreek, naamlik die sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek, kognitiewe onderhoud, tekeninge, selektief anatomies gedetailleerde tekeninge en die selektief anatomies gedetailleerde poppe.

Deur ŉ selfopgestelde skedule wat tydens individuele onderhoude benut is, is die kennis- en oortuigingsvlak van maatskaplike werkers en justisie-amptenare ten opsigte van die sistematiese aanrakingseksplorasietegniek vasgestel. Uit die ondersoek blyk dit dat al die deelnemers oortuig is daarvan dat hierdie tegniek waardevol is en effektief aangewend kan word in ondersoeke rakende seksuele misbruik. Inligting wat tydens die bestudering van die gevallestudie en onderhoude ingesamel is, beklemtoon dat die kind tydens die benutting van die sistematiese aanrakingseksplorasie-tegniek werklik bemagtig word om inligting rakende seksuele misbruik bekend te maak.

## 3. GEVOLGTREKKINGS

Die ondersoek na forensiese assesseringstegnieke het beklemtoon dat navorsing die professionele persoon rig ten opsigte van die keuse van ŉ forensiese assesseringstegniek tydens die assessering van kinders wat moontlik aan seksuele misbruik blootgestel is.

Die ondersoek het bewys dat die maatskaplikewerk-deelnemers oor grondige kennis van die sistematiese aanrakingseksplorasie tegniek beskik. Die feit dat die deelnemers van Justisie se kennis ten opsigte forensiese assesseringstegnieke beperk is, is volgens die navorser ŉ leemte wat ondervang behoort te word deur opleiding aan hierdie persone. Die oortuigings van al die deelnemers was dat die sistematiese aanrakingseksplorasie ŉ tegniek is wat die kind werklik tydens assesserings bemagtig en dat dit met sukses in die hof benut sal kan word.

Die volgende gevolgtrekkings kan uit bogenoemde gemaak word:

- Wanneer die statistiek van die Suid-Afrikaanse Polisiediens betreffende die seksuele misbruik van kinders bestudeer word, is dit duidelik dat hierdie tipe misdade jaarliks toeneem.

- Hierdie verhoogde insidensie van seksuele misbruik plaas ŉ toenemende verantwoordelikheid op die professionele persoon wat betrokke is by forensiese assesserings. Daar word van hierdie persoon verwag om die hof as deskundige getuie by te staan ter identifisering en bevestiging van seksuele misbruik.

- Wetenskaplik gefundeerde forensiese assesseringstegnieke is noodsaaklik om hierdie assesserings effektief in die praktyk te doen. Hierdie tegnieke kan dan ook in die Suid-Afrikaanse howe aanvaar en regtelik verdedig word.

- Die meeste seksuele oortreders ontken dat hulle seksuele kontak met ŉ kind gehad het. Die kind se verklaring is dikwels die enigste bewyse dat die beweerde misdryf plaasgevind het. Die wyse waarop die assessering gedoen word, is dus ŉ kritieke komponent van die forensiese ondersoek.

- Seksuele misbruik vind meestal in die geheim plaas; daar is dus gewoonlik geen ooggetuies nie. Die kind kan dikwels nie ŉ verbale verklaring van die gebeure aflê nie. Empiries ondersteunde tegnieke wat tydens die assessering benut word, kan hierdie kinders in staat stel om ŉ verbale verklaring af te lê.

- Daar bestaan verskillende faktore wat die kind se openbaarmaking van seksuele misbruik negatief beïnvloed. Die jong kind se antwoorde op vry herroeping van inligting is dikwels kort en onvolledig. Vry herroeping is nie perfek nie en kontaminasie kan plaasvind deur suggestiewe of voorsê-vrae wat

gestel word. Assesseringstegnieke behoort by die assessering van jong kinders ingesluit te word, aangesien hierdie tegnieke aan die kind die geleentheid bied om ŉ onthulling te maak van moontlike seksuele misbruik.

- Deur slegs op vry herroeping of ŉ onderhoud tydens die assessering van die seksueel misbruikte kind staat te maak word daar nie werklik aansluiting gevind by die wêreld van die jong kind nie. Navorsing oor die geheue van jong kinders het bevind dat oopeinde-vrae aan kinders, waar vry herroeping van inligting verlang word, meebring dat hulle inligting minder spontaan herroep.

- Empiries ondersteunde forensiese assesseringstegnieke moet benut word sodat die sisteem nie hierdie kinders tydens die bekendmakingsproses in die steek laat nie. Tydens die onthulling van hul misbruik het kinders bystand in die vorm van goed nagevorste tegnieke nodig. Andersins laat dit die kind onbeskerm in situasies waar seksuele misbruik kan voortduur.

- Die forensiese assesseringstegnieke behoort egter nie in isolasie gebruik te word nie, maar moet deel uitmaak van die totale ondersoekproses. Een bevinding van seksuele misbruik is nie genoeg om dit in die hof te bewys nie. Bevindinge moet geïnterpreteer word binne die totale konteks van ŉ volledige en deeglike evaluering.

- Die professionele persoon moet egter nie verwag dat die tegnieke meer inligting gaan oplewer as die assesseringsvrae nie – dit moet eerder beskou word as ŉ bykomende wyse om die kind se verbale kommunikasie te bevorder.

- Forensiese assesseringstegnieke word beskou as ŉ hulpmiddel in ŉ poging om die waarheid te ontbloot. Die keuse en bruikbaarheid van forensiese assesseringstegnieke behoort bepaal te word ooreenkomstig die vraag of die tegnieke aan die hand van toepaslike navorsing in die hof verdedig kan word.

- Verskeie forensiese assesseringstegnieke is ondersoek en die professionele persoon kan aan die hand van hierdie navorsing ŉ ingeligte besluit neem ten opsigte van die keuse van tegnieke wat tydens die assessering benut word.

## 4. AANBEVELINGS

- Die professionele persoon wat met die seksueel misbruikte kind werk, benodig gespesialiseerde kennis in onder andere:

  - Kognitiewe ontwikkeling van die kind, wat spraak/taal, motoriese en perseptuele ontwikkeling insluit
  - Emosionele ontwikkeling van die kind
  - Gesinsdinamika in ondersoeke rakende seksuele misbruik
  - kinders se geheue en geheue-herroeping
  - Kennis oor die seksuele oortreder
  - suggestievatbaarheid
  - normale seksuele ontwikkeling van die kind
  - impak van seksuele misbruik op die kind
  - proses van bekendmaking
  - tegnieke wat tydens die forensiese assesserings toegepas kan word.

- Hierdie professionele persoon wat in die forensiese veld werk, behoort bekwaamheidgebaseerde onderrig ("competency-based education") te ontvang ten einde die tegnieke waarmee die seksueel misbruikte kind geassesseer word, effektief in die praktyk te kan toepas.

- Die professionele persoon wat seksueel misbruikte kinders assesseer, behoort oor die vermoë te beskik om 'n verhouding met 'n kind te kan opbou, en 'n atmosfeer te kan skep waarin maksimum inligting bekom kan word. Hierdie professionele persoon moet oor die nodige kennis, vaardighede en ondervinding beskik om met die seksueel misbruikte kind te kan werk.

- Dit is noodsaaklik dat meer navorsing oor die assesseringstegnieke deur individue gedoen moet word. Dit is ook van kritieke belang dat navorsing in hierdie verband binne die Suid-Afrikaanse konteks gedoen moet word. Die navorsing wat wel beskikbaar is, is meestal in ander lande uitgevoer.

- Sekere tegnieke, soos in hierdie navorsing bespreek, behoort deel uit te maak van 'n protokol wat die professionele persoon kan benut om die seksueel misbruikte kind mee te assesseer.

- Alle tegnieke moet aan die hand van navorsing in die hof verdedig kan word sodat die geloofwaardigeheid van die tegniek beklemtoon kan word. Daardeur verhoog dit die effektiwiteit en veiligheid waarmee die tegniek tydens assesserings benut kan word.

- Navorsing is dus deurlopend nodig om leiding aan die professionele persoon te gee ten opsigte van die geskiktheid van assesseringstegnieke. Die professionele persoon wat forensiese werk doen, moet 'n objektiewe en nie-veroordelende houding handhaaf ten opsigte van die ontwikkeling in die forensiese veld.

- Die professionele persoon moet op hoogte bly van die jongste navorsing en die ontwikkeling van forensiese assesseringstegnieke. Hierdie persoon behoort terugvoer konstruktief aan te wend en dienooreenkomstig te verander. Dit kan bereik word deur in te teken op wetenskaplike tydskrifte en die bywoon van kongresse oor die spesialiteitsgebied.

## 5. SLOTSOM

Indien daar riglyne is ten opsigte van die benutting van assesseringstegniek sal dit die maatskaplike werker in staat stel om doeltreffende forensiese assesserings tydens ondersoeke rakende seksuele misbruik te doen.

Navorsing sal die professionele persone bystaan in hulle keuse van forensiese assesseringstegnieke tydens die assessering van die seksueel misbruikte kind. Dit wat die kind sal bystaan ten opsigte van akkurate oordrag van ervarings van seksuele misbruik moet die beste praktyk aanvuur.

# SAMEVATTENDE BIBLIOGRAFIE

ALDRIDGE, J., LAMB, M.E., STERNBERG, K.J., ORBACGH, Y., ESPLIN, P.W., & BOWLER, L. 2004. Using a human figure drawing to elicit information from alleged victims of child sexual abuse. Journal of Consulting and Clinical Psychology, 72(2), 304-316.

AMIR, G. & LEV-WIESEL, R. 2006. Dissociation as depicted in the traumatic event drawings of child sexual abuse survivors: A preliminary study. The Arts in Psychotherapy, 34:114-123. [Date of access: 13 September 2010]

ANNUAL CRIME REPORT OF THE SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE. 2011. Crime information Management. 8 September. Pretoria. Http://intranet.saps.govza/ [Date of access: 09 September 2011]

BABBIE, E. & MOUTON, J. 2005. The practise of social research. Cape Town: Oxford University Press.

BROWN, D.A., PIPE, M.-E., LEWIS,C., LAMB, M., & Orbach, y. 2007. Supportive or suggestive: Do human figure drawings help 5- to 7- years-old children to report touch? *Journal of consulting and clinical Psychology*, 75, 33-42.

BROWN, D.A. & LAMB, M. E. 2009. Forensic Interviews with Children. (*In* Kuehnle, K., *ed*. Connell, M. The evaluation of child sexual abuse allegations: A comprehensive guide to assessment and testimonty. New Jersey : John Wiley & sons. p. 299-325.)

CARNES, C. N., NELSON-GARDELL, D., WILSON, C. & ORGASSA, U. C. 2001. Extended forensic evaluation when sexual abuse is suspected: A multisite field study. Child maltreatment, 6(3):230-242, Aug. Http://cmx.sagepub.com/cgi/content/adstrect/6/3/230 [Date of access: 16 March 2009]

CECI, S.J. & HEMBROOKE, H. 2008. Expert witnesses in child abuse cases. Washington : American Psychological Association.

CONNELL, M. 2009**a**. The Child Advocacy Center Model. (*In* Kuehnle, K., *ed*. Connell, M. The evaluation of child sexual abuse allegations: A comprehensive guide to assessment and testimonty. New Jersey : John Wiley & Sons. 423-449p.)

CONNELL, M. 2009**b**. The extended Forensic Evaluation. (*In* Kuehnle, K., *ed*. Connell, M. The evaluation of child sexual abuse allegations: A comprehensive guide to assessment and testimonty. New Jersey : John Wiley & Sons. 451-487p.)

CRESWELL, J.W. 2003. Research design: Qualitative, quantitative and mixed method approaches, 2nd ed. United States of America : Sage Publications, Inc.

CRONCH, L.E., VILJOEN, J.L., & HANSEN, D. J. 2005. Forensic interviewing in child sexual abuse cases: Current techniques and future directions. *Aggression and Violent Behavior:* 195-207, Jul. Availiable: ScienceDirect.

DE VOE, E.R. & FALLER, K.C. 1999. The characteristics of disclosure among children who may have been sexually abused. *Child Maltreatment*, 4(3):217-227, Aug.

DE VOS, A.S. 2005. Qualitative data analysis and interpretation. (*In* De Vos, A.S., *ed*. Strydom, H., Fouché, C.B & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 3rd ed. Pretoria : Van Schaiks Publishers. 333-349p.)

EVERSON, M.D. & BOAT, B.W. 1997. Anatomical dolls in child sexual abuse assessments: A call for forensically relevant research. *Applied cognitive psychology,* 11: S55-S74

FALLER, C.K. 2005. Anatomical Dolls: Their use in assessment of children who may have been sexually abused. *Journal of child sexual abuse*, 14(3):1-21.

FALLER, K. C. 2007. Interviewing children about sexual abuse: controversies and best practice. New York : Oxford University Press, Inc.

FLICK, U. 2006. An introduction to qualitative research. 3rd ed. London : Sage Publication.

FOUCHÉ, A. 2000. Speltegnieke in die assessering van die seksueel misbruikte swart kind. Pretoria : Universiteit Pretoria (Verhandeling-MA) 135 p.

FOUCHÉ, A. 2006. Assessment of the sexually abused child. (*In* Spies, G. M., *ed*. Sexual abuse. Dynamics, assessment & healing. Pretoria : Van Schaik Publishers. 205-239p.)

FOUCHÉ, A. & JOUBERT, J.M.C, 2009. Facilitating disclosure of child sexual abuse victims in the middle childhood: a seven-phase forensic interview protocol. *Acta Criminologica*, 22(2): 41-59.

FOUCHÉ, C.B. 2005. Qualitative research designs. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Strydom, H., Fouché, C.B & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 3rd ed. Pretoria : Van Schaiks Publishers. 267-273p.)

FOUCHÉ,C.B. & DELPORT,C.S.L. 2011. In-depth review of literature. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Strydom, H., Fouché, C.B & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaiks Publishers. 133-141p.)

FOUCHÉ,C.B. & SCHURINK, W. 2011. Qualitative research designs. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Strydom, H., Fouché, C.B & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 4th ed. Pretoria : Van Schaiks Publishers. 307-327p.)

GRAVETTER, F.J. & FORZANO, L.B. 2003. Research methods for the behavioral sciences. London : Thompson Wadsworth.

GREEFF, M. 2011. Information collection: interviewing. (In De Vos, A.S., ed. Strydom, H., Fouché C.B & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 4th ed. Pretoria : Van Schaiks Publishers. 341-375p.)

GREEN, J. 2005. South Africa's HIV infection rate soars from 1% to 30%. Pretoria News: 1, Nov. 10.

HEWITT, S.K. & ARROWOOD, A.A. 1994. Systematic touch exploration as a screening procedure for child abuse: A pilot study. Journal of Child Sexual Abuse, 3(2): 31-43.

HEWITT, S.K. 1999. Assessing allegations of sexual abuse in preschool children: understanding small voices. London : Sage Publications. .

HILTZ, B. & BAUER, G. 2003. Drawings in Forensic Interviews of Children. 16(3), 1-2p .

KEPPLER, V. & FOURIE, H. 2010. Daar is tog hoop. *Beeld*: 1, Sept. 30.

KUEHNLE, K. 1996. Assessing allegations of child sexual abuse. Sarasota: Professional Resource Press.

LARSSON, A.S. & LAMB, M.E. 2008. Making the most of information-gathering interviews with children. *Infant and Child Development*: 1-16, Jul.

LAWRENCE, B. & JANSE VAN RENSBURG, K. 2006. Assessment of the sexually abused child. (In Spies, G. M., ed. Sexual abuse. Dynamics, assessment & healing. Pretoria : Van Schaik Publishers. 127-150p.)

LYON, T.D. 2002. Speaking with children: Advice from investigative interviewers. *Handbook for the treatment of abused and neglected children*: 1-17, Oct.

MONETT, D.R., SULLIVAN, T.J. & DE JONG, C.R. 2005. Applied social research: a tool for the human services. London : Thomas Brooks/Cole.

MÜLLER, K. 2001. Clinical and forensic interviews and the child witness. *Child abuse research in South Africa*, 2(2):8-14, Oct.

MÜLLER, K. & HOLLELY, K. 2009. Introducing the child witness. 2nd ed. Port Elizabeth : Printrite.

MYERS, J.E.B. 1992. Legal issues in child abuse and neglect. California : Sage Publications.

MYERS, J.E.B. 2005 Myers on evidence in child, domestic and elder abuse cases. New York : Aspen Publishers.

MYERS, J.E.B. 2011. Proving Child Maltreatment in Court. (*In* Myers, J.E.B., *ed*. The APSAC Handbook on Child Maltreatment. 3rd ed. London : Sage Publications. 377-397p.)

NEUMAN, W.L. 2000. Social Research methods: Qualitative and quantitative approaches. London : Allyn and Bacon.

ODENDAL, F.F. & GOUWS, R.H., reds. 2005. Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. 5de uitg. Kaapstad : Perskor.

PIPE, M-E, SALMON,K, & PRIESTLEY, G,K. 2002. Enhancing children's accounts: How useful are non-verbal techniques? ( *In* Westcott, H.L., *ed.* Davies, G.M. and Bull, R.H.C. Children's Testimony.John Wiley & Sons, Ltd. 161-174p.)

PIPE, M-E. & SALMON, K. 2009. Dolls, Drawings, Body Diagrams and other Props: Role of props in investigative interviews. (*In* Kuehnle, K., *ed*. Connell, M. The evaluation of child sexual abuse allegations: A comprehensive guide to assessment and testimonty. New Jersey. John Wiley & Sons. 365-395p.)

POGGENPOEL, M. 1998. Data analysis in qualitative research. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Strydom, H., Fouché, C.B., Poggenpoel, M. & Schurink, W. Research at grass roots: A primer for the caring professions. 1st ed. Pretoria : Van Schaiks Publishers. 334-353p.)

POTGIETER, R. 2001. A focus on the safety of the abused child and its implications for disclosure. *Child Abuse Research in South Africa*, 2(1):37-42, Apr.

POTGIETER, R. 2002. A model for the assessment of sexually abused children. *Child Abuse in South Africa*, 3(2):9-19,Oct.

RESOURCES AIMED AT THE PREVENTION OF CHILD ABUSE AND NEGLECT. www.rapcan.org.za/disclaimer/default.asp [Date of accessed: 3 May 2010]

SANTTILA, P., KORKMAN, J. & SANDNABBA, N.K. 2004. Effects of interview phase, repeated interviewing, presence of a support person, and anatomically detailed dolls on child sexual abuse interviews. *Psychology, Crime & Law*, 10(1): 21-35, Mar.

SATTLER, J.M. 1998. Clinical and Forensic Interviewing of children and Families: Guidlines for the Mental Health, Education, Pediatric, and Child Maltreatment Fields. San Diego : Jerome M Sattler, Publisher, Inc.

SAYWITZ, K.J., GOODMAN,G.S. & LYON,T.D. 2OO2. Interviewing children in and out of court. (*In* Myers, J.E.B., *ed*. Berliner, L., Berliner, L., Briere, J., Hendrix, C.T., Jenny, C. & Reid, T.A. The APSAC Handbook on Child Maltreatment. 2nd ed. London : Sage Publications. 349-378p.)

SAYWITZ, K.J., LYON,T.D. & GOODMAN,G.S. 2011. Interviewing children. (In Myers, J.E.B., ed. The APSAC Handbook on Child Maltreatment. 3rd ed. London: Sage Publications. 337-360p.)

SCHEEPERS, J. 2006. The role of the legal representative in sexual abuse cases. (*In* Spies, G. M., *ed*. Sexual abuse. Dynamics, assessment & healing. Pretoria : Van Schaik Publishers. 151-156p.)

SCHMIDT, C.W.H. & RADEMEYER, H. 2010. Law of Evidence. Durban : Lexis Nexis

SCHURINK, W, FOUCHÉ, C.B. & DE VOS, A.S. 2011. Qualitative data analysis and interpretation. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Strydom, H., Fouché, C.B & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 4th ed. Pretoria : Van Schaiks Publishers. 397-423p.)

SORENSEN, T. & SNOW, B. 1991. How children tell: The process of disclosure in child sexual abuse. *Child Welfare*, 70:3-15.

STEENKAMP, L. 2011. Gety draai, maar SA bly gevaarlik. *Beeld*: 4, Sept. 9.

STRYDOM, H. 2011. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Strydom, H., Fouché, C.B & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 4th ed. Pretoria : Van Schaiks Publishers. 113-130p.)

STRYDOM, H. & DELPORT,C.S.L. 2011**a**. Information collection: document study and secondary analysis. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Strydom, H., Fouché, C.B & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 4th ed. Pretoria : Van Schaiks Publishers. 376-389p.)

STRYDOM, H. & DELPORT,C.S.L. 2011**b**. Sampling and pilot study in qualitative research. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Strydom, H., Fouché, C.B & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 4th ed. Pretoria : Van Schaiks Publishers. 390-396p.)

SUID-AFRIKA. 1983. Kinderwet 74 van1983. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1996. Film- en Publikasiewet 65 van 1996. Pretoria : Staatsdrukker

THIERRY,K.L., LAMB, M.E., ORBACH, Y. & PIPE, M.-E. 2005. Developmental differences in the function and use of anatomical dolls during interviews with alleged sexual abuse victims. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, 73(6):1125-1134, Jun.

VAN DER WALT, S. & STEENKAMP, L. 2011. Misdaad af "Danksy harde werk en goeie leiers". *Beeld*: 1, Sept. 9.

WEBER, G.M. 2007. Grooming Children for Sexual Molestation.

Htt://www/vachss.com/guest dispatches/grooming.html. [Date of access: 27 November 2010.]

WETTE *kyk* SUID-AFRIKA

WIELAND, S. 1997. Hearing the internal trauma. Thousand oaks : Sage Publications.

WILLCOCK, E., MORGAN, K., 7 HAYNE, H. 2006. Body maps do not facilitate children's reports of touch. *Applied Cognitive Psychology*: 607-615.

ZEFFERTT, D.T., PAIZES, A.P. & SKEEN, A. St. Q. 2003. The South African law of evidence. Durban : Lexis Nexis.